DIE PORSELEINKAT

MIKRO

In hierdie bundel word die titelverhaal en nog drie novelles gewy aan die nou reeds bekende Meraai en Mattewis Offer. Met fyn en raak humor teken Mikro die eenvoudige van hart—Meraai, met haar groot twyfel en hartseer, maar ook haar innige vreugde oor haar stil Mattewis.

Verrykend is die warmmenslike van Mikro se realisme as hy weer besoek bring aan Soetwater, en kuier-kuier stilstaan by die ou inwoners soos George Ulman, tant Bella Jurien en haar dogter, en oom Gielie Herrington.

Die Wa-As en Die Houtswaan was 'n welkome aanwins vir die Afrikaanse prosa. Die Porseleinkat sal sy plek waardig langs hulle inneem.

Stofomslag: Willie Jordaan

Mikro · Die Porseleinkat

MIKRO • DIE PORSELEINKAT

MIKRO

Die Porseleinkat

Sewe Skets-novelles

1955

NASIONALE BOEKHANDEL BPK.

Kaapstad · Bloemfontein

Johannesburg

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier
H—55

IN LIEFDE OPGEDRA AAN DIE
NAGEDAGTENIS VAN NANCY HERRINGTON
DIE KERRIE-KOEITJIE

Karakters en gebeurtenisse
is denkbeeldig en het geen betrekking
op bepaalde persone of omstandighede nie.
Dis net Nancy Herrington wat nie
denkbeeldig is nie

Inhoud

Die Porseleinkat	*1*
Soppenhoef	*33*
Uw Liefhebbende Eggenote	*59*
Die Agste van Aankomde Maand	*75*
Weerlig bo Soetwater	*101*
Bruidjie Dit en Bruidjie Dot	*133*
Nancy Herrington	*165*

DIE PORSELEINKAT

Dis die jaar 1945. Gonnakolk het baie van aanskyn verander vandat ons laas van hom gehoor het. Toe was hy nie veel groter as 'n beesplaas nie, miskien darem soos 'n beesplaas wat 'n klap van 'n dorpie weg het en ook nie weg het nie. Ons ken mos nog die Gonnakolk van ouds.

Gonnakolk was toe rustig en 'n mens het daar nie sonde en ongeregtigheid verwag nie en jy was ook reg. Sonde en ongeregtigheid was toe so skaars daar soos petrolrantsoenkaartjies in die oorlogsjare. Dit was daar, ja; want wys ons die plekkie waar daar nie onheile is nie. Maar dit was net skaars. Die ou dorpie het kwansuis 'n hoofstraat gehad, 'n breë stofstraat met peperbome wat met slap arms jou gedoriewaar net so tam gelyk het as die inwoners van Gonnakolk selwers. Dis nie op die hoofpad nie, as jy verstaan wat ons daarmee bedoel, en so het reisigers hier selde in die jare '30 aangedoen.

Ons praat van 'n hoofstraat, maar eintlik was daar geen ander strate nie, behalwe as jy die stofpaadjie na die put 'n straat wil noem. Die dorpie, met sy honderdtal huisies, het soos 'n snaar langs die een straat gelê, en dit was nie eens 'n reguit snaar nie, want daar by oom Sep Botes se huis het hy 'n kinkel gemaak om na die vaal bult te swaai.

Hier op Gonnakolk is alles vaal — van oom Selons Barnard se ooghare, as hy met die meel gewerk het, tot by ou Alwert Wessels

se donkies asmede die huisies, die straatjie en die bulte. En na 'n stofstorm in Augustusmaand was die peperbome ook vaal.

Maar dinge het in '45 skielik verander. Goeiste, nie die vaalte nie. Nee, dit sal nooit verander nie. Maar die munisipaliteit het skielik wakker geskrik, letterlik en figuurlik, erwe uitgemeet, water oopgeboor en die hoofstraat laat gruis en selfs ses ander straatjies uitgemeet en aangelê. Dit het tog te komieklik gelyk om die ses droë arms van die dorpie te sien. Gou het daar peperboompies, elk met sy omheining van goiing en negosieplanke, langs die paaie gestaan, staandakhuisies het hier en daar verrys, soos die prensipaal se huis skuins agter die kerk en die van die waterfiskaal daar doer naby die vaal bultjie. Ou mank Sarel Viljee het vir hom twee erwe gekoop en 'n kasteel laat bou, en as ons sê 'n kasteel, dan bedoel ons 'n huis wat 'n voorhuis, eetkamer, kombuis, spens en drie slaapkamers het.

Maar baie meer as dit. Mattewis Offer, tant Suffie Barnard se broer, het vir hom ook 'n erf in die nuwe aanleg gekoop, daar £35 voor betaal en self sy huisie gebou. Nou, Mattewis Offer, Meraai Botes se man, as julle nie weet van wie ons praat nie, se hande staan vir niks verkeerd nie. As ons dit sê, bedoel ons hy kamp vir die mense van die dorp en die distrik, is ploegbaas, timmerman, haarkapper en dresser van die mense se beeste.

Mattewis Offer dra deesdae 'n vos-rooi baard, want sy volksgevoel verplig hom om 'n baard te dra. Dat die ding vos-rooi is, is nie sy skuld nie. Die man is ses voet in sy sokkies, weeg deesdae 212 pond, word nog nie eens skimmel nie al is daar dan ook al 'n kraak of twee in sy gesig. Kyk na sy hande. Ai, Mattewis, jy het darem twee groot hande en twee stewige arms, goeters wat Meraai se hart nie gewoond aan kan raak nie, want aljimmers as sy die donshare op die voorarm sien, dan roetedoef die ou hart soos watter jong dingetjie s'n.

En Meraai is self nie meer 'n kind nie. Meraai was nooit mooi

nie en hier op die ouderdom van veertig, dit kan ook vier-en-veertig wees, want sy wil nie jok nie, is die bors nog net so plat soos vroeër, die bene maar bak (as 'n mens daarvan mag praat) en die twee puntige moesies sit nog net waar hulle altyd gesit het, naamlik die een aan die onderlid van die regteroog en die ander een koeël op die voorkop. Maar sy en Mattewis is nie meer alleen nie. Hede, nee. Daar is Elisabet, die oudste dogtertjie, en dan Maria en Klein Mattewis.

Mattewis en Meraai Offer se huis, hul eerste huisie, was die een net duskant die kinkel in die hoofstraat. Dis daardie platdak-huisie wat so effens tru van die straat af staan en dis nogal na aan die bultjie. Daar in daardie huisie met sy koel misvloer is Elisabet en Maria en Klein Mattewis gebore.

Maar nou, soos ons reeds gesê het, het Mattewis een van die nuwe erwe gekoop en self sy huis gebou. Dit het lank geneem — amper veertien maande. Mattewis en 'n jong het gemessel, Mattewis het die vloere ingesit, Mattewis en 'n jong het gepleister en die dak opgesit. Sondae het Meraai en hy na die huis gaan kyk en 'n mens sal sê hulle ken die huis nie. Sy haak dan by hom in en met 'n vreugde in haar hart, 'n vreugde wat amper te groot vir hierdie ou bose wêreld is, staan sy dan langs hom terwyl die drietjies om hul speel. Hulle was nou vyf: Mattewis en Meraai en Elisabet en Maria en Klein Mattewis.

Soos 'n mens by die voordeur inkom, is 'n portaaltjie van ses by ag (Meraai noem dit 'n lôbie) en dan stap jy in die eetkamer. Dis nie groot nie, maar dit is na Meraai se wens, want daar is 'n boog en twee pilare nes by die pastorie. Hulle slaapkamer lê op links, sommer tromp uit die eetkamer, en regs uit die lôbie is die gang met twee slaapkamers, die badkamer en kombuis. Plankvloere, hoor. Meraai is klaar met mis- en perskepitvloere.

Haar dierbare meubels is in die huis. Daar is 'n rottangsofa in die voorportaal, die opgestopte ratel wat Mattewis by oorlede

Barney Hekkies se vrou gekwansel het, die varing op sy staander en die pers fluweelgordyne, kompleet soos Sollie Lewinski in sy huis het. Swart Lewinski het 'n oulike eetkamerstel in sy winkel gehad met draaipote en biesiemat en 'n hoë leuning vir die stoele. Dit het hulle vir £97 gekoop. Dis van haar spaargeldjies. Ag, die kinders lyk so oulik op die stoele en 'n mens kan hulle glad nie agter die leuning sien sit nie, maar as jy nader kom, kan jy hulle tog deur die ogies van die rottang sien.

Haar hangkas is yslik groot en het in haar oorlede ma (ja, tant Betjie Botes is ook al dood) se vrykamer gestaan. In die middelstrook is daar nie minder as vyf laaie nie en weerskante van die laaie is daar die eintlike hangkaste. Dis van donker hout en rus op 'n groot voetstuk.

Nou ja, in hierdie huis woon hulle nou met die aanvang van ons verhale.

Mattewis kom by die groot hek in. Die sementpaadjie na hul stoep is onlangs gelê en nou kom hy maar altyd by die groot hek in en stap agter om na die kombuis.

„Hede, Mattewis, jy het my laat skrik. Dis mos nie vyfuur nie!" sê sy en hou haar mond omhoog om gesoen te word. Sy maak haar oë pottoe.

Mattewis pik sy pik.

„Ons moes draai. Jiems het skielik kerduks geraak en so is ons vroeg tuis. Môre val ons vroeër in," sê Mattewis en gaan op die kombuisstoel sit.

Meraai sal nie gesels nie. Sy sal Mattewis se groot koppie van die kombuisrak vat, dit met die doek afvee en dan Mattewis se koffie skink. Hulle is nou pa en ma en daarom kan hulle nie laf wees nie, te meer daar Klein Mattewis nou net by die agterdeur ingekom het. Maar Meraai kan nog nie aan haar Mattewis gewoond raak nie. As sy groot hande per ongeluk aan haar arm of, wie weet, haar gesig raak, dan suis haar ore sommer so. Kyk,

hy is groot en sterk en Mattewis vra nooit nie. Mattewis vat sommer, en dis soos 'n man moet maak as hy 'n man is. En dan is daar sy stap. Hy meet sy treë so af, stadig soos een wat baie tyd het en dan kraak daardie paar hoëkapstewels mos. Hy dra geen ander skoene nie. Waar hy ook al in die huis stap, hoor sy hom en dan sal die gekraak nader kom en partykeer tot vas teen haar kom. Dan wil sy sommer haar oë toemaak en agteroorleun, agteroor teen hom aan. Maar Mattewis hou nie van stuitigheid nie. O, vrede, nee!

Meraai lag in haar eentjie. Wat sal Mattewis tog sê as hy moet weet! Sy het so baie planne vir hom ....

Mattewis, met sy groot hande op die twee knieë, blaas hard deur sy neus, en toe weet sy daar is weer moeilikheid.

„Hoe het dit vandag by die stasie gegaan, Mattewis?" vra sy en sit die koppie koffie voor hom neer.

„Goed! Hoe dink jy dan?" vra hy half vererg.

„Nee," sê Meraai, „ek het sommer gewonder. Ek ken jou ook al, Mattewis, en so het ek sommer gewonder. 'n Mens wonder mos maar party dae en dan is jy miskien nie seker nie, soos nou die dag met sus Suffie. Ek dag Sussie is skuins vir my, maar ek was ook nie seker nie.... Ai, Mattewis, moenie jou brood so in die vloer smeer nie!"

Sy praat natuurlik nou met Klein Mattewis. Party dae is dit maar 'n kleitrappery met die Mattewissêery in die huis, want Oupa, nou nie meer hier nie, was Mattewis, en Willem het 'n seun Mattewis en dié het ook al 'n Mattewissie, en daar is Mattewis van swaer Klaas.

Maar Klein Mattewis is nie van plan om sy vermaak te staak nie.

„'n Dag se dag sal ek vir Frikkie van ou Skeel Gert aan sy keel gryp. Hy moenie vir hom hier kom aanstel nie. Ons ken almal sy pa," sê Mattewis.

„Jy moenie, Mattewis! Daar is jou werk en daar is ek en die kinders en ons huisie," sê Meraai verontrus en kry sommer so 'n aardige voorgevoelentheid.

Nou moet ons eers verduidelik. Hierdie Frikkie wat Mattewis nou van praat, is ou Gert Etsebet se seun, en ons ken almal ou Gert Etsebet se mense. Maar hierdie Frikkie Etsebet het 'n bietjie skool gehad, stel hom vreeslik aan en kraai koning by die stasie. Die storm tussen hom en Mattewis dreig al lankal.

„Jy moenie, Mattewis," sê Meraai weer en gryp Klein Mattewis onder haar arm terwyl hy lelik woel en luid protes aanteken. „Jy ken die Etsebette. Vergange het ou Gert Manie van tant Visser getoor. Almal het so gesê en sus Suffie vertel my nou die dag nog hoe ou Gert iets in hul agterplaas kom begrawe het en toe wou sy brood nie rys nie, ek bedoel swaer Selons se brood. Sê nou ou Gert kom begrawe hier ook iets! Elisabet se maag is reeds nie sterk nie en jy weet self hoe Maria met haar bors sukkel."

„Ek laat nie met my mors nie. Ek het my werk en hy het syne en ek wil nog die man sien wat sy werk aan my gaan afsmeer," grom Mattewis.

„Verdra tog maar, Mattewis, en wees jy maar die minste. Jy weet self hoe yslik die stasiemeester se seun met Frikkie se suster is. Pollie Etsebet is nie 'n mens om mee te speel nie en ek bly liewer uit haar pad uit. Miskien kom sy nog na my vir die trourokkie."

„En jy sal jou geld gedoriewaar nooit sien nie," sê Mattewis.

„Sien, 'n mens weet dit nou nie. Ek het nog altyd my geld gekry, en as ek my geld van die poliesmannetjie se vrou gekry het, sal ek dit van Pollie Etsebet ook kry. Ai, Mattewis, waarom het jy nie vir Ma gesê jou ou magie is onderstebo nie? Niks meer beskuit vir jou vandag nie."

Mattewis kyk haar agterna. Dit sal moeilik gaan, besef hy, want

in die jare van saamwoon het hy Meraai ook leer ken. Trap sy die slag vas, dan trap sy vas en sal nie skiet gee nie. Betjie Botes, haar ma, was ook altyd so. Sal nie boe of ba sê nie, maar as sy haar kop op 'n ding gesit het, is dit ook klaar. Nou sal hy versigtig met Meraai moet werk.

Die ding is naamlik so: Mattewis Offer wil sy werk by die stasie staak en op sy eie hier op die dorp spook. Hy is skrynwerker, kan nou die toesig by die skool kry en verneem dat swaer Selons binnekort nie meer gaan bak nie. Daar is baie werk op die dorp vir 'n man wat nie bang vir werk is nie, maar hy weet net nie hoe om by Meraai verby te kom nie.

Meraai kom met Klein Mattewis op haar heup binne.

„Kom hier, Meraai!" beveel Mattewis.

Die manier waarop Mattewis dit gesê het, laat haar alles vermoed en haar vermoede is reg. Vir hom kan sy egter niks weier nie. Sy sit Klein Mattewis op die vloer neer, luister hoe die bloed in haar ore suis en stap tot by Mattewis. Sy baard het 'n rooi-vos kleur en dis syagtig en sommer so dierbaar; die neus is breed en groot, en raai! die oë is mos blou. Sy het haar lewe lank gedink bruin oë is mooi, maar dis net omdat sy nie geweet het nie.

„Mattewis, hoekom wil jy nie meer by die stasie werk nie?" vra sy, of hyg sy die woorde uit.

Hy soen klaar en stoot Meraai so liggies van hom weg. Vir haar is daar ook niks verborge nie, dink hy.

„Hoe sal ek sê, Meraai .... Dis nie dat ek nie daar wil werk nie, of dat dit sus of so is, maar hier in die dorp is baie werk vir die regte man. Almal sê ek is daardie man. Ek kan met my skrynwerkery aangaan en daar is baie om te kamp en ek kan selfs in die buitekamer die mense se hare sny — dis te sê as ek ooit die geleentheid sal hê — en dan is daar nog die skool. Die prensipaal loop nou al hoe lank agter my aan en sê: ‚Mnr. Offer, jy is net die man om vir ons te help. Ons kan nie op die ander

mense staat maak nie. Help ons dan.' Toe sê ek: ‚Goed, mister Jooste, maar dan sal jy met my vrou moet praat.' Nou sal hy vanaand kom."

„En kyk hoe lyk ek! En kyk hoe lyk ons huisie! Ai, Mattewis, jy moet vir 'n mens vroegtydig sulke dinge sê. En daar is sus Suffie ook nog. Ek het vir haar gesê ek kom vir so 'n heen-en-weertjies voor ete by haar aan. Vat vir Klein Mattewis solank soos ek die voorkamer afstof en die stoele regskuif . . . ."

Mattewis gryp sy seun en volg Meraai na die voor- en eetkamer. Hy hoop sy saak is halfgewonne.

„Selons gaan ook nie meer bak nie en ek sal vir ons die bakkery hier in die jaart bou. Dit kan nie lank neem nie, maar dan moet ek los wees. Wie weet kan ek nog eendag met 'n slaghuisie ook begin, want die mense is maar ontevrede met ou Swart Lewinski se vleis. Glo maer en taai."

„Ek sê niks voor ek nie eers met Suffie en Pa gesels het nie," sê Meraai met haar rug na Mattewis.

Maar sy weet nou al. Sy sal toegee. Sy kan dit nou net nie oor haar hart kry om iets vir Mattewis te weier nie, maar 'n getroude vrou sê nie sommer ja nie. 'n Mens kap eers teë en skop vas, want so waardeer hulle 'n mens meer. Later sal sy haar arm om sy nek sit en sê: „Mattewis, ek het besluit om by jou te staan. Met my naaimasjien kan ek baie verdien."

„Aardse skatte beteken niks nie. Moet jy nie liewers jou werk hou en so aangaan soos nou nie? Dit sal bestendiger wees vir die kinders. Miskien maak ons iets bymekaar, maar dan sien hulle nooit hulle pa of ma nie, en die duiwel is in die huis . . . ." kap sy weer teë.

Meraai raak sommer so met haar rug na hom aan die huil. Mattewis swaai Klein Mattewis onder die een arm en klop Meraai met die ander hand op die skouer.

„Dan sê ek vir mister Jooste nee." Meraai snuit haastig haar neus.

„Ek sê dit nog glad nie. Ek wil eers met Pa en met sus Suffie gesels. Dan kan ons besluit," sê sy en gaan weer met haar werkies voort.

Meraai klee haarself vanmiddag met besonderse sorg. Sy is darem nie meer net Meraai Botes nie. Daar is Mattewis en die ou drie kindertjies. Sy het haar nou die dag juis verstom. Meneer Jooste kry haar in die straat en groet vir haar, Meraai, met 'n vriendelike buiging asof sy wie weet wie is. Sy het eers rondgekyk of dit nie vir iemand anders is nie, maar nee, dis maar vir haar, Meraai Offer. Nou die dag het een van die ouderlinge ook ewe ernstig in haar teenwoordigheid gesê: „Die Offers is ordentlike mense." En dit ís hulle ook. Kyk, Alwert Offer het dit op Sarelskraal so ver as ouderling gebring en daar op Sarelskraal is tog geleerde mense soos die poliesman en die onderwyser. En Alwert is maar 'n eenvoudige mens, maar dis omdat hy so 'n ordentlike man is. Vat nou vir Mattewis. Wat kan 'n mens teen hom sê? Nou so is al die Offers. Sus Suffie Barnard is nou nie een om te presenteer nie en as 'n mens haar in die gesig kyk, is sy lelik ook, maar dominee se vrou is ook nie mooi nie. Maar luister maar as Sussie 'n gebed doen, of sit haar agter 'n basaartafel. En dan het sy mos 'n goeie hart so uit haar binneste ....

Meraai ís uitgevat. Sy het haar bruin Sondagrokkie verlede week verstel, 'n kantkragie opgesit, die moue halfmas geknip en voor by die bors, met permissie gesê, 'n kantstrokie ingelas, en nou lyk dit tog te oulik. Sy het haar oë toegemaak en vir haar verlede week van die hoëhakskoene gekoop. 'n Mens moet maar saam met die tyd gaan. Die dotjie met sy veer is nou miskien nie die grootste hoed wat sy al gesien het nie, dis te sê as jy dit 'n hoed wil noem. Tog. Gonnakolk ken haar, en haar goedjies is altyd met smaak gekies. Meraai bloos. Sy het nou aan 'n ander kledingstukkie gedink wat ook met smaak gekies is. Sy vat Klein

Mattewis en sit hom uit die slaapkamer uit voor sy haar verder aantrek.

Nou kom Klein Mattewis aan die beurt. As sy haarself met smaak en sorg klee, dan is dit dubbeld waar van haar kinders. Is sy dan nie modemaakster van Gonnakolk nie? Party modeboekies het sy nou wel by 'n uitverkoping van rommel raakgeloop, maar kindermodes verander ook nie so gou nie.

Klein Mattewis se gesig, en toe sy beentjies en sy woeps, vee sy met 'n nat waslap af, en nou kry hy sy blou hempie en bypassende broek aan. Dis wit sokkies en windmaker swart skoentjies, en toe maak sy 'n oulike krulletjie bo-op sy kop met haar nat vingers.

Met hom aan haar hand stap sy uit hul huisie. Sy loop deesdae selde as sy nie 'n kindjie aan die hand het nie aangesien sy so soveel veiliger voel. Jy sal mos nie 'n bokkie skiet as hy sy ou lammetjie by hom het nie. Ag, en Meraai voel so onbeskermd as Mattewis nie by haar is nie.

Dit stap maar kop voor die bors in die stofpad af. Dis 'n skotige entjie tot daar by ou Barney Lewinski se winkel en daar stap 'n mens oor die steggie van die watervoor en dan is dit net 'n japtrap na Boeta en sus Suffie se huisie.

Barney groet haar ewe vriendelik.

Sy draai die voordeur 'n rukkie later oop en stap die huisie binne.

„Sussie!" roep sy hard, want Suffie is effens doof.

Suffie Barnard kom uit hul slaapkamer waar sy haar nou net vir die aand aangetrek het. Sy vee nog die gesig 'n slag met Olie Kolonie af en soen Meraai, en dan vir Klein Mattewis.

Hulle sit. Eers het die twee nie veel om vir mekaar te sê nie. Meraai praat van die lekker koel huisie wat Suffie het — sy praat maar elke keer van die lekker koel huisie — en Suffie het opgestaan om die kantborsie van Meraai se rok te bekyk. Iewers in

die huis sing oom Selons: „Sy kroon is nie bepêreld." Klein Mattewis het op die vloer gaan sit om met die bergskilpaddop te speel.

„Ag ja!" sug Meraai en met ernstige gesig kyk sy na die muurteks.

Toe weet Suffie sommer dadelik dat die skoonsuster van haar 'n probleem het. Meraai is hardwerkend en Meraai is spaarsaam, maar ag! Meraai laat haar van alles ondersit.

„Jy sê nou: ag ja! Is daar iets wat jou hinder?" wil Suffie weet.

„Daar is iets, sus Suffie, maar wat sal ek nou met my moeilikhede na jóu kom? Ag, Mattewis, moenie so aan die ou skilpad suig nie!" berispe sy die seuntjie.

„Ons is hier op die ou wêreld om mekaar se laste te dra, Meraai. Vandag moet ek dit doen en môre weer jy. Vertel tog maar," moedig Suffie haar skoonsuster aan.

Meraai sug weer en vou haar hande op die skoot.

„Mattewis se sinnigheid vir die stasie is op 'n end, Suffie. Meneer Jooste pamperlang nou al lankal met hom en ek het gewéét dit sal gebeur. Ek weet sulke dinge mos vooruit. Verlede toe Ma se suster so skielik aan beroerte beswyk het, het ek dit geweet. Ek sê net. Waarom los meneer Jooste hom nie? Ons het in vrede en eensgesindheid geleef; Mattewis het sy werk en ek help hom waar ek kan, en ons kinders kan eendag hul kop hoog en hulle eer toe hou, want ons is eerbare mense. Ag, Sussie, het jy nie van gister se bolletjies oor nie? Tewes wil die skilpad nie los nie."

Suffie staan moeisaam op, want sy het baie agteruitgegaan en die bene swel nou so vreeslik. Meraai vat Klein Mattewis aan die arm en sleep hom weg van die bergskilpaddop. Sy weet ook nie wat hy aan die ou dop sien nie.

„Mattewis, sie jy die ou ding los!" berispe sy.

Suffie sit weer en Klein Mattewis het sy beskuit.

„Waar was ek nou weer?" vra Meraai en wens swaer Selons was ook nou hier. Sy hou baie van die swaer van haar.

„Jy het gesê ons is eerbare mense."

„O ja. Sussie, ek is so bang dit kan met ons gaan soos met ou Piet Lipman."

Ou Piet Lipman is een van die karakters van Gonnakolk. Hy het aan die begin van sy loopbaan 'n goeie plaas geërf, dit sommer verkoop en 'n ander een, baie swakker, teen 'n onmoontlike prys gekoop. Nog nie tevrede nie, het hy dit verkoop om 'n motorhawe op die dorp aan te skaf en die ondersteuning van al die boere gekry. Maar Piet Lipman kan mos nooit rus vir sy siel kry nie en so het hy die hawe verkoop om 'n kafee te begin. Elke keer 'n bietjie swakker. Vandag is hy 'n brandarm man en doen peuselwerkies op Gonnakolk.

„Mattewis is 'n Offer," sê Suffie beslis.

„Ja, Mattewis ís 'n Offer, Sussie, maar o, ek is so bang vir verwyte later. By die stasie kry hy nou veertig of amper veertig en by die skool sal hy net twintig kry. En hoe is die werksmense wat jy vandag kan kry — as jy hulle kan kry! Jy kan hulle nie vertrou nie. Die werk is wil baie minder en Mattewis sal baie op sy eie ook kan doen, dis nou waar, maar meer as een dag sal hy self die werk moet doen, of ek sal maar moet inspring. Middag, Boetie," sê sy as oom Selons die voorkamer binnekom.

Kom ons groet eers vir oom Selons Barnard. Dis mos jare dat ons hom laas gesien het. Oom Selons is 'n Barnard, en as ons dit sê, dan bedoel ons hy is so seningrig soos .... wat ook al seningrig is, regop soos 'n paal, en hier by sewentig nog lief vir die doekgoed. Meraai kon daar nie eers aan gewoond raak nie, hierdie geknyp en getik en geklop van oom Selons, maar toe sy sien hy bedoel daar nie iets mee nie, het sy haar laat tik en knyp en klop.

„Ag, en hier is ons weer!" sê oom Selons en soen Meraai.

„Dag, Boetie," sê Meraai en kyk darem of sus Suffie nie aanstoot neem nie, maar Sussie is ook al klaar met die wêreld en gee tog nie om nie.

„Dag, jou grootman," sê oom Selons en tel Klein Mattewis op. „Meraai, hy is al amper drie. Hoe lyk dit, hoe lyk dit, hoe lyk dit, of het jy die resep verloor?" wil hy weet.

Meraai bloos soos dit 'n ordentlike vrou pas.

„Boetie!" sê sy kamtig verontwaardig.

„Nee, ek vra maar net," korswel hy.

Oom Selons en tant Suffie het baie kinders gehad, maar hulle is al almal uit die huis uit. Suffie weet 'n mens nou nie, want Suffie is nie een wat die hart oopmaak nie, maar oom Selons is baie lief vir kinders. Dit weet almal. Hy het heeltemal 'n instelling by die skool geword en was dit nie vir Suffie se siekte nie, sou hulle hom probeer behou het as opsigter. Dis hy wat Mattewis aanbeveel het.

„Ek hoor toe wat julle gesels. Dis 'n eerbare werk, dié van die onderwys, want eintlik is jy in die onderwys, Meraai. Dis later of jy ilke desk en kapburt ken, en jy weet hoe 'n mens meneer Lotriet is, of as juffrou Gertenbach verjaar het. Ek sê almelewe 'n mens se huis of se kamer word later nes jy. Juffrou Fourie is so 'n liewe ou mensie, so sag en vriendelik, en as ek in haar klaskamer kom, dan sug ek net en wil sommer daar bly. Jy sal nog sien hoe lief julle vir die werk word, Meraai," sluit hy af.

„As ons die werk vat, Boetie," sê sy.

„O, julle sal die werk vat. Ek ken vir jou en ek ken vir Mattewis. Kom oormôre saam met my, dan gaan ek jou wys wat daar te doen is en hoe maklik die werk is," stel hy voor.

Meraai kyk na sus Suffie maar sy is skaars bewus van wat hulle gesels. Sy het haar skoen uitgetrek en vryf en vryf die ou voet nou.

„Ek kan ook nie meer nie, nie nou meer nie. Daar is die bak-

kery. Jy sien self, Meraai, Suffie kan my nie meer help nie en ek is nie meer vandag se kind nie. Dis tyd dat iemand oorneem en Mattewis is net die man, Mattewis is net die man," sê hy.

Meraai het haar oog op die porseleinkat, 'n bonte, wat in die hoek op 'n brekkit, soos Suffie dit noem, staan. Suffie se huis is vir Meraai die mooiste in die hele Gonnakolk, maar dan moet sy erken sy was nog nie in mnr. Jooste se huis nie. Dominee het mooi meubels en oom Mank Sarel Viljee pragtige gordyne — dis so welwit — maar niemand het ornamente soos Suffie nie. Meraai het self 'n ou paartjies soos die porseleinnooi wat 'n hondjie vashou en 'n seuntjie wat bid; nogtans beny sy Suffie elke keer as sy in die huis kom. Daar is die porseleindominee, dit ís seker 'n dominee, wat sy hand op 'n seuntjie se kop hou; die groot eend met die ses klein eendjies; die koperman wat so 'n groot ronde ding op sy skouer vashou, en die verliefde paartjie wat mekaar soen. Die nooientjie hou haar hoed so effens voor haar gesig. Daarom sê sy Suffie se huis is die mooiste in die hele dorp en dan kan jy ook maar vir Sarelskraal insluit. Dis vir haar vreeslik mooi as 'n mens ornamente in jou huis het. Al die Offers het hierdie liefde vir ornamente en so het sy dit ook al gekry. Hulle het darem al 'n begin gemaak. In hulle voorportaal staan die opgestopte ratel wat Mattewis van oorlede Barney Hekkies se weduwee gekwansel het. Mattewis is 'n mens wat maar deurentyd kwansel. Hy kan gerus vir haar die porseleinkat kwansel....

En so kyk sy dan na die ou goedjies so onder die gesels deur. Sy het al klaar besluit om by Mattewis te staan, met die skool en ook met die bakkery, maar 'n mens moet baie teëkap. Wat sal tog van haar word as sy nie teëkap nie? Boetie mag nie weet nie en Suffie ook nie. Daarom sê sy:

„Dis alles goed en wel, Boetie, maar ek doen 'n ding nie haastig nie. Voor ek besluit, wil ek eers na dominee gaan. Dominee is 'n liewe man en het ook al baie swaar dae gehad. Ag, ja," sug sy,

want dis 'n groot besluit wat sy moet neem. Dominee het nou die Sondag van kruispaaie gepreek en gewaarsku teen die verkeerde pad. Ag, en sy en Mattewis kan nou so maklik die verkeerde pad vat en wat sal dan van hulle drie bloedjies word?

„Sussie, waar het jy al hierdie porseleingoedjies gekoop?" vra sy. Suffie kom swaar orent.

„Nog by die Lewinski's se oorlede pa, Meraai," sê Suffie en 'n mens kan aan haar stem hoor hoeveel pyn sy reeds te verduur het.

„Dis vir my vreeslik mooi, Sussie."

Meraai staan op en vat Klein Mattewis se handjie. Die voordeur gaan oop en nou eers sien oom Selons hoe uitgevat die skoonsuster van hom is.

„Hiert! Jy lyk mos vandag soos die dominee se vrou. Ek soen jou sommer weer," sê oom Selons en voeg die daad by die woord.

Meraai bloos vreeslik ordentlik.

Sy stap met die voetpaadjie langs na die steggie oor die watervoor.

Dis 'n dag so van ons Liewenheer selwers. Daar is geen geraas of lawaai in Gonnakolk se straat nie. Lang skaduwees in die laat namiddag, skaduwees van huise en peperbome. Bokant oom Sarel Viljee se huis staan en droom drie van ou Alwert Wessels se donkies in die straat. Swart Lewinski se motor staan in die straat geparkeer. Dis die uur kort voor sonsondergang en dan is daar selde mense op straat.

„Ek sal môre na dominee gaan en ek sal sê: ‚Dominee, ek het baie oor die saak gebid....' Mattewis, moenie so rem nie. Ma is haastig. ‚Dominee, wat moet ons maak?' Ag, dis vandag so moeilik om altyd te weet wat 'n mens moet maak...." gesels Meraai hardop.

Die pad na hul huis.... klein peperbome beskut deur negosiekisplanke en goiing langs die straat, en Meraai en Klein Mattewis

op pad na hul huis . . . . Daar is mos vrae in 'n mens se hart, dink Meraai. 'n Mens wil so graag weet wat jy moet doen. Elisabet en Maria hardloop hulle tegemoet en toe word Meraai sommer aardig. 'n Man verstaan sulke dinge nie. Dis net 'n vrou wat aan haar kindertjies in so 'n uur sal dink.

„Ma, waar was Ma so lank? Ons is só honger vir brood," sê Elisabet.

„Dis amper etenstyd," antwoord Meraai.

„Ag, Ma, maar ons is só honger," kom dit weer,

En nou is dit viertjies wat na die huis gaan.

Meraai het, soos dit 'n getroude vrou pas, haar naaldwerk geneem en in die kombuis gaan sit. Dit moet meneer Jooste weet: sy wat Meraai Offer is, ken haar plek, en as die mansmense oor 'n saak gesels, sal sy nie tussenin praat nie. Dit het haar ma haar nou geleer. Dit pas 'n vrou om met haar werk voort te gaan, om iewers te gaan sit waar die mans jou nie kan sien nie en jimmers tee in te bring.

Toe sy dan die tee inbring, wou meneer Jooste nog met haar gesels oor die dinge, maar sy sê net:

„Meneer Jooste, dis vir Mattewis om te besluit. Wat Mattewis doen, is goed. Mattewis sal mos nie die verkeerde ding doen nie."

Heimlik hoop sy nou al dat Mattewis wel ten gunste van die skool sal besluit, want soos swaer Selons sê, 'n mens staan dan in die onderwys. Die stasiemense dra nou wel 'n juniefom en Mattewis lyk reeds so mooi in sy juniefom, maar dis nie al waar 'n mens na moet kyk nie. So, sy sal niks sê nie.

Meraai gaan weer voor die naaimasjien sit en toe rittetat, rittetat, rittetat dit. Stiltes. 'n Gesug en 'n gekreun uit die kinderkamer en die gedreun van meneer Jooste en Mattewis se stemme. Meraai, met ses spelde in die mond, hou die naaldwerk omhoog en bekyk dit stip, want kyk, haar werk is nog haar eer. Maar voor haar

oog sweef daar weer verby die groot porseleinkat van sus Suffie, die porseleindominee — dit ís seker 'n dominee, miskien 'n Engelse dominee — wat sy hand op 'n seuntjjie se kop hou; die groot en die ses klein eendjies, ag ja! en dan die koperman wat so 'n ronde ding op sy skouer dra. Sy wonder waarom sy tog so lief is vir die ou aardse dinge. Dis dinge wat eendag alles sal verbrand, en tog is sy so lief daarvoor.

Meraai sit die naaldwerk op haar skoot neer, haal die spelde uit haar mond en buig haar kop eerbiedig. Sy vra om tog nie so vol begeertes te wees nie en om leiding vir haar en Mattewis in hierdie swaar besluit, want dit ís 'n swaar besluit. Die oë is nou oop. 'n Mens weet mos nie. 'n Mens kan so maklik die verkeerde pad vat.

„Kaats!" sê sy hardop en probeer so om die groot porseleinkat uit haar gedagte te kry.

Die volgende agtermiddag so stryk van halfvier klee sy haar en haar drie kindertjies weer met sorg, want sy gaan na dominee vir lig en leiding. Dominee sal weet en sy hoop dominee sal ook aan die onderwys dink, alhoewel daar aan die anderkant die junie-fom is.

Meraai trek die voordeur toe en met Klein Mattewis aan die een hand en Maria aan die ander hand en Elisabet ook iewers in die pad, begin sy die optog na die pastorie. Vandag het sy nie die rokkie met die kantborsie aan nie, want vir 'n dominee trek jy jou stemmig aan. Dominee sal nie daarvan hou om soveel ydelheid te sien nie.

Meraai bloos en sy weet self nie waarom nie, maar sy kan nog bloos en sy trek haar kop voor haar bors. Nie een van haar ou kindertjies het bakbene soos sy nie, alhoewel dit vir haar is of haar bene nie meer so krom soos vroeër is nie. By die tuinhekkie stuur sy haastig 'n skietgebed op, want sy het nie baie vrymoedig-

heid by dominee Francke nie. Die man is nog jonkerig en het 'n vreemde naam en dan het hy twee swart oë wat tot binne-in jou kyk.

Sy stap op die leiklipstoep onder die prieel. Onwillekeurig stap sy krommer en klem die tweetjies se hande so styf vas om veiligheid te voel. Die gesig is merendeels altyd ernstig, maar nou sit sy 'n plooi of twee by en klop aan.

Ds. Francke, 'n man van so ongeveer agt-en-dertig, maak die voordeur oop.

„Goeiemiddag, mevrou Offer," groet hy vriendelik. „Kom binne. Is Mattewis nie hier nie?" wil hy weet.

„Nee, dominee, Mattewis is nog in die werk en dis juistemint oor hom dat ek vandag hier is," sê sy halfpad uit-asem en loer na die studeerkamer se kant.

Ds. Frans Francke besit heelwat mensekennis en ken sy Meraai Offer. Taktvol nooi hy haar en die kinders na sy studeerkamer. Sy sal vrymoediger wees waar mevrou Francke nie by is nie.

„Die kinders kan maar buite speel," sê sy en knyp Elisabet se arm om gehoorsaamheid te verkry.

„Nee, laat hulle maar hier bly en dan gaan ons netnou binnetoe. Sit hier, mevrou. Laat ons nou hoor wat Mattewis gesondig het."

„Nee, dominee, hy het nie gesondig nie," sê sy haastig.

Frans lag.

„Nee, dis sommer my manier van praat," verduidelik hy.

„Sie jy, Mattewis! Los daardie bô-ol," sê sy toe Klein Mattewis die glasbal wat dominee bo-op sy papiere hou, gryp. „En, Elisabet, vat vir Maria weg daar van die kas. Moenie maak of julle niks gewoond is nie!" berispe sy.

„Toe maar, mevrou, ek het ook kinders, en hier is nie iets wat kan breek nie. Kom ons gesels nou," gee hy aan die hand.

Meraai begin haar storie, maar dis met die een oog op die drie kinders en die ander een op dominee.

„Sien, dominee, ek is so bekommerd. Ek het al baie oor die saak gedink, en gebid ook. Wat moet 'n mens maak? Jy weet nie altyd nie. Dominee het een Sondagoggend van die kruispaaie gepreek. Ek onthou die preek nog goed. Elisabet was daardie dag nog so siek. Sy is glad nie 'n sterk kind nie, en toe dink ek: Wat het die siekte van Elisabet en kruispaaie nou met mekaar te doen? Maar nou weet ek wat kruispaaie is, want Mattewis en ek staan nou op kruispaaie."

„So, mevrou," sê dominee so tussenin, want hy kan nog nie mooi die verband tussen kruispaaie en Meraai se besoek sien nie.

„Ja, meneer, en toe sê ek gisteragtermiddag — dit was ook al laat agtermiddag — vir swaer Selons en sus Suffie: ‚Ek gaan na dominee. Ek wil nie alleen besluit nie.' Elisabet, sie jy jou hande afhou van dominee se boeke! En dan is daar die pers'leinkat ook . . . ."

„Die wat?" vra dominee en glimlag. Dié Meraai tog, dink hy.

„Ai, dominee, jy sal ook vir my lag, maar dis tog die waarheid en ek moet dit vandag bely. In die laaste tyd, en vandat Mattewis en ek die nuwe huisie het, is my hart so vol van die ou aardse dinge. Ek begeer ook die mooi dinge en ek weet dis verkeerd. My kinders is nie een sterk nie behalwe miskien Klein Mattewis."

Toe Meraai Offer asem skep, val dominee Francke haar in die rede.

„Ag, mevrou Offer, sal jy nie maar heeltemal voor begin en ons vertel wat gebeur het en waarom jy hier is nie?"

„Hede, dominee, ek het seker ook so deurmekaar gesels . . . . Hulle wil vir Mattewis skoolopsigter maak en dis waar die hele ding begin het, dominee," sê sy en rem haar rok laer af oor die bene.

„Maar ek is bly dat die skoolkomitee soveel vertroue in Mattewis stel. Dis ook op my aanbeveling dat hulle hom genader het. En nou?" vra Frans Francke.

„Nou sal hy die werk by die stasie moet los en dis juistemint waarom ek hier is vandag, dominee. Ek doen niks sonder Mattewis nie, en Mattewis doen niks sonder my nie. Hy het al klaar besluit maar ek nog nie en daarom is ek hier vandag," vertel sy terwyl sy klein Mattewis vas teen haar bene druk. Die duiwel het naamlik vir haar gesê daar is 'n leer in haar kous en daarom het dominee so 'n slag na haar been gekyk, en nou hou sy Mattewis voor.

„O, ek sien. Jy wil nou weet wat julle moet doen," sê Frans.

„Dis reg, dominee."

„Maar wat is dit dan van die porseleinkat?" wil hy weet.

Meraai lag heerlik.

„Meneer, ja, dis maar ek wat so deurmekaar praat. Die kat is maar een van die dinge. Hy staan in sus Suffie se huis in die hoek op die brekkit. En toe ek nou nie weet wat Mattewis moet doen nie, toe sien ek nou maar hoe my hart in die laaste tyd afgedwaal het en hoe ek nou die aardse dinge begeer. Vroeër sou ek net gesê het: wat is die beste vir Mattewis en vir my? En nou wil ek weet wat vir ons die beste sal betaal, en dis seker 'n sonde, meneer, want waarom sê ek, wat sal die beste betaal? Omdat ek ook sulke mooi dinge wil koop soos daardie porseleinkat. Dis dié."

Frans Francke draai sy kop weg om te glimlag. Hy is skielik baie doenig met iets hier agter hom.

Intussen sit Klein Mattewis 'n yslike keel op, want hy wou na Maria, wat op die vloer met 'n kaffermeidpop speel, en Meraai wil hom nie laat gaan nie. Maar noudat dominee so besig agter hom is, kyk sy gou of daar 'n leer in die kous is of nie, en sien met verligting dat dit nie so is nie.

„As 'n mens werk om mooi dinge te koop, is dit seker nie juis sonde nie, mevrou. Ons almal wil maar mooi dinge hê. Ek ook. Daarom werk ons en spaar ons en steek ons onsself party dae in die skuld. Maar nou kan ek nog nie sien wat die porselein-

kat met Mattewis se keuse te doen het nie," por hy Meraai aan.

„Die kat is maar een van die dinge, dominee. Daar is ook 'n koperman met 'n groot bô-ol op sy rug en 'n dominee wat sy hand op 'n kindjie se kop hou — so, en 'n groot eend en ses klein, klein eendjies. Dis alles wat my hart begeer, en nou het ek al klaar gereken ek gaan volgende maand ook mooi goed koop, maar as Mattewis skoolopsigter word, sal hy ampertjies agtien pond in die maand minder kry . . . . "

Toe gaan daar lig op vir Frans Francke. Nou begryp hy alles. Hy lag heerlik en verseker haar Mattewis sal met sy twee hande nog meer as daardie agtien pond kan verdien.

„Eintlik agtien pond sestien, dominee," verseker sy hom.

Heimlik is Meraai bly dat dominee ook maar meen soos boetie Selons en meneer Jooste. Dis darem 'n lekker gevoel hierdie dat hulle Mattewis nodig het. Dit kan nou nie hoër of laer nie, dit moet nou net Mattewis wees. En sy is Mattewis se vrou. Dis wat so lekker is. Daar speel sy drie kindertjies, en dominee noem haar mevrou Offer. Nou ja, sy was nou by Selons en Suffie, vanoggend vroeg-vroeg by haar pa en hier sit sy nou by dominee. Sy het seker nou genoeg wal gegooi, want dis wat sy eintlik wou doen. Wal gooi; nie sommer dadelik instem nie. Gee vir Mattewis gou in en jy sal 'n mooi affêre sien. Mattewis is glad te eiewys, die Mattewis van haar met sy groot liggaam, man se hande en voete, en sulke klonte op sy arms. Met so 'n man moet 'n mens wal gooi of wat word van jou? Meraai voel sommer ineens weer so klein en nietig. Dominee is so geleerd, mevrou so bekwaam en Mattewis so groot en sterk. En hier is sy tussen hulle, sy met haar bakbene, moesies en . . . . Meraai bloos.

Nou moet sy nog net môre saam met Selons na die skool gaan en as dinge vir haar daar geval, sal sy vir Mattewis sê: „Mattewis, nou ja, Mattewis, dan moet dit maar so wees."

„Dominee, jy word baie bedank vir wat jy vir Mattewis en my

in hierdie moeilike dae gedoen het, want vir ons is dit moeilike dae en ons is op die kruispaaie. Mattewis! Elisabet, haal die toppie uit sy mond en stap julle solank. Sê maar groete vir mevrou, dit het te laat geword vir groet. Ek wonder of mevrou eiers het? Ek sal vir haar 'n dosyn stuur. Daar sal miskien hier en daar 'n kleintjie wees, maar sy moet dit maar so vat. En die spikkels moet mevrou nie voor skrik nie. Dis twee ou rooi-bont hennetjies wat ek het en hulle eiers lyk maar so," sê Meraai en bloos, die joos weet waarom.

En daar gaan Meraai Offer en die drie kindertjies weer die straat op. Terwyl sy stap, dink sy aan die moeilike keuse wat sy en Mattewis nou moet maak. 'n Mens se lewe is nie aldag gelyk-pad nie. So onverwags staan hulle nou voor 'n moeilike keuse, en sy stap nou na mense, maar eintlik kan mense haar nie help nie. Wat weet dominee en Pa en Boetie en sus Suffie nou van haar en Mattewis se bekommernisse?

'n Entjie voor haar hardloop die drie en nu en dan word daar op een beentjie gespring. Meraai hoor of sien niks. Sy moet besluit. Sy voel lus en hardloop by almal in net om hulle raad te vra, en al die tyd weet sy sy sal alleen moet besluit. Mattewis het al besluit, maar tog, wat weet 'n man nou van die dinge? 'n Vrou dink vooruit, 'n man nie.

„Nou wonder ek hoekom het dominee so na my voete gekyk! My kouse is tog nie stukkend nie," sê Meraai, en toe sy die sand-strokie naby oom Sarel Viljee se huis vat, is dit net om nog krommer te loop.

In haar huisie sny sy 'n slag brood vir die kinders en stuur hulle toe na die agterstoep. Sy sal maar weer doen soos sy al so dikwels gedoen het en dis om oor die saak te dink. En dink het by Meraai net een betekenis. Sy haal dan haar hoed af en sit hom in oorlede Ma se groot hangkas, trek die gordyne dig en gaan kniel waar sy en Mattewis saans kniel.

Meraai vou haar hande saam en sit 'n ernstige plooi of twee by die wat alreeds in die gesig is en buig haar hoof. Dis stil. Die lippe roer en die kop word skuins gehou, maar oor die woorde kan slegs geraai word.

Sy staan op en stap na die naaimasjien. Môre is die groot dag in haar lewe, môre gaan sy eenkant toe of anderkant toe besluit.

Daar voor die naaimasjien kry Mattewis haar. Sy het hom hoor inkom en geluister na die gekraak van sy groot stewels. Ai, Mattewis, waarom is jy so groot? dink Meraai. Hy loop so stadig en die gekraak kom nader en nader. Dan is hy agter haar en die arms word om haar nek gesit. Meraai los die naaldwerk in haar skoot en haal die spelde uit haar mond.

„Ek wou vir jou 'n present koop," grom Mattewis

„Jy moenie, Mattewis. Ons het nie die geld nie," sê sy.

„Ons het! Wat wil jy graag hê?" vra hy grootman en trots, want hy is vas van plan om die werk by die stasie te los, en nou wil hy Meraai se guns wen.

„O, Mattewis! As jy dan wil — maar jy moenie! — maar as jy dan iets gaan koop, kyk of jy nie vir my 'n pors'leinkat kan kry soos sus Suffie het nie. Ek het nou net op my knieë gedink, Mattewis, en ek sal nou môre by die skool sien, maar ek dink ek sal nie meer so baie omgee as jy jou werk los nie. Maar dis nie 'n maklike besluit nie en jy moet ook maar baie dink en ek het sus Suffie ook gevra om aan ons te dink en ek is seker dominee sal dit ook doen . . . ."

„Soen my, Meraai," gebied Mattewis.

„Ja, Mattewis," sê sy en hoor 'n groot gedruis in haar ore soos as Tweespruit in die somer afkom.

Gonnakolk se Offers en die Botes-kinders, ag, en die Barnards, asmede die Sampies en die Toewages het in die jaar vroeg in 'n geboutjie kort duskant ou Lewinski se eerste winkel skoolgegaan.

Toe was hulle maar so 'n stuk of veertig en, soos ons gesê het, dit was in die jaar nul. Maar in '30, nog voor die depressie, het die Departement van Onderwys homself oortref en uit eie beweging (want wie sou dan nou op Gonnakolk daaraan gedink het om 'n skoolgebou te vra!) 'n skool laat bou. Dit was eers 'n klein begin maar dit was darem 'n begin. Dit het so ver uit die ou dorpie gestaan dat kwaadwilliges gesê het die skool is eintlik vir Sarels-kraal bedoel. Dit was verder uit Gonnakolk as die steenworp en nader as 'n sabbatsreis.

Hierheen ploeë Meraai Offer dan op die heerlike agtermiddag van 'n dag in November, en as ons sê dis 'n heerlike agtermiddag, dan bedoel ons eintlik dis so warm dat die stof in jou neus brand en die hoenders in jou skaduwee koelte soek. Gonnakolk ken net warmte en stof in November, maar vandag waai die wind nie en dis al iets om voor dankbaar te wees.

Meraai en die ou kindertjies (raai, hulle is die ewebeeld van Mattewis en Meraai) gaan eers 'n slag in die koelte van 'n peper-boom staan. Hulle hinder die hoenders nie. Klein Mattewis wou die ou blou-swart hennetjie aan haar stert optel, maar Meraai het hom gou-gou gekapittel. Sy weet. Dis ou Sarel Viljee se hoenders en hy is maar 'n kwasserige mens.

„Kom, kinders," sê Meraai Offer en vat die laaste skof na die skool.

Hier is nie meer huise nie. Oral sien 'n mens voetpaadjies na die skool, vaal strepe deur die vaal wêreld, maar Meraai hou tog maar liewers pad langs. Dis nie veel van 'n pad nie, want Gonna-kolk het volop sand en daarvan is hier volop in die pad. Sy loop net gebukkend onder die groot besluit wat sy vanmiddag gaan doen, want Meraai het vas gereken om vanmiddag te besluit. Dis vir haar of die mense maar baie ongevoelig is. Hulle het nie eens die winkels gesluit of die klok gelui nie. Sy moet stoksiel-salig-alleen besluit en dit was nie 'n maklike besluit nie. Vrede, nee.

Dit het dinkwerk op die knieë gekos. Soos Ma almelewe gesê het: ‚dink op jou knieë, kind, dink op jou knieë.' Nou, dis wat sy gedoen het en daarom is hier vanmiddag nie 'n haar op haar warm kop wat spyt is oor haar besluit nie.

„Middag, Boetie," sê Meraai terwyl sy die sweet van haar aangesig vee.

Oom Selons Barnard pik sy pik.

„Hier is ons, hier is ons, hier is ons," sê hy geniaal. „En dan sê ek weer, hier is ons."

„Ag ja, Boetie, dink maar aan my. Vanmiddag gaan ek besluit," sug Meraai en dis of sy al Gonnakolk se laste dra.

„Ek wil dit mos hê," sê oom Selons, en wat hy wil hê, is nie heeltemal duidelik nie, maar ons wat oom Selons ken, raai darem wat hy bedoel.

„Is sus Suffie nie hier nie?" wil Meraai weet. Sy is innerlik spyt dat hier so min mense is om haar kwellinge gade te slaan.

„Nee, Suffie is nie hier nie. Dan begenne ons maar. Nou die sleutels. Dis 'n belangrike ding, Meraai. Suffie ken vandag nog nie die sleutels nie. Hierdie een met die drie kepies, kyk goed, Meraai, is die offiessleutel. Nou dis die offies," sê oom Selons en tel dit af deur sy duim in sy handpalm te buig. Hy sluit 'n deur oop en wys vir Meraai. „Nou as jy oplet, Meraai, sal jy sien hier is ses sleutels met twee kepies. Kyk. Sien jy? Nou, dis die klaskamers. Hulle pas maar so die een op die ander en die klaskamers het nou nie juis hierdie of daardie sleutel nie. Jy moet die klaskamers ken. Die een daar op die punt is juffrou Fourie s'n. Kom, Meraai."

Oom Selons stap na die punt en die vier streep agter hom aan.

„Jy sal dit later ken. Dis nou juffrou Fourie se klaskamer en dit kan nie iemand anders s'n wees nie. Tewes, my ou buksie, moenie aan daardie ding vat nie. Dis 'n ghloup. Ai, oom, dis 'n vreeslike naam, nè, my ou buksie? Oom kan dit nie help

nie. Die goed hier het snaakse name. Dis 'n daster. Meraai, jy sal in elke klaskamer 'n paar kry, en Mattewis sal moet oplet, want dis goed wat stukkend gaan en dan moet hy hulle verhelp. Kan jy die dast hier op die lys sien? 'n Mens kan nie hier afstof nie. Kyk wat gebeur as jy afstof," sê oom Selons en voeg die daad by die woord en jaag 'n yslike hoop krytstof op.

„In die begin gee die skool vir jou baie werk, maar dis net omdat jy nog nie daaraan gewoond is nie. Vandag vat dit vir my nie lank nie. Daar is werkies wat ek self doen en dan is daar die werkies wat die volk doen. Ek doen die regpak en die afstof. So."

Oom Selons gryp die langbeenstoffer en woerts en warts in al die hoeke en teen die dak, waar die langbeenspinnekoppe hou.

'n Onaardse gedreun en die stof slaan van die vloer af op. Klein Mattewis het die staanbord omvergeloop.

„Mattewis!" sê Meraai kwaad maar darem ook onrustig. „Mattewis, wat maak jy tog! Het jy nie seergekry nie?"

Klein Mattewis sit 'n yslike keel op en bring oom Selons en Meraai op hul hurke voor hom.

„Wag, Meraai, ek sal vir hom iets soek om mee te speel. Kyk, Tewis, hier is 'n pensilboks. Dis Nollie Lewinski s'n, maar speel jy maar daarmee," sê oom Selons en doen al wat hy kan om Mattewis te troos.

„Daar is so baie wat ek nog wil weet," hervat Meraai. „Boetie moet maar weer wys," versoek sy.

Dit pas so reg in oom Selons Barnard se kraam. Nog nooit het hy so die belangrikheid van sy werk gevoel as vandag nie.

„Sit hier, Meraai," beveel hy, haak sy duime in die onderbaadjie en gaan voor haar staan. „Ek het niemand gehad om my reg te help nie, maar ek beskou dit vandag as 'n voorreg en 'n seën om jou en Mattewis touwys te maak. Hier is ook wette en reëls. A ja a! Jy sal meer as een dag hier kom en dan lê hier 'n appel

of 'n lemoen of 'n piesang op juffrou Fourie se desk — dis die desk — en dié mag jy vat. Wat hier agterbly in die agtermiddag kan jy vat. Hulle weet al. Nou dis 'n reël. Maar dan sal jy op 'n dag hier kom en dan lê hier geld. Wat sal jy dan maak, Meraai?" vra oom Selons en knyp een oog pottoe.

„Seker maar wegsit, Boetie?" sê sy verdwaas.

„O, nee. Nee, nee, nee. Die wet is: jy vat die halfkroon — sê nou maar dis 'n halfkroon — en jy gaan na meneer Jooste se offies — hoeveel kepies het die sleutel nou weer, Meraai?" vra hy skielik.

Meraai dink of haar hele toekoms van die saak afhang. Haastig sê sy dan:

„Twee, of is dit nou drie?"

„A, maar dis die dinge wat jy moet weet. Dit spaar so baie tyd. Kyk, dan moet jy nie nog dink nie. Drie kepies die offies en twee kepies die klaskamers. Maar 'n mens leer later hierdie dinge. Nou die afstof. Kyk hier. Ons vat eers die lys van die swart-borde."

Oom Selons Barnard gryp een van die oranje afstofdoeke, draai 'n stuk om sy wysvinger en stroop die lys van die bopunt af ondertoe.

„Maklik, Meraai. Ek het dit laa-ter eers uitgevind. Ek het mos eers elke ou plekkie afgestof en elke ou hoekie uitgevee. Nou, jy moet die juffroue ook ken. Juffrou Siebrits sal soggens hier kom en so met haar vinger oor die klavier vee en met so 'n vies neus na die ou vinger kyk. Haar kamer vee ek altyd goed uit en stof maar self af. Meneer Doornnekker sal nie traak nie al vee jy nooit uit nie. Ek vee uit. O ja. Maar ek sal nou nie lol om sy kapburt te verskuif nie. Weet jy wat 'n kapburt is, Meraai?" en so gesels oom Selons en verduidelik tot die skaduwees lank word en die stilte van die aand na Gonnakolk kom. Daar is nou so 'n heimwee in sy stem, 'n skielike besef dat hy

so stadigaan afskeid neem van die lewe en ander in sy plek kom. Innig die aand, en in oom Selons se hart so 'n heimwee om hy weet nie wat nie. Dis sommer 'n hartseer.

Meraai het gaan sit en Maria op haar skoot geneem, en Klein Mattewis loop met een van die draadmandjies op sy kop rond.

Meraai sien in haar verbeelding Mattewis, die groot Mattewis, hier in die saal en in die klaskamers, en haar hart raak vol liefde vir hom. Hy sal hier werk en die onderwysers sal lief word vir hom. Ag, sy hoop net juffrou Siebrits kom ook nie in die middag hier werk nie, want sy weet nie so mooi nie. Mattewis is reeds so 'n aantreklike man.

Oom Selons sluit toe. Die nag is op hande. Meraai se besluit is geneem; en na Gonnakolk streep die melkbokke huis toe; voor-aan oom Sep se twee koeskoppe, oom Selons se drie, 'n bonte wat alewig in jou tuin pla en twee wittes met draaihorings. Miekie van Mattewis stap so 'n entjie voor haar uit en die uier swaai heen en weer. Ag ja, en daar is Mattewis op die stoep en hy het 'n paarsel onder sy arm en Meraai wonder wat dit tog is.

Maar dan weet sy. O, Mattewis kan Meraai nie verras nie. Het sy dan nie diep in haar hart 'n pors'leinkat begeer nie? Daardie paarsel onder sy arm kan maar net 'n kat en 'n kat alleen wees.

Mattewis glimlag.

„Kyk wat het ek hier, Meraai," sê hy voor hy nog groet.

„Moet niks sê nie, Mattewis. Ek wil eers met jou praat en dan kan jy vir my sê wat dit is. Dag, Mattewis," sluit sy af en die stem klink amper verwytend nes of Mattewis vergeet het om te groet.

Sy staan op haar tone om Mattewis te soen. Haar stryd is volstry en nou voel sy net toegeneentheid tot Mattewis, en, ag ja, so 'n bietjie hartseer, maar dit is net so 'n krieseltjie. Sy sal nie huil nie. 'n Yslike besluit is geneem; dit het vir haar

stryd gekos, maar nou is dit verby en so sal sy nie huil nie.

Sy stap binne. Die hoed word afgestroop en op die bruin traporreltjie langs die blompot met glasklokkies gesit.

„Mattewis," sê sy en daar is so 'n ruk in haar stem, „ek het nou lank oor die saak op my knieë gedink en ek was by Pa en Boetie en Sussie en ds. Francke. Ek doen nie 'n ding haastig nie. Jy ken my al. As ek ja besluit, dan is dit ja."

Voor sy verder kon praat, raak ou Miekie vreeslik aan blêr in die agterplaas.

„Ag, Elisabet," sê Meraai, „gaan keer Mattewis daar. Hy draai al weer ou Miekie se stert. Toe loop nou gou, my kind. So wil ek nou maar net sê daar is nie 'n haar op my kop wat ooit spyt sal kry oor my besluit nie. Oorlede Ma was net so. As sy iets besluit, kan Pa maar maak wat hy wil, maar haar besluit is geneem. En daarom sê ek jy moenie nou die paarsel vir my gee voor ek klaar gepraat het nie, anders lyk dit so baie na omkopery."

Mattewis gaan voor die traporreltjie sit en maak die klap oop.

„Is dit ook 'n bonte?" vra sy.

„Ja," antwoord Mattewis.

„Waar het jy dit gekoop?"

„Nie gekoop nie. Ek kon nêrens een kry nie en toe sê Suffie ek kan hare kry. Sy wil dit ook nie meer hê nie."

Mattewis se vingers rus op die toetse, hy trap en die orreltjie waa so 'n kermklag.

„Jy moes nie, maar ek is bly. En so het ek toe gedink: jy wat Mattewis is, is 'n flukse man en ons sal nooit gebrek ken solank jy leef nie, en die onderwys is ook 'n edel roeping. So wil ek maar net sê jy kan die werk maar neem. Kan ek nou my pors'leinkat kry, Mattewis?"

Mattewis staan op en toe stamp die swaar stewels oor die vloer van hul eetkamer. Die porseleinkat is in 'n buiteblad van *Die Huisgenoot* toegedraai en word nou sorgvuldig oopgemaak.

Liefdevol betas Meraai hom en toe word hy op die traporreltjie gesit. Daar staan hy nou en kyk reg na Meraai.

Mattewis is sonder die vreugde in sy hart wat hy te wagte was. Hy het in die jare baie lief vir Meraai geword en wonder nou of hy die regte ding gedoen het. Hy is tog die vader van hierdie huis, en 'n vader moet baie versigtig wees.

Die trane loop oor Meraai se gesig en dit kan Mattewis nie verdra nie.

„Meraai, dan los ons dit," sê hy amper weerbarstig.

„Dis nie daaroor dat ek huil nie, Mattewis. Ek sal nooit oor my besluit huil nie," antwoord sy.

„Nou waaroor huil jy dan?" vra hy.

„Ek huil sommer omdat jy so mooi in 'n juniefom lyk en nou sal ek jou nooit weer in 'n juniefom sien nie, Mattewis," antwoord sy.

Het die porseleinkat nou net vir hom uitgerek, of het dit maar net in die skemerte so gelyk?

Daar op die traporreltjie, omdat Meraai nog nie 'n brekkit het nie, staan haar eie-eie porseleinkat nou.

SOPPENHOEF

„Ek gaan vir Pa na ons huisie bring," sê Meraai Offer en byt die rygdraadjie met haar tande af.

Mattewis sit die week-oue nommer van *Die Burger* op die trap-orrel neer.

„Dis nes jy sê, Meraai," antwoord hy ingedagte.

„Ja, ek het so gereken. Eers was Ma daar, en sy was nou wel oud en gedaan, maar sy was tog darem daar en Pa het 'n aan-spraak gehad. Pa verlang baie na Ma. Dit kan ek sien. En Pa was die twaalfde van verlede maand drie-en-tagtig."

Meraai bly 'n oomblik stil om aan hom, haar pa, te dink. Sy knik soms met die kop as sy aan sy vermaninge dink, of glimlag as van sy sêgoed haar weer in die herinnering kom, want die pa van haar was maar 'n onbruikbare mens. Hoe het hy nie haar ma versondig met ou woordjies wat g'n mens kan verstaan nie en dan wil Ma weet wat hy sê. Meraai gooi die kop skuins soos een wat luister, pers die lippe saam en knik met die kop.

„Juistemint," sê hy.

Maria se rokkie word omhoog gehou en met die oog van 'n kenner betrag. 'n Speld word vasgebyt.

„Wat sê jy, Mattewis?"

Dis wat sy wou sê, maar met die speld tussen die lippe klink dit na „Wa se dy Mattees." Maar Mattewis verstaan. O, hy het

sommer baie geduld met Meraai. As sy soms 'n bietjie sinneloos gesels en hy hom so effens, maar dan ook net so effens, vererg, dink hy maar aan haar voortreflike hoedanighede en dan vergewe hy haar.

„Dis nes jy sê, Meraai," sê hy nog eens.

„Dit moes vreeslik wees om so alleen in so 'n groot huis te sit. Mattewis, jy moet tog nie eendag voor my te sterwe kom nie."

Mattewis Offer staan op om sy kromsteelpyp uit die muurkassie te haal.

Nee, Mattewis sal nie voor haar te sterwe kom nie. Dit kan sy nou sien as hy so voor haar verbystap. Dis of hy groter word in die laaste tyd, of sy arms dikker en sy skouers breër word.

„Nee wat, jy sal ook nie voor my sterwe nie. Ek sal eerste sterwe," sê Meraai aangedaan.

Mattewis loer oor die staalraam-bril wat hy by Stoffel Lipman, die smous, vir twaalf-en-ses gekoop het. Dampe word rond geblaas en net gou kan 'n mens die groot Mattewis Offer amper nie sien nie.

„Ek dink aan Pa so alleen daar in ons huisie. Pa het party dae seker nie eens 'n ou stukkie om te eet nie, want Let van ou Mieta is ook maar onhebbelik. Ek sal net môre gaan en vir Pa gaan haal en vir hom in Elisabet en Maria se kamertjie sit en dan kan hulle tweetjies in die buitekamer gaan . . . . Dis te sê as Pa net sal kom, want dit sal nog 'n ander ding wees. Pa is nog kapabel genoeg en sê: ‚Loop na jul peetjie.' Wat is peetjie, Mattewis?"

„Peetjie is . . . . is . . . . " sê Mattewis en rook haastiger.

Klein Mattewis het tot in die deur van die eetkamer gekom. Hy het 'n rooiflennie-naghemp aan wat tot aan sy voete raak, 'n erfstuk van sussie Maria.

Meraai stamp met haar kop in Klein Mattewis se rigting en sê: „Pst, Mattewis!"

„Kêrel," sê sy pa met 'n dik stem, „wat maak jy hier? In die bed!"

Klein Mattewis vertoewe nie 'n oomblik langer nie.

„Aan wie laat hy jou dink, Mattewis?" wil Meraai weet.

Sy wag so 'n rukkie. Mattewis antwoord nie. As hy niks te sê het nie, sê hy dit ook nie.

„Kompleet oom Alwert Offer." Meraai het komplee . . . eet gesê. „Ek hoop tog nie hy gaan eendag net so suinig soos sy oom Alwert wees nie."

Dit raak stil in die Offers se eetkamer. In Mattewis se buurt, veral rondom sy groot kop, hang swaar rookwolke. Sy voete, nog in die groot stewels, staan neffies mekaar en sy hande rus op sy knieë. Daar is vrede in die Offers se huis; daar is maar altyd vrede in die Offers se huis.

Meraai Offer se pa, oom Sep Botes, woon op die onderpunt van die dorpie. Dis 'n platdakgebou met grys mure en lyk nogal effens na oom Sep Botes. Dit maak 'n droë indruk op 'n mens, net soos oom Sep 'n mens ook aan 'n bokkem herinner. Oom Sep van Gonnakolk het 'n generaal Smuts-baardjie, die nek van 'n ou-ou skilpad en wit-bleek hande met blou are daarop. Die huis van hom en oorlede tant Betjie Botes lyk baie na 'n duiwehok, want soos die kinders aangegroei het, so het daar altyd 'n kamer bygekom. Dis dan 'n kamer links en dan weer 'n kamer regs, of 'n kamer agter in die agterplaas, of 'n kamer vorentoe. Nou, oom Sep was nog nooit 'n argitek nie en so het die gebou later ook maar gelyk soos hy gelyk het. Maar dis nou nie ter sake nie. Ons wil net sê: daar het oom Sep gewoon en hy was die twaalfde van verlede maand drie-en-tagtig.

Oom Sep was altyd maar selfstandig. Miskien nie in aardse goedere nie. Hede nee! Hy en Betjie het deurentyd gewerk dat hulle die kromme note haal, maar as ons sê hy was selfstandig, dan bedoel ons hy het niemand iets gevra nie. Kyk, hy was die

skoenmaker van Gonnakolk, en wie kon dit beter doen as hy? Dan was hy 'n man wat pompe herstel het en skrynwerk vir die dorpsmense gedoen het. En nie duur nie. Dis sorg en vlyt wat hom gebring het waar hy is. Maar nou is hy oud en Meraai so onrustig oor hom.

Oom Sep Botes het 'n mode gehad om in duistere redes te praat en dan kan hy so lekker lag as die mense hom nie verstaan nie. „Jaap saap gaap," sal hy sê, en as Meraai en oorlede tant Betjie nie verstaan wat hy bedoel nie, lê hy soos hy lag. Vra hulle hom wat dit beteken, antwoord hy net: „Aap naap waap." Later sal dit blyk dat hy om koffie versoek het, of moontlik die dosie skoenspykers gevra het.

Oom Sep was 'n egte ou huishoender. Gee hom sy werk, smiddags Betjie se boontjie- of aartappelsop en saans sy frikkadel en rooi pampoen en hy sal nie veel meer vra nie. As hy dan Sondae nog doekpoeding en braaiboud met geelrys en beetslaai kan kry, is hy doodgelukkig. 'n Mens sou dit nie sê nie, maar hy het tant Betjie baie-baie liefgehad.

Sy was nie veel om na te kyk nie. Rank en skraal, die Betjie Botes, met 'n mond wat skeef getrek het na die koue wat sy in '26 in haar gesig gekry het. Sy het 'n dierbare magie gehad wat vorentoe gewip het en twee skouers wat baster gehang het. Maar oom Sep het haar hart geken, en ons nie.

Toe ontval sy hom mos. Aag, dit was hier kort na Klein Mattewis se geboorte, Klein Mattewis van Meraai. Sy het nog die agtermiddag op die stoep gesit en ertjies uitgedop, die aand nog self opgewas en Sep se warm water vir sy voete gebring. Hulle het die aand soos ander aande gaan lê, sy voor en hy agter, want sy moes baie nagte opspring om na die suurdeeg te kyk of die brood uit die oond te haal, en die anderdagoggend was sy nie meer daar nie. Sommer so in die slaap gegaan. Dit was vir Meraai te vreeslik. Ma het nie eens 'n laaste boodskap gelaat nie.

Maar oom Seppie het van toe af vinnig agteruitgegaan. As 'n mens een-en-tagtig is, staan jy by die jare wat die Woord vasgestel het en so het oom Sep gereken dit kan nie meer lank duur nie. Dis of iets met hom gebeur het. O, hy was nog die Sep Botes van vroeër, vol grappies en onbruikbare streke, maar as hy alleen in die huis is, het hy geweet. Hy het geweet. Nie dat hy omgee nie. Hy het 'n goeie lewe gehad; hy het elke dag geniet as van onse Liewenheer selwers en sal nie klae nie. Maar hy weet darem dat sy daggies kort word en dan moet hy gaan. Toe het hy begin wonder hoe dit moet wees om te gaan. 'n Man sal natuurlik nie wil gaan nie, want die ou lewe en sy kinders was goed vir hom. Daar is darem Betjie en ses kleintjies wat vir hom wag.

Toe Meraai dan die Maandagoggend vroeg-vroeg daar kom, was hy glad nie onwillig om te gaan nie. Let, die kombuisbediende, kon net sê: ‚Dis goed, nonna. Die oubaas verlang tog te baie.' Daar was honderd-en-een dingetjies wat hy eers gou wou doen: die windpomp moet 'n mens vasmaak, die luike van die vensters moet toegemaak word; die komberse moet Meraai tog samblief in die kas bêre, en dan is daar nog ou Soppenhoef ook.

„Soppenhoef!?" vra Meraai en stap agter oom Sep aan na die kombuis. „Wat se ding is Soppenhoef, Pa? Of is dit maar weer Pa se onbruikbaarheid?"

„As ek nie meer die dag daar is nie, wil ek hê jy moet ou Soppenhoef kom haal en vir jou vat, Meraai," sê die ou en lag heerlik.

Meraai stap weer agter hom aan na die spens.

„Maar dan sal ek moet wéét wat Soppenhoef is, Pa."

„Dan sal jy weet wat ou Soppenhoef is. Dis nie 'n mens en dis nie 'n dier nie, dit kan nie vlie nie en tog staan dit ook nie," sê oom Seppie.

„Ag, Pa is al weer laf."

Hulle dink aan dieselfde ding. As Ma nou hier gewees het, sou sy sommer gesê het: „Sep, laat staan die gelykenisse en sê wat jy wil sê!" Oom Sep sug.

Hulle sluit die agterdeur en toe loer oom Sep eers of daar nie nog vuur in die stoof is nie. Die geoliede perskepitvloere blink in die dowwe lig. In die eetkamer val 'n ligstreep deur die dak waar die sink 'n skeur gekry het. Die ligstreep val op die groen kleedjie van die tafel, en toe Meraai weer die patroon van die kleedjie sien, dink sy mos aan Mattewis.

Hulle sluit die voordeur en daar is hulle op die stoep.

Meraai voel na huil. Pa sê dan nie 'n woord nie. So ken sy hom ook. Sy kan nie onthou dat sy hom al ooit bedroef gesien het nie. Hy sal stil word, sy grappies laat staan en miskien sal daar 'n moegheid in sy blou oë kom, maar dit sal al wees. Klae sal hy nie, en murmureer nog minder.

Meraai haak by hom in en vat die groot kakiekoffer in die ander hand.

„Up!" sê Meraai by die eerste treetjie en knel sy arm in hare vas. „Die ou bene is ook nie meer wat hulle was nie, nè, Pa?"

„Die ou bene makeer niks nie. Ek sal nog 'n vlermuis uit die dak skop," sê oom Sep en probeer 'n paar passies, maar dit wil ook nie bra gaan nie.

Meraai voel trots. Sy het nog nie so daaraan gedink nie, maar sy kan mos trots wees. Wie het harder gewerk as Pa en waar kan jy 'n eerliker man kry as hy? Daar was nie 'n minuut dat hy nie gewerk het nie. Hy het saam met prinse geëet en by konings was sy plek. Miskien is dit nie so nie, maar hy was darem 'n vriend van oorlede dominee Raubenheimer.

Hulle skep die stofstraat na Meraai en Mattewis se nuwe tuiste. Sy gewaar Barney Lewinski op sy winkelstoep en dink toe wat alles oor haar hoof gegaan het vanaf die tyd dat sy by hom in die winkel gewerk het tot nou toe. Sy is nie net Meraai Botes,

lelike Meraai Botes nie. Nee, sy is vandag Meraai Offer met drie kindertjies, Elisabet, Maria en Klein Mattewis en haar man is nou eintlik in die onderwys. Sy het ver gekom. Van Mattewis kan 'n mens nie soveel as die swart van jou nael sê nie.

Dis 'n dag in die vroeë herfs en dan kan dit tog so onhebbelik warm wees op die ou Gonnakolk. Die stof brand in Meraai se neusgate en so ver as sy en oom Seppie stap, slaan 'n stoffie onder hul voete op. Een van ou Alwert Wessels, die karweier, se donkies sit 'n gesang in wat jy wie weet waar kan hoor. Oom Mank Sarel Viljee se hond storm buitentoe, hoenders vlieg na veiliger oorde en wat sit-stap, is Meraai en oom Sep.

„Ons staan net so 'n oomblikkie," sê-versoek oom Sep.

Hulle maak dan ook so.

Die enigste straat van Gonnakolk is stil vanmiddag. Meraai en oom Sep rus onder 'n peperboom na aan Swart Lewinski se winkel. Haar oë trek op skrefies, want sy kyk onder die son in na die eerste huisie van haar en Mattewis. Ag, in daardie vaal platdakhuisie het sy en Mattewis self vreugde geken al het sy haar ook een agtermiddag amper doodgeskrik vir ou Kommie en Mattewis se houtswaan. En kyk wat het hulle darem al vandag! 'n Staandakhuisie met 'n groen veranda.

„Kom, Pa," sê sy en vat sy arm weer vas.

Meraai stoot die voordeur oop en sê:

„Hier is ons nou, Pa. Ek hoop Pa sal baie gelukkig hier wees. Ek is bly ek kan ook iets vir Pa doen na alles wat Pa en oorlede Ma vir my gedoen het. Die Here seën vir Pa lieflik hier by ons."

Oom Sep gaan op die rottangsofa in die voorportaal sit terwyl Meraai vir hom 'n koppie koffie gaan skink. Hy is gevoelig vir hierdie vreemde atmosfeer, hierdie nuwe huis met sy deftige meubels. Hy klop 'n slag met sy vuis op die rusbank, beskou die afdruk van die smal- en breë weg aan die oorkantse muur en sê: „Hiert jou, agge!" as hy skielik die opgestopte ratel hier slap

regs van hom gewaar. Hy sal niks vir Meraai laat agterkom nie, maar hy sal sy huis maar baie mis. Dis of hier te baie lig is en hy na die donkerte van sy eie huis verlang, ag, en na die yster-ledekantbed met sy kap en lakenboog. Die kinders is baie goed vir hom, dit weet hy, maar elke mens wil maar in sy eie huis sterwe. Hy verlang, hy verlang selfs na die ligstreep deur die skeur in die dak.

„Soppenhoef," sê hy en sug.

Dis aand op Gonnakolk. Dis 'n goeie aand op Gonnakolk. Al die aande is maar goed op die ou dorpie. Jy het dan lus om jou diepste geheime aan jou medemens te vertel en om daar op jou knieë jou hart uit te stort. So 'n aand is dit mos stil op Gonnakolk en as die balke van Mattewis se huis kraak, is dit net om 'n groter stilte en innigheid agter te laat. Mattewis rook, maar nie oom Seppie nie. Dit het hy jare gelede op sy knieë uitgespook en toe die ou pyp onder die peperboom by die tuinhekkie gaan begrawe. Daarom rook hy nie. Hy het 'n belofte aan sy Liewenheer gemaak om nooit en nooit weer te rook nie. Om Mattewis se groot kop lê die rookwolke dig.

Meraai werk aan 'n rokkie vir Maria. Dis een van Elisabet se rokkies wat sy verstel. Oom Seppie lees die preek in *Die Kerkbode*.

Buite is niemand op straat nie. Op Gonnakolk kan jy verder sien as op ander plekke en die sterre is so oneindig ver. Die ou plekkie lyk nou klein en eensaam met sy flou liggies van kers en paraffienlamp. Daar is nie 'n luggie nie, al het die wind vanmiddag so effens uit die suide gestoot. Dis kompleet of die peperbome langs die straat neergehurk het en wag op iets om te gebeur. Dis aand op Gonnakolk. Dis wat gebeur het.

Meraai glimlag.

„Onthou Pa nog hoe Pa Ma se siel versondig het as Pa goeters sê wat Ma nie kan verstaan nie?" vra Meraai.

Vir ons klink die woorde maar baster deurmekaar, maar by oom Sep jaag dit baie herinneringe op.

„Donnerwetter," sê oom Sep en knik aanhoudend sy grys kop.

„Juistemint. En ons het nie geweet wat die donnerwetter is nie tot Pa vir Ma en vir my sê dis donderweer," vertel Meraai en glimlag.

„Ou dominee Raubenheimer het die woord so graag gebruik en dis by hom dat ek dit gehoor het. Ma het gedink dis 'n vloekwoord. Ai, die ma van jou kon 'n vloekwoord nie verdra nie," mymer oom Sep.

„Onthou Pa nog die dag toe Pa 'n kissie geelperskes van die plaas gebring het? Ma wou die prys weet en toe sê Pa: ‚Herrie, derrie, werrie,' en hoe meer Ma uitvra, hoe meer ‚herrie, derrie, werrie' Pa. En al die tyd is dit mooitjies: ‚Hele daler,' maar Pa kon nooit vir ons sê wat die werrie dan is nie."

„Werrie? Seker maar 'n ware, 'n hale ware daler," antwoord oom Sep en versink in gedagtes.

Hy sluit sy oë en daar is vrede op die gelaat. Hy sal hier nie tuis word nie, maar as hy sy oë sluit, is hy weer in hul huisie. Saans het Betjie sy voete mos in warm mosterdwater laat hou, so warm as wat 'n mens dit kan uithou. Dis die tye dat hy dan *Die Koningsbode* of *Die Kerkbode* lees. Mense het nie saans gekuier nie. Dis 'n mode wat maar later gekom het. Nee, hulle het gesit tot die kers so 'n derde of 'n derde en 'n aks gebrand het en dan het hulle maar gaan slaap.

Meraai verjaag sy gedagtes weer.

„Ma was mos nie een wat gepraat het nie. Toe ons klein was, Tom en Giel en ek, het ons maar na Pa gespring as ons iets wil hê. Ma het net altyd gemaak of Ma nie hoor nie," sê Meraai en draai die rokkie om dit weer van agter te beskou. „Ma het nooit vir Klein Mattewis van ons geken nie en, raai! ek het baie dae die behoefte om hom vir Ma te wys."

„Ma sien uit die hemel op ons neer en sy weet vanaand alles. Sy sien ons drie hier sit en sy kan die kindertjies daar in hul kateltjies sien," sê oom Seppie nadenkend.

Hy sug. Vir sy gedagtes is dit nou net 'n japtrap na die ander ding wat nou al heeldag in sy kop is.

„Maar ek sal eendag vir Ma, miskien baie gouer as wat ons dink, alles vertel; sê hoe dit hier met almal gaan en van jou en Mattewis se nuwe huis en sy werk by die skool en dan van Klein Mattewis," sê hy.

„Pa moenie sulke dinge sê nie. Pa laat 'n mens so aardig voel," berispe Meraai liefdevol.

Mattewis skuif daar in sy stoel rond en maak 'n steungeluid. Hy voel dis tyd om ook iets te sê, maar tussen hierdie gevoelentheid en die oomblik wat hy gaan praat, sal baie minute eers verloop.

Oom Seppie vrees die dood nie, nie eintlik nie. As 'n mens so jonk soos Meraai en Mattewis is, het jy nog drome en wil jy nog lewe. Hy . . . . hy verlang al na die ewige woninge, die huis nie met hande gemaak nie. Soppenhoef, dink hy.

„Ons Botese het almal so gegaan. Broer Alwyn in sy tagtigste jaar en sommer so in sy slaap; broer Niklaas het daar by die slypsteen sommer vooroor inmekaar gesak. Ag-en-sewentig was hy, ag-en-sewentig jaar vyf maande en elf dae. Hulle was almal jonger as ek," mymer oom Sep.

„Ons sal vir Pa mooi oppas en sagte ou kossies maak. Ons het nog vir Pa nodig en daarom moet Pa nie so praat nie. Pa het sommer nog baie jare voor. Pa is mos so vol sêgoed. Sê nou vir ons wat Soppenhoef is. Mattewis, Pa het vandag weer met sy streke begin. Toe, sê vir ons wat Soppenhoef is," hou Meraai aan.

Mattewis roer weer en sê toe:

„Oupa het almelewe gesê hy sal in sy slaap gaan en hy hét

in sy slaap gegaan. Dit was daar op Doringfontein. Oorlede Ma het ons dikwels daarvan vertel. Oupa het sy eie voorbode gesien. Een aand staan hy met sy elmboë op die onderdeur en voel hoe die deur onder hom oopgaan, en hoe meer hy tru druk, hoe meer geweld word gebruik ....”

Skielik het hy nie meer lus om verder te vertel nie.

Meraai het aandagtig geluister. Dit het Mattewis haar nog nooit vertel nie. Sy het nie eens geweet hy het ’n oupa nie. Dit vat so lank om Mattewis te ken. So met rukke en stampe sal sy iets optel.

„En toe, Mattewis?” vra sy.

Maar Mattewis het reeds opgestaan om na die weer te gaan kyk.

Meraai staan op en stap na die muurkassie langs die trap-orreltjie. Dit wou sy hê: ’n muurkassie vir haar huisbybel, Gesangboeke, *Een Toer door Afrika, Reis na die Ewigheid* en *Johannes van Wyk*. Die oliekleedjies vir die rakke het sy self gesny en geknip. Die mooi porseleingoedjies sal eendag daar staan soos daar nou reeds al ’n paar staan. Sy is lief vir die seuntjie wat bid en vir die porseleinnooi wat ’n hondjie vashou. Eendag sal sy meer hê — as dit miskien nie sonde is nie.

Meraai sit die Bybel en Gesangboeke op die tafel neer. So maak sy elke aand. As Mattewis eers uitstap om na die weer te kyk, is slapenstyd ook nie meer ver nie.

Na die lese het almal ’n oomblik stil en nadenkend bly sit soos dit ’n mens pas, en toe het Meraai opgestaan om na die buitekamer te gaan. Sy is trots op haar Mattewis. Hy het nog nooit so mooi huisgodsdiens gehou of so ernstig gebid nie. Sy reken Pa kan ook nou sien hoe ’n goeie man sy gekry het. Hy het vir Pa gebid, vir krag in die gryse ouderdom (so het hy dit genoem, en is dit nie mooi nie) en dat Pa nog baie jare gespaar mag bly. Sy weet hoe swaar Mattewis kry om in die openbaar

te bid en daarom is die gebed dubbeld dierbaar vir haar en gaan sy sommer haar arms netnou om Mattewis se nek slaan en sê: „Mattewis-skat, jy kan mos al in die openbaar bid. Jy moet volgende Woensdagaand vir ons in die biduur bid." Sannie van nig Lenie se man kan so mooi in die openbaar bid en dan het sy almelewe gevoel: Mattewis is 'n baie beter man as Sannie se man. Ag, ja! maar om in die openbaar te bid, is ook nie alles nie. Mattewis .... Meraai Offer kry 'n warm gloed in haar gesig. Sy vat die bont komberse wat oorlede Ma nog vir haar gegee het en stap daarmee na die buitekamer.

Die kers word opgesteek. Daarna word die bont kombers oor Elisabet en Maria gegooi. Meraai druk die komberse weerskante van die twee slapende kinders in, soen elkeen op die koppie om in stomme verwondering dan te bly staan. Hoe het dit gebeur? Hoe het dit gekom dat sy, wat seker nie mooi is nie, alhoewel sy in die laaste tyd oplet dat die sproete haar nogal pas, veral as sy die bruin rokkie aanhet, nou ja, hoe het dit gekom dat sy sulke mooi kinders het? En sy hét mooi kinders, reken sy. Mattewis is ook nie eintlik mooi nie. Vir haar natuurlik. Maar niemand sal sê Mattewis is mooi nie, en kyk hulle ou kindertjies.

„Is dit dan nie te dierbaar vir moeder nie," sê Meraai hardop en glimlag. „Moeder sal maar eendag vir julle doen net wat moeder kan, nè, ma se ou ....," en sy sê 'n ou troetelnaampie wat ons nie wil herhaal nie. „Moeder dink julle moet net so ou kleintjies bly. Nag, stoutsterte."

Sy bly 'n rukkie staan om nog vir laas na die twee slapende kinders te kyk, kompleet nes iemand wat 'n kunswerk bewonder. Daar is so baie tederheid in haar gesig, en Meraai is reg. In die kerslig is sy vanaand nie so lelik nie, nie so baie lelik nie.

„Mattewis-skat, ek dink jy het vanaand pragtig gebid," is haar eerste woorde toe sy die slaapkamer binnekom.

Sy kry dit nie heeltemal reg om sommer die arms om sy nek te slaan nie, maar nietemin het sy naby hom gaan staan.

Mattewis brom iets.

„Mat-tee-wis," sê sy.

'n Kortaf ‚ja' volg.

„Waarom bid jy nooit in die bidure nie? Ek weet tog dis jou begeerte en dis my begeerte ook en as dit nou altwee ons begeerte is, dan, wie weet, moet jy maar."

„Laat ou Skeel Gert en ou Piepkuiken maar bid. Ek bid nie," sê hy gesteurd.

„O. Dis niks nie, Mattewis. Ek moes dit ook nie gevra het nie. Jy weet beter as ek, maar ek het net gereken na ek jou vanaand hoor bid het en daardie mooi woorde uit Jesaja, of is dit nou Jeremia? Maar dis niks nie, Mattewis. Ons verstaan mos mekaar en ek reken altyd so dat as twee mekaar verstaan, dan hoef daar nie eens woorde tussen hulle te wees nie. Hulle weet sommer. Ons hoef vir mekaar niks te sê nie. Jy wil seker slaap. Nag, Mattewis," sê Meraai en verdwyn agter die skerm in die hoek van die kamer.

„Goeiste," prewel sy 'n rukkie later, kom agter die skerm uit en verdwyn op haar kaal voete in die rigting van oom Sep se slaapkamer.

Meraai het vanaand 'n oulike nagjurk aan. Sy het maar merendeels saans oulike nagjurke aan. Daar is die ligteblou nagjurk met die kantgaatjies en die twee geborduurde „high biscuits," die kriem ene met die kantjies en die pofmoue, ag ja, en die een wat Mattewis so baie van hou en sy tog niks van hou nie. Hy kleef so aan 'n mens se lyf, sê Meraai. Nou ja, daar drawwe sy sommer op haar kaal voete en in die wit satynnagjurk met die blou-grys geborduurde blomme na oom Sep se slaapkamer.

Sy maak die deur oop en begin sommer te gesels.

„Pa, ek het amper vergeet. Wat is Soppenhoef? Pa?"

Geen antwoord nie. Oom Sep lê met sy rug na die deur. 'n Sagter: „Pa?"

Meraai gaan nader. Oom Sep slaap reeds en in sy drome is hy by tant Betjie en gesels hulle oor die geelperskes wat hy by Awie moet gaan haal.

Hy is al baie oud, dink Meraai. Sy voel aardig. Hy het altyd voorgevoelens gekry en sy voorgevoelens was elke keer reg. Nou praat hy van gaan .... Ag, sy is bly hy is hier en as hy nou moet gaan, dan is dit tog nie in 'n eensame huis nie. Sy sal 'n bietjie by hom sit.

Meraai Offer gaan oorkant hom sit en 'n glimlag vol van tederheid kom op haar gesig. Goeie Pa. Ook nie eens meer jou vrou by jou nie en wat het jou kinders jou gebaat? dink Meraai. Jy is weer alleen. Kyk die hande. Hulle lyk so van wê--erk. Nie eens die ou kersie doodgeblaas nie, sommer so aan die slaap geraak. Nag, Pa.

„Wanneer kom jy tot rus, Meraai?" vra Mattewis toe sy die kamer binnekom.

„Nou, Mattewis, nou."

„Jy moet meer rus. Jy werk jou skoon op," sê hy.

„En jy dan, Mattewis? Mat-tee-wis?"

'n Bromgeluid.

„Ek was nou daar by Pa in die kamer, maar hy slaap al. Hy het vandag van 'n snaakse ding gepraat en wou my nie sê wat dit is nie. Wat sou Soppenhoef wees?"

Mattewis antwoord nie.

„Ek het skielik gedink: Sê nou Pa gaan sommer skielik in die nag, so skielik soos oom Alwyn en oom Niklaas gegaan het, dan weet ek nie eens wat Soppenhoef is nie. Miskien is dit nog 'n raad aan my of miskien is dit nog iets wat oorlede Ma vir my laat staan het en wat Pa vergeet het om te sê. 'n Mens kan nooit weet nie. En dan, Pa praat ook nie so deurmekaar as wat

jy jou verbeel nie. Eendag het hy vir my nog in ons huis gesê: „Soes, Meraai, Soes," en ek kon nie dink wat dit is nie. En weet jy wat dit toe mooitjies al die tyd was?"

„Kan ons nie nou slaap nie, Meraai?"

„Ja, Mattewis, ons kan. Nag, Mattewis."

Skielik sit sy weer met so 'n ruk regop dat Mattewis helder wakker is.

„Dis seker sop of hoe. Dis wat Pa wou sê. Nee, ek glo darem ook nie, want Pa is nie ene wat lief vir sop was nie. En wat maak jy nou, Mattewis?" vra sy.

„Nee, ek steek die kers op om te lees. Nou sal ek nie weer slaap nie, nie gou nie," sê hy vererg.

„Het ek jou miskien nugter gemaak, Mattewis? Ek is jammer. Nag, Mattewis."

Sy wou so graag met hom gesels het. Sy wil maar merendeels altyd graag met Mattewis gesels. Dis wat hy nie weet nie. 'n Man weet ook nie sulke dinge nie. As hy smiddags daar van die skool kom, het sy sommer lus om haar arms om sy nek te sit en hom te soen. Maar Mattewis glo nie aan sulke kinderagtige dinge nie en nou glo sy ook nie daaraan nie. Maar dat 'n mens na dieselfde kinderagtige dinge verlang, is ook nie altemit nie. En so: Soppenhoef. Vir haar sal Soppenhoef nou maar altyd die plek wees waar 'n mens verlang en waar jou verlange nie stil raak nie. Soppenhoef. Dis seker soos Pa ook verlang, dink Meraai. Daar is so baie mense wat verlang, en jy praat mos nie daarvan nie. Jy bly maar stil, want ander sal tog nie na jou verlangste wil luister nie. En so is daar seker baie meer mense wat verlang as wat 'n mens dink. Sy weet nou wat Soppenhoef is, en as iemand haar vra, sal sy hom kan sê waar die plek is. Dis mos daar as sy aan die ou kinderkleertjies werk en die kinders nogtans so ver van haar af is; dis daar as 'n mens voor Pa se bed sit en Pa weet nie eens daarvan nie en, ag ja! dis as 'n

mens op jou bed lê en na jou man verlang al weet hy dit nie. Dis Soppenhoef.

Toe hulle in die splinternuwe huis getrek het, het sy vir haarself gesê: Meraai, nou het jy alles wat jou hart begeer en jy hoef nie meer so te verlang nie. Jy het nuwe meubels en die geld is daar as jy straks nog iets wil hê; Mattewis is fluks en bring baie huis toe; jou kindertjies is welgeskape, dankie Liewenheer, en gesond en jy het die gawe ontvang om van 'n stukkie matterjaal 'n oulike rokkie te maak. Sê nou wat jy nog begeer, Meraai? En reken, Meraai kon haar toe nie antwoord nie. Maar so is die mens. Nou wil sy graag 'n matjie vir die lôbie hê en 'n spieëlkas in die kinders se kamer, en Mattewis wil nog 'n groot draadloos met grêmefounplate hê. En so het Soppenhoef ook na haar toe gekom; so sonder dat sy hom eintlik opgemerk het. Sy kan nie die dag en datum sê wat die verlangste na ander dinge na haar gekom het nie, maar hulle is tog daar. Toe sy net Meraai Botes gewees het, het sy na 'n goeie man verlang. Noudat sy 'n goeie man het (sy skuif 'n ietsie nader aan hom) het sy na ou kindertjies (sy bloos) verlang, en toe hulle kom, was dit weer na meubels en porseleingoedjies.

Maar nou verstaan sy die verlange en reken dit moet seker maar so wees — al weet sy nou nie mooi wat Soppenhoef is nie. Raai, sy kan nou glad nie onthou wat dit is nie en noumaartjies het sy so goed geweet. Wag, sy sal net môre vir Pa vra, besluit Meraai.

Toe vou sy haar hande onder die kombers saam om te vra dat Elisabet en Maria tog daar in die buitekamer bewaar mag word en nie op hul kaal voetjies van die bed klim nie. Sy het net die ander dag so 'n yslike skerpioen reg onder die bed doodgemaak. Maar die skerpioene het ook hulle baas, het haar pa altyd gesê. Amen.

Toe die oggend nog maar net so blou-grou is, staan Meraai

op om die vuur in die stoof te gaan aansteek. Sy neurie die Aandgesang en vind daar niks komies in nie. Nou kom sy terug kamer toe en begin haar klee. Sy staan daar waar dit nog donker is en kyk kort-kort na Mattewis se kant. Mattewis slaap nog. Een groot hand rus bo-op die bont kombers, en sy het die begeerte om daaraan te vat. Toe Mattewis roer, gooi sy gou die rokkie oor, maar hy het nie wakker geword nie. Sy het nou net gedink: Ai, Mattewis, ek wens mos jy wil ook op 'n dag loer . . . . Haai, Meraai! sê sy hardop en stap haastig kombuis toe.

Die Jopie Fourie-koppie word reggesit en toe die De Wet. Sy self drink maar uit een van die kombuiskoppies met die tjip in die rand. Toe onthou sy dat daar nie melk in die huis is nie. Sy skep die blou emmertjie en stap na die paaltjiesskerm in die agterplaas waar Miekie, die bokooi, snags staan. Nou blêr sy sulke steungeluide om Meraai soos 'n ou bekende aan te kyk. Haar twee spitsore staan regop langs die kop. Meraai hurk langs haar neer en knyp die hotagterbeen vas om te melk.

Ons vertel hierdie dinge so in besonderhede omdat Meraai agterna in elke ding 'n voorteken gesien het. Sy vertel hoe die oggend rooier was as ander oggende, wat haar op die gedagte gebring het dat onheil vir haar wag.

„Ag ja, ou Miekie!" sug sy toe.

Sy kom kry Mattewis reeds wakker met sy twee groot hande onder sy kop.

„Môre, Mattewis," sê sy en wag nie eens op die wedergroet nie. „Ek wonder nou of ek vir Pa koffie sal bring en of ek nog 'n rukkie sal wag. Dis nog stil in die kamer en Pa was altyd een wat vroeg wakker word. Wat sê ek nou! Haai, Mattewis, het jy gehoor wat ek sê? Ek sê Pa is altyd een wat vroeg wakker word, en waarom is dit so stil in die kamer? Ag, moenie dat my ou vadertjie iets oorgekom het nie! Asseblief."

Meraai hardloop met haar hand op haar hart na die slaap-

kamer. In die skemerte sien sy die bed en die figuur, maar of hy nog leef, weet sy nie.

„Pa!" en weer: „Pa!"

Dis stil.

„Mattewis!" skree sy benoud. „Mattewis, kom gou en bring die kers saam."

Meraai bly beangs voor die bed staan. Na haar oë aan die donkerte gewoond geraak het, merk sy oom Sep lê op sy rug en die oë is op haar gerig.

„Pa, hoekom praat Pa nie? Pa, kan Pa my hoor?" vra sy en buk oor hom.

Mattewis kom die kamer binne met die kers en blaker in sy hand. Die dowwe lig val op die ysterkateltjie, die medisynekassie teen die muur, nog 'n kateltjie teen die oorkantse muur, en op die bruin klerekas van oorlede tant Betjie. Maar die kerslig val veral op oom Sep daar op die bedjie.

Oom Seppie sluk swaar en roer die lippe effens, maar daar kom geen geluid nie.

Meraai het nou een van oom Sep se hande in hare en sy vryf die bleek, benerige hand.

„Mattewis, gaan roep gou-gou vir swaer Selons en sus Suffie en hoor sommer of die dokter ook kan kom. Maak gou, Mattewis!" beveel sy.

Meraai gaan op die bedjie sit en hou oom Sep se kop op haar skoot. Dis al of hy iets wil sê.

„Wat is dit, Pa? 'n Bietjie water? Nie? Het Pa nie lus vir 'n bietjie koffie nie? Lê net so. Ek gaan 'n koppie koffie skink. Selons en Suffie sal nou-nou hier wees."

Meraai draf kombuis toe en sover sy gaan, bid sy net dat oom Sep tog nie moet gaan nie. Oom Sep sal eendag moet gaan, maar tog nie vandag nie. Sy is nog nie klaar vir die dood nie. Ma het altyd doodsklere in die huis gehad, vir haar en Pa,

maar Meraai het nie daaraan gedink nie. Die lewe is so kortstondig en onseker. Sy en Mattewis sal vir hulle ook moet kry. Die dood wink ieder uur. Reken, Pa lyk nie so sleg nie en sy hand is ook nie koud nie. Hy kan net nie praat of homself beweeg nie.

„Lam!" sê Meraai en slaan haar hand op haar mond.

„Dis tog te vreeslik. Die arme Pa. Ja, wat is die mens," sê Meraai en gooi 'n knypie sout in oom Sep se koffie. Dis soos hy dit almelewe drink. Suffie sal ook nie weet wat hier in die vroeë ure van die môre aangaan nie, alhoewel hulle mense is wat voordag al by die panne mosbolletjies staan.

Meraai stap kamer toe. Oom Sep word liefdevol gehelp en aldeur gesels Meraai. Hy hoef hom nie te ontstel nie. Sy en Mattewis sal hom oppas. Dis 'n voorreg om so 'n pa op te pas en sy het die genade ontvang vir so iets. Pa kan reken op haar en Mattewis.

„Drink nou die ou koffietjies, Pa. Aaits, hoe loop dit uit. 'n Jongkêrel mors mos nie in sy bed nie. Dis niks. Die ou laken is tog vuil. A! Was dit lekker, Pa? Nou skud ons die kussing reg en ons sit weer Pa se mus op en dan rus Pa. Dis nie nodig om Pa te ontstel nie. Ons is hier."

Meraai sleep 'n stoel tot voor die bed en gaan daarop sit. Sy vat weer 'n maer, bleek hand in hare. Sy kyk na die blou are wat nie meer so vol bloed is soos vroeër nie. Vir haar was oom Sep altyd maar oud. Toe sy klein was, het sy gedink hy is al baie-baie oud. Dis 'n genade dat sy hom gister gaan haal het, want anders het hy nou alleen in sy huisie gelê.

Gisteraand het Mattewis gebid. Dis nou soos 'n anker vir haar. Dis of sy nou krag sal hê as Pa moet gaan. 'n Mens val op jou knieë en jy weet nie wat met jou gebeur nie, maar as jy opstaan, voel jy weer gesterk. Sy voel nou lus om te sing. Net, sy sal nie sing nie, want straks hinder sy vir Pa, dink sy.

Maar soos sy hier sit, het die ou pors'leingoedjies en die meubels wat sy by Lewinski gekoop het, daardie hoërugstoele met die matjiesgoed in die rug, vir haar nie meer die waarde van vroeër nie. Haar ou teesêtjie is nou maar kompleet soos die kombuiskoppies met die tjips. Alles moet tog vergaan en die mens moet gaan, dink sy.

„Kan ek iets vir Pa bring?" vra sy besorg. „Ag, my ou vadertjie, jy was jou lewe lank 'n goeie mens, en om nou so te lê! Dis om te huil. Is daar dan nie eens verlossing vir die goeie mense in die lewe nie? Pa was vir ons almal 'n voorbeeld en Ma het almelewe vir ons gevra om Pa se voorbeeld te volg. H'm, my ou vadertjie?" sê sy met trane in haar oë.

Klein Mattewis kom op sy fris beentjies binnegestap.

„Kom hier, Mattewissie. Oupa is baie-baie siek en ons moenie nou raas nie. Sê: Môre, Oupa."

Sep Botes wil iets sê. Meraai luister besorg maar word niks wys nie. Meraai het nou haar los arm om Klein Mattewis geslaan asof sy hom teen die lewe en die dood wil beskerm.

Buite word voetstappe gehoor en dan is Mattewis en Selons en Suffie daar.

Dit is te veel vir Meraai. Soos 'n kind leun sy teen sus Suffie se breë bors en snik en snik en snik.

„Toe maar, Meraai, toe maar, toe . . . oe . . . maar, my ou sussie. 'n Mens kry krag vir alles en hiervoor sal jy ook krag kry. Seppie het die beroerte, of die slaapberoerte, soos die mense sê, en hy ly glad nie."

Hierdie laaste woorde fluister tant Suffie in Meraai se oor terwyl sy haar oë op oom Sep hou. Haar kennis van siekte sê vir haar wat oom Sep makeer, en vir Meraai wag nou 'n tyd van baie sorg, weet Suffie.

Oom Selons (hy is sulke tye maar baie onthuts en verslae) staan voor oom Sep se bed en knik met die kop.

„Kan ek help, Seppie?" vra hy en knik weer 'n paar keer met die kop. Dis of hy die praatwerk vir oom Sep wil doen. „Sê maar as ek iets kan doen."

„Mattewis, bly jy hier by Pa. Ons gaan eers eetkamer toe," sê Meraai.

Mattewis gaan groot en stewig voor oom Sep sit. Die stoel klae onder die 212 pond.

Meraai, gevolg deur Selons en Suffie, stap na die eetkamer. Sy gaan by die tafel op een van haar mooi stoele sit en sê:

„Sit, Sussie; sit, Boetie. Ag, Sussie, net gister het ek vir Pa daar by ons huisie gaan haal en nooit gedink dit sal sy laaste gesonde dag op aarde wees nie. Kan Sussie my hoor?" vra Meraai, want Suffie word by die dag meer hardhorend.

„Ek hoor goed," antwoord tant Suffie.

„Hy het gisteraand gesond loop lê, nes ek en Mattewis. En nou is ek eers bly dat ek Elisabet en Maria in die buitekamer gesit het en vir Pa op Elisabet se bedjie. O, alles moes nou net so gebeur het. Ek kan dit aan alles sien. Ek moes vir Pa gaan haal het en hy moes in daardie kamer kom en nou moet hy daar lê as 'n spieël vir ons om in te kyk. Ja, wat is die mens!" sug sy.

„Meraai, jy is vir ons almal tot 'n voorbeeld. Ek sê netnou vir Mattewis: ‚En Meraai tog? Meraai is altyd so halsoorkop en so sonder raad.' En hier kom kry ons vir jou kalm en bedaard en jouselwers. Dis al 'n wonderwerk. Ja, so word daar vir ons altyd gesorg," sug tant Suffie.

„Ek kan dit self nie verstaan nie, Sussie. Dit is soos jy sê. Ek kan sommer my kop vir die kleinste ou dingetjie verloor. Miskien sommer as Mattewissie se ou magie onderstebo raak of as Elisabet aan die bloei raak. Ag, en dan word Mattewis tog so ongeduldig met my, maar ek kan dit waarlik waar nie help nie. Dis sommer maar net soos ek is. En hier is ek kalm. Ek

gaan gou vir Boetie en Sussie koffie haal," sê Meraai Offer en staan op.

Suffie kyk vir Selons en knik met die kop.

„Sy besef nog niks nie," sê tant Suffie. „Dit sal later eers kom. Die skok was te veel vir haar. Sy het darem al gehuil en dis tog iets."

„Wat van Seppie?" vra oom Selons terwyl hy uitreken hoeveel jare Seppie ouer is as hy.

„Partykeer gaan dit gou en ander tye sloer dit jaaa . . . re. Daarom sê ek Meraai besef nog niks. Sy het nou 'n baba op haar hande, en sal sy die krag hê om hom aan te trek en om te draai? Sy besef nog niks," sê tant Suffie weer.

Meraai kom binne met die koffie.

„Meraai, waarom het my klein sussie dan haar nuwe koppies gaan uithaal?" vra tant Suffie.

„Ag, ek het vanoggend gedink 'n mens moenie so geheg wees aan die aardse goedere nie. Wat is die ou teesêtjie tog nou? En toe is dit vir my of ons almal vir ons so mooi aantrek en ons is nes die ou teesêtjie van my. En nie hoe lank nie of ons kry 'n tjip en dan is ons soos my kombuiskoppies. Toe sê ek sommer: ‚Ag, asseblief, laat die koffie binne in my liewer mooi wees en lekker smaak al is ek ook dan nou 'n kombuiskoppie.' Toe voel ek sommer baie beter."

„Jy het wonderlike genade ontvang," sê tant Suffie.

„Ja, en Pa het gister 'n ding vir my gesê. Boetie weet mos hoe onbruikbaar Pa is. Hy praat in vreemde tale en kan 'n mens se siel tog so versondig. Maar daar is altyd 'n lessie in, al verstaan 'n mens dit nie dadelik nie. Wat sê Pa mooitjies gister vir my? Ag, hy het seker toe al geweet hy moet gaan. Hy sê: ‚As ek gaan, moet jy na die huis kom en Soppenhoef vir jou vat.' Ek kon niks verder uit hom kry nie. Toe dink ek gisteraand: Soppenhoef is seker maar sop of hoe? Maar nou eet Pa glad nie

eens sop nie, en so kan dit tog nie wees nie. Raai, en toe weet ek sommer skielik wat Soppenhoef is. Dis 'n . . . . nee, dis ook nie 'n plaas nie. Nou wat het ek weer gedink is Soppenhoef? Raai, Sussie, ek kan ook nie meer te goed onthou nie, maar gisteraand het ek geweet wat Soppenhoef is en dit was 'n wonderlike ding, 'n ding wat ons almal in die lewe nodig het. En dis vir my al of ek nou ook by my Soppenhoef gekom het. Dis seker maar dit. Miskien is hierdie ou huisie my Soppenhoef. Ag ja, ou vadertjie, jy het 'n mooi lewe gehad."

Meraai sug en vou haar hande saam.

Mattewis waak by oom Seppie, maar oom Seppie het al verhuis; dis net dat Mattewis dit nog nie weet nie.

Miskien weet oom Seppie daar anderkant nou baie dinge, al weet Meraai nie eens wat Soppenhoef is nie.

In die eetkamer wag oom Selons en tant Suffie en Meraai op die doodsengel.

In Soppenhoef wag ons almal . . . .

UW LIEFHEBBENDE EGGENOTE

MATTEWIS IS nou al ag dae weg en Meraai is alleen. Mattewis kamp op Hotnotsfontein by oom Gert Verster en sal seker vier maande daar bly. Hy sal natuurlik met geleentheid Gonnakolk toe kom, ás daar geleentheid is, maar Meraai moet tog nie daarop staat maak nie.

Dis vir Meraai 'n yslike en 'n yslike berg. Wat sal sy sonder Mattewis maak? Swart Lewinski noem haar nou 'n grasweduwee, maar ag, hulle moenie met sulke dinge spot nie. Dis 'n vreeslike iets om 'n weduwee te wees en sy hou niks van sulke ydelheid nie. Sy is Mattewis se vroutjie, ag ja! en Mattewis leef nog, en as sy nou hier oor die vaal bult sal stap en aanhou stap, sal sy sy kar met die klein tentjie langsaan iewers kry.

Sy het vir Mattewis belowe om na alles te kyk. Sy en ou Sabien en klein Olyntjie sal self die skool skoonmaak en na hulle tuintjie daar langs die rivier kyk. Mattewis het naamlik 'n morg of so van die munisipaliteit langs die rivier gehuur, toegekamp, en daar sy mielies, rankgoed en boontjies geplant.

Dis vir haar niks nie. Wat is werk nou? Maar Mattewis is nie hier nie en Mattewis is nie daar nie. Kom sy in die slaapkamer, dan dink sy net: „Waar is Mattewis tog?" of: „Hier staan Mattewis se kampskoene jou waarlik waar, en sal oom Gert Verster tog vir jou 'n paar skoene hê?" Of dis aand en dan dink sy: „Dis mos Mattewis wat ek nou hoor loop. Kompleet soos hy.

So: jomp, omp; jomp, omp." Ag, en dan gaan sy sommer op oorlede ouma se groen wakis sit en sy raak aan die huil.

Ander mense kry baie kuiermense maar sy en Mattewis nie. Sy wonder of die fout by haar lê, want by Mattewis sal dit nie lê nie. Almal is lief vir Mattewis. Nou het sy so gereken: Mense kom net graag by mooi mense en almal weet sy is nie mooi met haar twee moesies nie en nou wil die mense liewer nie by haar huis kom nie. Nou is sy vir Mattewis se onthalwe bly dat hy op Hotnotsfontein by oom Gert Verster kamp en ook weer 'n slag mense sal sien.

Vier maande is baie lank. Sy het uitgereken dat die mielies dan al ryp sal wees en die rankgoed af om nie eens van die boontjies te praat nie. Daar sal, hoeveel nou weer? nie minder as sestien Sondae verbygegaan het nie voor sy vir Mattewis weer sal sien. Sy onthou hom so goed. Sy sal 'n prentjie van hom kan maak as sy nou net die gawe besit het. Hy het mos die mooiste kuif op Gonnakolk en daar is nog nie 'n grys haar op sy kop nie. Hy kan altyd so met sy duim teen sy voorvinger vryf en vryf en dan wonder sy wat hy dink, want 'n mens weet mos nie wat jou man dink nie. Die Here het in sy goedheid vir 'n vrou 'n man gegee, en vir haar het Hy 'n wonderlike man gegee en sy is hom nie werd nie. Dis Mattewis. Deesdae dra hy mos 'n vosbaard en die goed kriewel in jou nek as hy jou soen.

Sy het nou skryfgoed by Lewinski laat haal, maar die pakkie nog nie oopgemaak nie. Oorlede Pa het haar na standerd drie uitgehaal, maar sy het darem met die Bybelklas en die Katkisasie en al heelwat geleer, en so reken sy sy sal kan skryf. Saans as dit stil is, sal sy so elke aand 'n blaaitjie by skrywe tot sy genoeg het, want stimps is nou so duur.

Meraai werk maar in die huis. Reken, dit help. Gonnakolk se mense het nog nooit verstaan nie. Vandat sy kan onthou, was sy maar alleen; eers omdat Boetie-hulle en sy nie saam op skool

was nie; toe sy ouer was, het ander nou net nie by haar kom kuier nie — glo omdat sy so lelik is, wie weet? Haar beste tydjie was toe sy by Lewinski in die winkel gewerk het. Toe het sy tog mense gesien. En toe sy nou glad nie meer hoop gehad het nie, kom Mattewis mos mooitjies en hy tel haar sommer van die vloer af op, die sterk Mattewis. Van toe af het sy sommer onder sy arm ingekruip en net vir Mattewis geleef.

Dit het so gekom dat Mattewis nog mooi ook is. Meraai hyg amper na haar asem daar waar sy voor die naaimasjien sit met Klein Mattewis op die vloer. Mattewis is nes 'n orkaan, wat dit ook vir 'n ding mag wees. Hy sal rûens teen jou verbystap en jou nimmendal eers sien nie, of jou sommer ewe skielik aan jou skouers gryp en sê: „Soen vir my, Meraai." En raai, dan soen sy hom sommer. Daarom sê sy hy is nes 'n orkaan.

Sy kan niks doen as Mattewis nie daar is nie. Nee, dis nie wat sy bedoel nie. Sy kan nog alles doen soos huis aan kant maak, opwas, klere maak, bok melk of water lei. Maar wat sy nou bedoel, is dat die ou hande dit doen en sy is nie by die werk nie.

Meraai rem aan die kinderrokkie tot die draad 'n ent uit die naaimasjien is en byt die draad dan af.

'n Mens se gedagtes loop ook so rond, dink Meraai. Sy het flussies begin dink hoe mooi Mattewis is en dit net so gelos. Raai, waarom nou? Sy onthou hoe sy altyd in Pa se huis geskrik het as sy sy voetstappe op die perskepitvloer hoor, of hom hoor sê: „Naand, Meraai." Sy stem is grof en het haar aan die begin aan die vroeërtydse magistraat laat dink. Die mense het almelewe gesê sy stem is so grof omdat die weer eenkeer naby hom neergeslaan het. Sy wonder of dit waar is. Miskien het die man baie groot geskrik en dis dié — die magistraat bedoel sy.

Sy raak nou nog ontsteld as Mattewis te na aan haar kom, of te hard op die vloer stap, want hy het 'n mode om so hard te stap en dan dink sy net: „Ag, Mattewis, sal jy altyd maar lewe

solank ek lewe, of sal ek eendag alleen moet sit? Want dan, Mattewis, wil ek nie lewe nie. Ek was té alleen voor jy gekom het."

Meraai kyk op. Dis die uur net voor die nag kom. Daar lê Gonnakolk, want hulle huis staan mos so effens tru van die ander. Sy sien niemand nie. In die lokasie dwaal 'n paar donkies en daar trek rokies ook. Dis so alleen vandat Pa dood is, dink Meraai. Sus Suffie kan ook nie meer loop nie en sy wat Meraai is, het haar werk en so kan sy ook nie daar kom nie. Werk. Meraai, werk jy maar tot die biltonge agter jou blaaie seer is en dan gaan jy lê, sê sy vir haarself. Meraai, moet tog nie aan die vier maande dink nie. Dink net hier kort voor jou.

Meraai Offer maak die naaimasjien toe, pak die halfklaar kleertjies bymekaar en stap kombuis toe om 'n stukkie vir vanaand klaar te kry.

Miekie kom en sy gaan haar melk, die bietjie wat sy dan nog het. 'n Koue windjie het opgespring en sy dink hoe seer haar arms vanaand weer sal wees. Maar dis niks; as sy net kan slaap. Elisabet en Maria kom van die skool waar hulle ou Sabien en klein Olyntjie gehelp het.

„Gaan doen nou julle huiswerk, my kinders," sê Meraai.

„Ja, Ma, ons sal," sê die twee.

Ag, kyk. Sy het amper gedink dis Mattewis wat hier in die huis rondloop en al die tyd is dit die kinders. Dit word donker. Meraai steek die lantern op.

„Kinders," sê Meraai 'n ruk later, „hou eers die ogies toe dat ons kan bid."

In 'n sagte stem prewel sy iets wat nie hoorbaar is nie, maar daar is tog iets van „seëninge" en „'n gehoorsaam kind."

Daar is boermeelpap en 'n stukkie koue vleis van die wat vanmiddag oorgebly het. Koue aartappel ook, maar dis eintlik Mattewis wat so lief vir koue aartappel is. Daar word nie gepraat

nie. Mattewis het die kinders geleer om nie aan tafel te praat nie en sy is nie een om te gesels nie; sy dink maar merendeels. So is dit stil om die tafel.

„Pa sit seker nou in sy ou tentjie aan die eet," sê Meraai — en moet nou nie dink Mattewis eet sy ou tentjie nie, dis maar Meraai se manier van praat.

Die kinders antwoord nie. Maria kyk op en hou haar groot, helderblou oë op Meraai tot sy half aardig word. Die kind kan soms dinge sê nes 'n ou mens.

Dis weer stil om die tafel en toe word die stilte verbreek deur 'n lelike iets van Klein Mattewis. Maria en Elisabet kyk verskrik op.

„'n Mens sê: ‚ekskuus,' Mattewis," sê Meraai en voeg nog 'n vermaning by.

„Ekskuus," sê Klein Mattewis.

„Ma, Mattewis is altyd so onbeskof," sê Elisabet verontwaardig. „Dis glad nie 'n ongeluk nie. Hy stap hier buitekant rond en dan maak hy moedswillig so."

„Dit is nie," sê Klein Mattewis.

„Dit is!" kom dit van Elisabet.

„Dit is nie," weer van Mattewis.

Dit sou seker die heel aand so aangehou het as Meraai hulle nie skerp vermaan het nie.

„Bring vir Ma die Bybel en die Gesangboeke," beveel Meraai 'n rukkie later.

„Waar het ons laas gelees, Elisabet?" vra sy.

Elisabet staan op en sê ewe kontant:

„Manóag se vrou het 'n seun gebaar en hom Simson genoem, Ma."

„Dis mooi, my kind. Nou moet julle verder mooi luister. Ma gaan weer vra. Ons lees Rigters 14. ‚Toe Simson afgegaan het na Timna,' kinders, Timna is maar 'n plek se naam nes Gonna-

kolk 'n plek se naam is en julle hoef dit nie te onthou nie; ‚afgegaan het na Timna, sien hy in Timna 'n vrou uit die dogters van die Filistyne . . . .' " en so dreun haar stem voort.

„ ‚En Simson,' hy is nou al groot, kinders. Dis nog maar net 'n paar versies verder maar Simson is nou al so groot soos Pa. ‚En Simson het met sy vader en sy moeder afgegaan na Timna.' Is dit nie mooi, kinders, dat hy sy pa en ma saamgevat het nie? So moet julle ook nooit iets sonder Pa en Ma doen nie. ‚En toe hulle by die wingerde van Timna kom, storm daar 'n jong leeu al brullende op hom af . . . .' "

„Hoeee . . . ee!" sê Klein Mattewis.

„Jy hoef nie bang te wees nie, Mattewis. Die leeu sal niks vir hom maak nie. Kom ons lees verder," stel Meraai hom gerus.

Maar Klein Mattewis het sy stoel tot neffies sy ma s'n gesleep en lê nou met sy kop op haar bors. Meraai sit haar hand liefdevol op sy kop en lees verder.

'n Halfuur later is dit doodstil in Meraai en Mattewis se huis. Sy haal die naaimasjien van die traporrel af, verwonder haar vir 'n rukkie aan sus Suffie se porseleinkat en dra die naaimasjien na die werkstafel onder die venster. Sy kyk skuins na die pakkie wat sy vanmiddag van Lewinski se winkel gebring het. Ag, as sy maar geleerd en geletterd was, wat sou sy nie alles vir Mattewis geskryf het nie! Sy wens sy het die vrymoedigheid om vir Mattewis te sê hoe lief sy hom het, maar sy is nou nie so gemaak nie. Mattewis moet nou maar raai. En raai! hy raai reg ook, maar 'n mens moet seker ook nie so wees nie. Dis sy en nie Mattewis nie.

Die balke skiet. Meraai lig die gordyn en kyk dorp se kant toe. Hier en daar skyn 'n liggie. By swaer Selons en sus Suffie is dit al donker, of miskien sit hulle in die kombuis. Ja, dis dit. Sy sug. Ai, Mattewis, 'n mens verlang darem baie na jou; baie, baie, baie, dink Meraai.

Sy maak die naaimasjien oop; gare word opgedraai; 'n ander rolletjie gare word bo opgesit en Meraai begin stik. Krom sit sy voor die masjien met die oë op skrefies omdat sy nou ernstige dinge dink en die ou aardse goeters uit haar kop wil hou. Die blik gaan weer na die winkelpakkie. Sy skeur dit oop en bekyk die koeverte en die skryfblok.

„Een-en-nege," sê Meraai. „Dis vreeslik duur."

Spelde word nou gesteek; die stof word met die hand glad gestryk; die orige spelde hou sy in die mond.

Sy het nog so min in haar lewe geskrywe. Nou die dag het sy Pa se doodstyding geskryf en vergange 'n brief aan tant Grieta om van Ma se dood te skrywe. Sy het één slag — dit was met die katkisasie — 'n brief van so 'n stuitige ou kêreltjie gekry en dit toe beantwoord — ook net so stuitig. Snaaks; die stuitige briewe kan sy nogal skrywe, maar sy kan mos tog nie vir Mattewis een skryf nie. Nee, sy is 'n getroude vrou met drie kinders en Pa is nou die dag dood en Mattewis hou nie van lawwigheid nie. As sy skryf, en sy wil nog sien of sy gaan skryf, sal dit 'n stemmige brief wees. 'n Mens kan ook nie jou geld so mors nie. Sy het die papier nou gekoop en nou sal sy moet skryf.

Meraai skuif die naaimasjien opsy, haal die spelde uit haar mond en maak haar klaar vir die brief aan Mattewis. Sy stryk met die hand oor die papier, maak die inkpotjie oop en doop die pen diep in die ink.

„Gonnakolk, 15 November," skryf sy en leun toe terug. Sy kyk na die muurteks en dan na die naaimasjien. Die pensteel word gebyt. Sy skryf weer moeisaam: „Myn liefste Eggenoot. Ik sit nou hier langs die naaimasjien en ik wil aan jou skrijf. Met ons gaan dit almaal seer goed door die liefde van ons Liewenheer en ik het die kinders gisteravond kastorolie ingegee. Maria haar bors is weer hees en so geef sus Suffie die raat van kastorolie en toe rekent ik geef sommer aan die ander kinderen ook.

Mattewis, jy het geseg ik moet Miekie na swaer Selons syn bok neem maar nou weet ik niet. Eergisternag het ou Gert Etsebet syn bok oor ons draad gespring en nou weet ik niet meer. Laat my weet. As Dirk van oom Gert Verster weer inkom laat my weet. Moet niet van die bok praat niet maar seg ik moet die hek toe maak en dan weet ik om Miekie na swaer Selons syn bok te nemen."

Meraai Offer rus eers weer. Sy glimlag. Dit gaan baie makliker as wat sy gedink het en boonop sien sy kans om die brief sonder stuitighede te skryf. Jongmense kan van liefde skryf. Mattewis sal wil weet hoe dit gaan. Miskien skryf sy nog vannag die brief klaar en kan sy hom môre pos. Dis tog jammer dat Mattewis nie kan skryf nie. Hy het haar baie vertel hoe hy op die plaas grootgeword het en nooit in geen skool was nie. Ag, maar Mattewis se ou goedjies hier is haar briewe; daardie paar werkstewels agter die gordyn en die ou werkshemp en sy hoed is almal vir haar briewe van Mattewis.

Klaar skryf. Dis wat sy moet doen; klaar skryf.

„Sus Suffie gaan veel agteruit," skryf Meraai en sy skryf „veel" omdat sy „baie" nie kan spel nie, „en die bene swel vreeslik in den laasten tyd. As die water oor die hart stoot, sal sy sterf. Al ons ou mense gaan. Ma is al weg en Pa en nou gaat sus Suffie vinnig. Mattewis as ik miskien eendag sterf moet jy niet na Maatjie Visser gaan. Ik vraag het. Gaat liewers naar het weduwee Fourie wat agter Swart Lewinski woon of naar Ellie van oom Alwert Wessels. Ik vraag het.

Dit is niet een traan Mattewis dit is sommer een ink vlek wat ik gestort het. Ons was by die land en die pampoen is waarlikwaar mooi maar niet die waatlemoen niet. Swaer Selons seg dis die verkeerde waatlemoen voor ons land maar ik glo niet, ik glo myn man.

Dis al amper twaalfuur. So sluit ik nou. Als jou sokkies stuk-

kend is stuur het dan met Dirk van oom Gert, ook dit boodskap van Miekie. Uw liefhebbende Eggenote, Meraai Offer."

Sy sit die prop op die inkbottel na sy die adres moeisaam op die koevert geskryf het. Hul huishorlosie, die een wat sy van oorlede oom Sep geërf het, slaan halfeen. Dis so 'n hyggeluid of die horlosie ook al aamborstig is. Dis so stil in Meraai se huis ....Sy sit die skryfblok en koeverte weg en dra die naaimasjien op sy plek daar bo-op die traporrel.

Daar is 'n glimlag op Meraai se gesig as sy aan die brief dink. Mattewis sal darem so bly wees as hy daardie brief kry, sê Meraai vir haarself. Sy sit weer die skerm in die hoek en wou net daar-agter verdwyn toe dit haar byval Mattewis is nie hier nie. Vanaand kan sy sommer daar voor hul bed uittrek.

„Mattewis, ek het nie kruisies gemaak nie omdat jy mos nie van stuitigheid hou nie. Maar ek hou nogal daarvan, Mattewis. Partykeer. Maar nou word ons kinders groot en sal ek seker my lawwigheid moet laat staan. Elisabet is al yslik groot. Ja, ou wêreld!" sug sy.

Sy bedoel nie onverstaanbare dinge met die versugting van haar nie. Dis net dat die wete in die laaste tyd by haar groei dat 'n mens eendag moet gaan en al jou dierbares hier moet agterlaat. Die Offers sterf nie gou nie. Neëntig, vyf-en-neëntig is niks vir hulle nie. Haar mense nie. Ag, en so 'n aantreklike man soos Mattewis sal weer trou. Hy sê nou nee, maar sy ken die boos-heid van die wêreld. Maatjie Visser het nou die dag gesê hoe hulle almal Mattewis se gesig mis. En dit 'n getroude man! Nou is sy maar net hartseer dat sy eendag moet gaan en Mattewis hier laat bly. Die vlek op die brief wás 'n traan, maar sy het sommer vir Mattewis gesê dis 'n inkkol, want wat sal Mattewis straks sê?

„Nag, Mattewis, my ou mannetjie. Mag die Here jou bewaar van alle onheile en gevare en jou veilig lei tot by ons huisie. Ons sal tog so bly wees."

Toe draai Meraai, die lelike Meraai, haar gesig na die muur.

„Hier sit ik my weer neder om aan jou te skryf en o Mattewis die kinders verlang tog so veel na jou," begin Meraai haar tweede brief ses weke later. Sy het gevoel 'n mens moenie so dikwels skryf nie, maar nou is dit Kersfees en sy verlang tog so baie na Mattewis. Hy sal die dag met Kersfees seker nie eens by sy ou tentjie kan wees nie, want hy kamp daar ver in die veld, glo nou die bergveld, sê Dirk van oom Gert.

Dis weer aand en die kinders slaap al. Dis stil in haar huis en stil in die dorp. Vanmiddag laat was daar so 'n innigheid oor die dorp, so 'n Kersfeesvrede wat Meraai dubbeld en dubbeld laat verlang het. So 'n aand het haar sommer treurig gemaak, en so skryf sy maar aan Mattewis.

„Ik en die kinders was vanmiddag by sus Suffie en daar gaat het niet goed. Nou is swaer Selons weer so ernstig siek aan die inflammasie en sus Suffie kan hom niet eens help want sy leg nou gedurig. Ik help nou maar daar en kom saans net hier slaap want die kinders se goed is algaar hier en soos jy weet is Miekie ook hier om te versorgen. Ik voel dit vreeslik want sus Suffie was soos myn eigen suster wat ik niet eens het. So huil ik maar want hulle ly tog te veel. Ik bid gedurig, ook vir jou.

Jy het toe niks van die hek laat weet niet en so het ik maar gewag maar nou blêr Miekie niet meer snags en swaer Selons seg dan is dit reg. Nou weet ik niet."

Meraai rus eers. Die skrywery is nie so 'n maklike iets nie aangesien 'n mens so versigtig met Mattewis moet wees. Hy neem so maklik aanstoot. Sy sal nie eens weet as hy aanstoot geneem het nie, want Mattewis kan tog nie skryf nie.

Meraai vryf die gewrig. Daar is so 'n lammigheid en sy kan die pen nie lank vashou nie. Sy staan op om eers 'n koppie dik-melk in die kombuis te gaan drink.

„Daar by die land gaat het goed. Die mielies is al oor Elisabet

haar kop en die waat lemoennen is so groot soos ons pirslynkat maar die ertappelin het een soort siekte die ik niet ken en swaer Selons leg. So weet ik niet.

Mattewis, Dirk seg my van Dollie van oom Gert wat weer tuis is. Ik bid maar gedurig. Jy moet maar by die tent bly al is dit Sondag of Nuwenjaar. Ik vraag het. Ik weet hoe boos die wêreld is en jy vertrou almal en Dollie van oom Gert is niet ons soort. Hoe het sy niet vir Petrus Olwagen verly niet en toe nog daarna geskinner van syn vrou. Ik vraag het. Jy seg miskien een ou woordjie en sy kom naar die tent en o Mattewis my hart sal stukkend wees. So blyf maar in jou tent.

Ik stuur drie Huisgenoote. Die anner een het klein Mattewis stukkend geskeur ook een paar Kerkbodes maar die een syn preek het ek voor swaer Selons gegee en so moet jy niet voor hem soek. Die preek seg ik want dit was so mooi van hulle wat ly en dan een onverwelklyken kroon kryg en dit was tog te mooi. So soek het niet."

Meraai snuit haar neus hard. Sy voel verdrietig omdat swaer Selons tog so siek is en die preek so mooi was. Sy wens Mattewis kon die preek ook gelees het. Oor Dollie sal sy haar nie meer bekommer nie, want Mattewis is 'n baie verstandige mens. 'n Mens voel sommer partykeer onrustig as jy al die boosheid rondom jou sien.

Meraai doop die pen weer diep in die ink.

„Klein Mattewis syn velskoene is gaar en so het ik twee newwies by Swart Lewinski gekoop voor hom. Dit was te klein maar ik het dit goedkoop gekry en so trap klein Karools het eers uit voor ons. Syn ma werk nou by ons en sorg goed voor die landjie. Mattewis, ik het sommer gespeel van Maatjie Visser en die weduwee Fourie agter Swart Lewinski syn winkel. Sy is niet een vrou vir jou en so seg ik maar net. In die preek van die onverwelklyken kroon seg hulle ons wil so veel keer vir ons

bekommer oor die agterblywendes en dis een sonde seg die prediker. So ik is spyt oor Ellie van oom Alwert Wessels en die weduwee Fourie. Vergeet het maar. Dit was een groot sonde van my.

Mattewis ik is so aardig. In Die Huisgenoot is daar prente van kaal vrouens en die het ik uitgeskeur omdat ik aardig is voor jou. So die vervolg verhaal moet ik nou aan jou vertel en Lissie sin pa het toe ingestem vir Fanie om met haar te trou en dis al. Dis op die bladsy van die kaal vrouens maar dis al. Fanie het hom toe niet opgehang soos ek gerekent het maar Lissie sin pa was ewe inskiklik en so weet jy nou alles.

Ik skryf nog een brief voor jou myn liewe ou man en dan is jy hier en sal die kinders nie bly wees niet. Die kruisies trek ik voor vanavond Mattewis en dit is niet voor lawwigheid. XXX Uw liefhebbende eggenote, Meraai Offer."

En so skryf sy dan ook 'n ses weke later haar derde en laaste brief aan haar man, Mattewis Offer. Sy wik en weeg al die heel dag wat sy moet skryf, want met Mattewis moet 'n mens baie versigtig wees. Hy neem soms aanstoot oor die kleinste dingetjie maar sy moet sê hy is baie inskiklik met haar. Maar tog. Sy weet reeds nie wat hy gaan sê van die weduwee Fourie en Ellie van oom Alwert nie, maar sy het dit so opreg bedoel.

Dis dan weer nag en stil op Gonnakolk.

„Myn liefste Eggenoot," begin sy en die tongpunt is teen die bolip vasgedruk, „hier sit ik alweer in den nag om aan jou te skryf. Met ons gaat het almaal goed deur die genade en Klein Mattewis syn maag is veel beter, dis van die groen mielies en so skryf ik maar dan weet jy alles.

Soos ik met klein Alwert laat weet het, is sus Suffie toe verlede Dinsdag begrafen en Mattewis dit was so een mooi begraffenis en daar was mense van agter die berg en van Oorlogspoort en Dwaallaagte en swaer Selons was gebroke. Dit skryf ik jou want

o Mattewis ik was so vreeslik alleen en daar is die kinders wat huil en swaer Selons op myn hande. Ik skryf het alles. Nou is sus Suffie by Ma en by Pa en gou sal ons haar volg want dit is die blywende stad niet. Sy het so skielik gegaan. Nog die agtermiddag vir my geseg sy is so lus vir boontjiesop die dierbare suster en toe ik dit oorstuur met Elisabet en Maria was sy reeds hier niet meer. O dit was vreeslik Mattewis en met die begraffenis het die mense vreeslik gehuil want wie ken haar niet en sy was 'n dierbare suster seg ik, so is ik alleen en huil veel. Ik siet haar oral en ik dink so baie aan die preek van die onverwelklyken kroon, die dierbare suster van ons.

Verlede week was hier een man met portrette en ik was gelukkig om een van jou en my vir vyf pond te laat vergroot. Dis die trouportret van ons onder die lemoenboom in swaer Selons sin tuin en dis niet almaal wat vyf pond betaal want jy trek een papier uit een hoed en so het ik een vir vyf pond getrek en die man seg ik is baie gelukkig. Ik was nog nooit gelukkig selfs niet eens op een basaar met een koek. Die anner mense moet almaal tien pond betaal seg hy en ik moet voor niemand van my geluk seg niet anners moet ik ook tien betaal, en so moet jy dit niet aan oom Gert of Dirk of Dollie seg. Ik vraag het. Dis my belofte aan die man en my belofte breek ik niet. Nou dink ik miskien word ik ook gelukkig soos jy en o Mattewis as jy hier was het ons die papier getrek met niks op hem, want die man seg daar is so een papier en dan geef hy die portret voor niks. Ik het dit self gesien, die papier met niks op hem maar miskien was ik niet gelowig genoeg.

Willem van nig Hester sal een kopklip voor sus Suffie maak en hy het vir swaer Selons drie patrone gewys en ik hou so veel van die een met die drie koringgerwe maar swaer Selons kies toe die derde een met die stukkende hart, ik meen die steen. Willem van nig Hester sal dit voor twaalf pond maak maar Mattewis gee

my eendag liewers die een met die drie koringgerwe so op een hoop en dis twee pond goedkoper. Ik meen die steen want ik is niet een vir ydelheden en so seg ik maar net, maar dis vir jou om te seg, Mattewis. Voor jou sal ik altyd die duur een kies want jy is die vader van die huis en daar is niks te goed vir die vader. So seg ik maar net. Dis so mooi van swaer Selons dat hy die duur ene gekies het en sus Suffie is gelukkig, seg ik. Almaal praat van hoe bedroef swaer Selons was en ik weet het ook want hy huil veel en stap elke middag na die kerkhof, die dierbare broer van ons.

Die kruisies stuur ik niet want een van die dagen is jy hier en die kinders sal so bly wees, so stuur ik die kruisies niet. Ik is so spyt dat ou Gert Etsebet syn bok een boer bok is en niet een sybok. Mattewis ik het jou een leuen vertel. Die vlek op die eerste brief was al die tyd een traan en niet een inkkol en ons is almaal sterflik en so seg ik net. Ons sal voor jou bid dat jou reis veilig sal wees en dan sien ons mekander weer, my dierbare man. So blyf nog die paar dagen in jou tent, dis beter so want ons is almaal sterflik en die bose loop rond soos een briesende leeu.

Slegs weinig jaren en voorby, seg die Gesangvers en so het ik dit gesien met die dierbare sus Suffie. Ik dink in die laaste tyd so baie aan die dinge maar een van die dagen is jy hier en dan is ons weer saam en jou dierbare kussing kyk ik elke Sondag na in die kerk. So blyf in jou tent Mattewis.
Uw liefhebbende Eggenote, Meraai Offer."

Die dag breek oor Gonnakolk.

DIE AGSTE VAN AANKOMDE MAAND

„BOETIE, HIER IS 'N BIETJIE TEE vir jou," sê Meraai Offer.

Oom Selons vat die koppie by haar.

„Baie dankie," sê hy en raak toe sommer oorstelp by die gedagte aan die baie liefde wat hy in hierdie huis kry. So vervolg hy dan: „Meraai, ja, die Here sal jou eendag seën. Jy het 'n helpende hand na jou ou swaer uitgesteek en dit sal nie ongeseën verbygaan nie. Jy sal nie eendag weet waarom jou kinders geseënd is nie, of miskien 'n goeie huwelik doen nie, en dan is dit al die tyd omdat jy jou oor my ontferm het toe ek eensaam en alleen was. Ai!" sug oom Selons en toe blink sy oë.

Meraai is vanoggend baie besig. Daar is die strykgoed en die slagding wat bewerk moet word, maar sy kan so 'n geleentheid nie laat verbygaan om met oom Selons oor 'n baie ernstige ding te gesels nie.

„Die agste van aankomde maand is dit net mooi 'n jaar dat sus Suffie heen is," sê sy en sug soos dit 'n treurende pas.

„Vlieg dan jaren vlieg vry henen," sê oom Selons.

Meraai bly 'n oomblik gepas stil. Boetie met al sy streke was altyd een vir die goeie en in die afgelope jaar het hy nog ernstiger geword. Sy weet. Het hy dan nie by hulle ingewoon nie?

„Boetie is te eensaam en alleen," sê sy.

„Is ek, Meraai? Ek het darem my gedagtes om my geselskap te hou."

„Dis juistemint wat ek van praat. Ek het vir Mattewis en Mattewis en ek het die ou kindertjies, maar Boetie het net die ou buitekamertjie en jou gedagtes, en dis nie goed nie. Die mens is nie daarvoor gemaak nie," sluit sy haar woorde af, sit die hand onder die ken terwyl die arm met die ander hand gestut word.

Meraai dink aan baie dinge. In haar verbeelding dink sy aan die eensame en eentonige dae toe Mattewis op Hotnotsfontein gekamp het en sy en die kinders alleen was; sy dink aan die dae in haar pa en ma se huis toe sy saans alleen in haar kamer, met sy perskepitvloer, voor die naaimasjien gesit het. Hoe eensaam is die mens nie sonder 'n maat nie, dink Meraai. Jy sluit mos die verlange hier in jou hart toe en dit bly vir die menseoog verborge, maar jy weet van die groot eensaamheid wat jou nooit verlaat nie. Knyp jy jou kers dood, sak dit soos 'n groot laken op jou neer, hierdie groot verlange na 'n maat.

„Hoe oud is Boetie?" vra sy.

„In Maart van volgende jaar sal ek sewentig wees, Meraai," antwoord die wewenaar.

Meraai reken haastig uit. Sewentig en die weduwee Fourie agter Swart Lewinski se winkel is seker so ag-en-veertig of vyftig. Dan is daar nog die weduwee van ou Bertus Vlok, maar ag! sy is so wêreldsgesind. Nee, dit moet maar die weduwee Fourie wees of Mynie Stander. Mynie is 'n liewe vroutjie, dink Meraai. Kort en klein en gesels soos 'n spreeu, maar sy sal goed wees vir Boetie. Sy is in jare nader aan die swaer van haar, maar Krissie Fourie is so stemmig en nog mooi ook, as die mond nie so effens skeef was nie.

„Hoe sal Krissie Fourie by Boetie pas?" vra sy.

Oom Selons tuit sy mond en dink na terwyl hy nu en dan bromgeluide in sy keel maak. „Hm; ja; wie weet; te jonk."

„Boetie hou nie té baie van haar nie. Dis vir Boetie om te sê.

As 'n mens so van een kant af kyk, is die mondjie nie te vreeslik skeef nie en as jy haar geaardheid eers ken, merk jy dit nie eens nie. Maar ek sien Boetie het haar nie in gedagte nie. Nee, Boetie moet met die een saamwoon en nie ek nie. Hoe hou Boetie van tant Mynie Stander?" vra Meraai.

„Ag, Mynie en ek ken mekaar te goed. Dit sal nie 'n aardigheid wees nie," sê oom Selons.

„Is dit so?" sê Meraai ingedagte. „Dan het ek nie raad vir Boetie nie. Daar is natuurlik nog die weduwee van oom Bertus Vlok, maar sy gesels soos 'n spreeu. Sal 'n mens dan by haar kan uithou? Sus Suffie het Boetie bederf. Boetie weet self hoe selde die Offers gesels."

Dis stil nou. Oom Selons praat nie en Meraai ook nie.

„Nou ja, Boetie, ons kan maar weer gesels maar nou moet ek eers na die strykgoed gaan. Ek wil net nie hê Boetie moet eendag halsoorkop besluit en dan later spyt kry nie. Gesels maar met my en Mattewis. 'n Vrou kan nog so bly, maar nie 'n man nie. Ek sal nie eendag weer trou nie, maar Mattewis kan maar weer trou. Ek gee tog nie om nie."

Meraai vee haar hare uit haar gesig en vat die koppie by oom Selons.

Daardie agtermiddag, die werkies klaar, vat Meraai water in die waskom en was haar lekker van kop tot tone. Solank sy haarself was, prakseer sy hoe om oom Selons aan 'n vrou te help. By haar staan dit vas: dis nie goed dat die mens alleen sy nie. Sy het nie 'n skuldige gewete teenoor oorlede sus Suffie nie. Inteendeel. Dis al vir haar of sus Suffie daar van Oorkant vir haar vra om tog vir Boetie te besluit. 'n Man kan nie besluit nie. 'n Man kyk na die ou gesiggie of miskien .... Meraai spoel die waslap haastig uit. Dit pas 'n getroude vrou nie om sulke ydele gedagtes te hê nie. Nee, 'n man is nou maar eenmaal nie in staat om sy keuse te maak nie. Hier op Gonnakolk is die drie

weduwees: Krissie Fourie, tant Mynie Stander en die weduwee van oom Bertus Vlok. Uit hierdie drie sal oom Selons sy keuse moet maak, voel sy, want die ander is nou maar net weduwees, en dis al.

Meraai klee haar paslik. As ons dit sê, bedoel ons die rokkie is skoon en van deftige stoffasie maar meer nie. Die moue is tot by die pols, en die rok hang tot oor die kuite. Sy gaan immers op straat en daar is ou mense en Kleurlinge en kinders. 'n Mens stel jou liggaam nie so tentoon nie, dink Meraai Offer.

Dis met 'n ernstige gesig dat Meraai die skotige afdraande van hul huis af begin. Sy is alleen. Die kop word maar voor die bors gehou en die skouers hang kwaai. Selfs die lang rok kan die lelike bakbene nie heeltemal verberg nie.

„Dis nie uit onverskilligheid dat ek dit vandag doen nie," sê Meraai hardop.

Vir ons klink die woorde miskien baie onverstaanbaar, maar wat Meraai bedoel, is dat die huwelik eerbaar en heilig is en 'n mens nie ligtelik 'n maat vir 'n ander kan soek nie. Amper draai sy om. Sy kon tog maar eers op haar knieë gesak het om die seën op haar besoek te vra. Hoe lank het sy nie vir 'n man gebid nie, die regte man, en toe kry sy vir Mattewis Offer.

Meraai Offer glimlag. Sy glimlag amper deurentyd as sy aan Mattewis Offer dink. Baadjie oor die arm en met lang hale sal hy stap. Haastig, ja. Die Offers is merendeels altyd haastig. Hy dra mos dees der dae 'n vosbaard. Voshare is vir haar so mooi. Waar bly sy grys hare dan? dink sy.

Sy wonder of dit 'n sonde is om so lief vir jou man te wees! Dominee Francke het nou die Sondag in sy preek aangehaal van die baie egskeidings en hoe dit vandag in die sondige Johannesburg gaan. Ook nie net Johannesburg nie, hier op Gonnakolk ook. Dis nie verniet dat juffrou Fourie elke naweek kwansuis saam met Giel Etsebet se kinders na die plaas moet gaan nie.

As dit tog maar net Johannesburg was, maar die ongeregtigheid wandel hier op straat ook! Nou ja, liewers dan jou man liefhê, soos sy Mattewis het, as om soos 'n hoender oral te pik.

Meraai het nou in die hoofstraat gedraai en toe sy Lewinski se winkel sien, die gedreun van Wiese se meule hoor, ag, Gonnakolk so aanskou, kry sy 'n koddige gedagte. Die duiwel is nie net in Johannesburg nie. Hy is ook op Gonnakolk en daarom moet sy waak en bid. Sy knik vir oom Mank Sarel Viljee en slaan toe haar oë grond toe. Hy groet so vriendelik in die laaste tyd.

„Ag ja, ou duiwel," sug Meraai.

Net agter Swart Lewinski se winkel, so 'n bietjie tru of hy skaam is, staan die platdakhuisie van die weduwee Krissie Fourie. Daar is dit altyd skoon en die perskepitvloere word gereeld geolie. Grassaad in die hoë blomvaas; 'n kleedjie met klossies oor die tafeltjie en oorkant Meraai se stoel hang 'n afbeelding van 'n takbok by 'n waterval. As die waterval 'n bietjie klein is en die takbok 'n paar rapse te groot, moet ons net so reken: Die water kom sommer uit die blou lug en Sophy het vergeet om die takbok se kwassie aan te sit. Krissie se trots is darem die groot olielamp met leeukloue as voetstuk en dan die swaar groen gordyne met die klossies. Die klossies noem sy tossels.

Die weduwee Krissie Fourie is nie onaantreklik nie. Sy kan selfs mooi genoem word, maar dan moet 'n mens die skewe mond vergeet. Die mond is ook nie so vreeslik skeef nie en as jy haar van die linkerkant beskou, kan jy dit skaars merk. Stil leef sy haar lewe hier in Gonnakolk en 'n mens sien haar maar net in die kerk en daarvandaan weer na haar huisie. Sy het net een kindjie gehad, 'n dogtertjie, maar die is al uit die huis uit.

Meraai het dan oor verlede Sondag se preek gesels, van ou Kommie wat in die laaste tyd weer so aardig is en toe van die lappie sis wat Lewinski ingekry het. Nee, Swart Lewinski het dit

nie ingesluk nie, maar ons verstaan tog wat Meraai bedoel. Toe het hulle koffie gedrink. Daar was 'n eerbiedige stilte na hulle van oorlede sus Suffie gesels het en toe het Meraai begin gesels.

„Ag, nig Krissie, jy moenie so of so dink nie, maar ek het oorgekom om by jou te hoor," begin sy.

„Praat maar, Meraai," versoek die weduwee, maar sy dink sy kan raai.

„Ek voel onrustig oor Boetie. Hy is 'n baie afhanklike mens en het 'n vrou se hulp waarlik waar van node. Ek sien nou maar bedags hoe hulpeloos hy is. Nou wil ek nie so of so van my swaer sê nie, maar Boetie het tog al iets bymekaar gemaak en almal het respekte vir hom. Hy is nog baie sterk ook en dis nie of hy op 'n vrou se hande sal wees nie. Voorverlede jaar, of was dit nou vergange jaar? nee, dit was tog voorverlede jaar, het hy met sy bors gesukkel, maar die is nou weer heeltemal reg. Dan is hy glad nie vrekkerig nie en 'n vrou sal 'n lekker dag by hom hê."

Krissie Fourie het Meraai stil en met gevoude hande en neergeslane oë aangehoor. Sy het 'n groot agting vir Meraai en ag laasgenoemde hoër as baie mense op die ou dorpie. Om die waarheid te sê, Krissie Fourie het soms die hoop gekoester om na familie van Meraai te word.

„Ek sal nou niks sê nie," antwoord sy beskeie.

„Ek het dit ook nie van jou verwag nie, nig Krissie. 'n Ordentlike vrou gryp ook nie na 'n kans nie. Ek sê altyd: wag liewer veertien dae met jou antwoord. Dit lyk beter. Wag 'n maand ook. Niemand sal weghardloop nie. Die agste van aankomde maand is sus Suffie eers 'n jaar dood en voor die jaar nie om is nie, sal Boetie tog nie saans sy voete uit my huis sit nie. Ons het almal respekte vir jou, nig Krissie. As daar nou een wens en begeerte in my hart is, dan is dit dat jy en Boetie eendag sal afhaak."

„Dankie, Meraai," sê Krissie bedees en knoop die doek stywer om haar kop.

Moet nou nie verkeerd verstaan nie. Die dankie is nie vir daardie begeerte van Meraai nie, maar vir die respekte wat Krissie ontvang. Sy het stil gelewe, haar eer altyd hoog gehou en nie op straat gekom nie. 'n Mens se hart voel net lekker as jou naaste jou handel en wandel respekteer.

Meraai praat weer.

„Nou sal jy wil weet wat Boetie dan sê. Ek het nog net so verlangs met Boetie gesels en hy weet nie dat ek vandag hier is nie. Ek ken ook nie sy begeerte nie, maar 'n vrou verstaan sulke dinge en 'n man nie. Ek sal hom in sy keuse moet help. 'n Man hardloop mos sommer agter die eerste mooi gesiggie aan, en as ek dit sê, wil dit nog nie sê dat nig Krissie nie 'n mooi gesiggie het nie . . . . "

Krissie Fourie skuif ongemaklik op die stoel rond.

„Ek ken my skewe gesig maar alte goed en jy hoef tog glad nie verskonings te maak nie," sê sy gelate.

„Dis nes jy is, nig Krissie. Jou gesig is vir my mooi en van die linkerkant merk 'n mens niks nie. Kyk hoe lyk ek dan. 'n Moesie hier en 'n moesie daar om nie eens van my bakbene te gesels nie. Maar waarom sal ons ons dan kwel as ons nie 'n el tot ons lingte kan toevoeg nie? Wat ek nou wou sê is dit. Wat wou ek nou weer sê? O, ja. Ek het nog net so verlangs met Boetie gesels en hy sal weer aan trou dink. Nou wil ek net weet of nig Krissie ook aan trou sal dink."

„As ek met 'n stemmige man kan trou en een wat nie heeldag laf sal wees nie," antwoord Krissie.

„En dis soos Boetie is. Nie heeltemal dood nie en dit sal jy ook nie wil hê nie. Boetie is nou in sy stemmige jare en het nog nie in die son begin sit nie. Dit sal nou waarlik waar die wens en die begeerte van my hart wees as julle twee outjies nou eendag trou."

'n Stilte volg. Hulle voel nie lus om nou iets te sê nie. Vir

hulle is hierdie dinge en hierdie oomblik heilig. Dit het Meraai baie gekos om oor hierdie dinge te gesels en vir Krissie om dit aan te hoor. Die stilte bring verdere innigheid. Die twee se gedagtes stryk aan oor die jare wat agter lê, en daar is so veel wat droefheid in die ou hart bring. Stefaans Fourie was vir party mense 'n harde man, en miskien was hy ook 'n harde man, maar vir Krissie was hy altyd goed. So het sy altans geglo. Ander het oor hom geklae en tog het sy hom nie so geken nie. Hy het nie baie aardse besittings gehad nie en so het sy arm agtergebly, maar as jy nie beter gewoond is nie, mis jy die dinge ook nie.

„Sal ons nie maar aan mekaar dink nie?" vra Meraai gemoedelik. Krissie knik.

„Ek sal maar voorgaan en dan kan jy ook 'n gebed doen, nig Krissie. Dis al manier om seker te maak," meen Meraai.

Krissie knik weer. Vir hulle is dit glad nie vreemd om voor die bruin regop stoele te kniel en te vra dat hulle tog reg gelei mag word nie. Die huwelik is heilig en die wêreld is so boos. Die agste van aankomde maand sal dit 'n jaar wees dat Suffie heen is en dan sal hulle moet weet want Selons kan nie so in eensaamheid voortleef nie. Nig Krissie is gewillig maar 'n mens moet nie die wil van die mens volg nie. Hulle móét weet.

Hulle sit weer met gevoude hande. Daar is nou 'n yslike stilte en net die getik van die horlosie teen die muur word gehoor.

„Ek moet gaan. Mattewis sal seker al by die huis wees," sê Meraai.

„Dis goed, Meraai."

„Jy moet maar tyd neem om te besluit, nig Krissie."

„Ek sal."

„Goeiemiddag, dan. Dink maar weer aan die saak, nig Krissie," vermaan Meraai.

„Ek sal," sê nig Krissie en bly so op die onderdeur geleun tot Meraai om Swart Lewinski se winkel verdwyn. Dan gaan

sy met 'n sug binnetoe, maar aans sug sy nie meer terwyl die klerekas oopgevlek word en die beste rokkies een na die ander krities beskou word nie. 'n Vrou moet ook nie so alleen woon nie, dink Krissie. Dis nie dat sy oom Selons Barnard begeer nie, want sewentig is ook al sewentig, maar dan het sy die aansien van 'n getroude vrou. Dis wat elke vrou tog begeer. Jy kan daar op die kerkbasaar staan tussen die ander vrouens en, hoe mankoliek die ou man ook al is, tog is hy daar. En oom Selons is nog lank nie mankoliek nie, dink sy.

Meraai Offer het intussen tuis gekom en aan die gesels geraak. Mattewis Offer het klein Mattewis se lorrie reg gepiekel en ook nie al die tyd geluister nie.

„Sy is inskiklik, maar nou reken ek ons moet nou nog niks sê nie. Veertien dae is veertien dae en dan is sus Suffie eers 'n jaar dood en waarom sal ons ou mensies nou vooruit loop? Ons kan almal dood wees .... Elisabet, bring vir Ma een van die kombuiskoppies en die asyn .... Boetie sal weer aan trou dink, maar, ag, Mattewis, ek is so bang hy sal na die weduwee Vlok gaan. 'n Man kan nie kies nie. Hy kies altyd verkeerd. Ag, Elisabet, en nou het jy dan vir Ma 'n beker gebring! Nou toe maar. Jy moet ook nie altyd so ingedagte wees nie .... Mattee-wis-s!"

Mattewis skud sy groot kop, maar gee verder geen teken dat hy gehoor het nie.

„Mattewis, wat dink jy van Krissie Fourie? Hoe 'n vrou sal sy vir Boetie wees?"

Mattewis antwoord nie. Dis vir hom of 'n mens op so 'n vraag nie hoef te antwoord nie.

„Sy is uit 'n goeie familie. Ek was nog so 'n opgeskote dogtertjie toe haar pa, oom Frikkie Gous, hier op die dorp gewoon het. Pa het baie dae gesê hoe 'n goeie mens die oom Frikkie is. Arm, maar tog so ordentlik. En armoede skend geen mens nie.

Dis die geld en die sonde van vandag wat die mens skend. Ag, Elisabet, sit tog weer vir Ma die asyn in die kombuiskas en dan sit jy die kat uit. Hy het al weer die vleis geruik. Mattee-wis-s."

„Ja?" grom hy kortaf.

„Wat dink jy van Krissie Fourie?"

„Kan nie sê nie. Selons sal haar nie vat nie; die mond is skeef," verwerdig hy hom om te sê.

„Dit sal nie sê nie. Tant Saartjie, 'n agterkleinniggie van oorlede Ma, het net een been gehad. Nee, ek sê dit sal nie die ding wees nie. Ons moet maar almal aan Boetie dink. As die veertien dae oor is en Boetie stap hier uit ons huis uit, kan 'n mens nooit sê waar hy gaan draai nie. So, ons moet maar aan hom dink."

„Selons sal na Jossie Albertyn gaan," sê Mattewis so nors-nors.

„Ekskuus, Mattewis?"

Meraai het goed genoeg gehoor. Op Gonnakolk is daar net één Jossie Albertyn en sy woon net duskant ou Wiese se meul. Maar om daar te woon, is geen sonde nie. Die sonde is naamlik dat Jossie eers met 'n veekoper getroud was en as hy die wêreld vol ry, tot daar in die Koup, was sy alte vriendelik met die man van die geraats. Dan het sy nog die ergerlike mode om haar so vol poeier te gooi dat jy nie naby haar kan kom nie. Sy is groot en geset en die gesig is nogal nie onaansienlik nie, as 'n mens nou maar van die vet vergeet. Mense het weet te vertel dat sy rook en so los met haar mond is, maar Meraai sal nie kan sê nie.

„Boetie sal nie soheentoe gaan nie," sê Meraai beslis.

„Sy soek weer man. Julle soek mos maar almal man," sê Mattewis.

Toe vererg Meraai haar. Reken, sy het haar nog nooit so vererg nie.

„Ekskuus, Mattewis? Wie soek man? Nie ek nie. En as jy miskien dink ek het agter jou aangeloop toe ek partykeer by sus Suffie ingehardloop het, dan maak jy 'n mistyk. Sus Suffie en ek

het al by mekaar gekom lank voor jy Gonnakolk toe gekom het. En dit voor die kinders! Hier staan Elisabet en sy is nog klein en die ou gemoedjie is ontvanklik en daar sit Klein Mattewis ook. Sies, Mattewis, om te sê ons hardloop agter mans aan! Maar ek sal gedurig aan Boetie en Krissie Fourie dink en dan kan ons sien wie hardloop agter wie aan. Mattewis, ek skaam my oë vandag uit my kop uit net vir die gedagte van jou. Maar toe maar. Ons leef nie altyd nie en as ek nie meer daar is nie, sal jy weer aan jou beskuldigings dink. Ons Botese leef reeds nie lank nie."

„Toe maar, ek het nie kwaad bedoel nie. Die natuur het 'n vrou so gemaak en sy kan dit nie help nie," troos Mattewis op sy manier.

„Die natuur het ons g'n so gemaak nie. Ons sal nou sien as Boetie se roujaar vol is wie reg is en wie nie."

En so moet ons ook maar wag. Veertien dae is gelukkig nie lank nie. Meraai kan vir Mattewis net so min kwaad bly as die man in die maan.

Kom die dag wat oom Selons se roujaar vol is.

Ons Selons Barnard, soos ons seker sal onthou, was 'n man van baie snare. 'n Opperste platjie, die Selons Barnard, maar gedurende die roujaar het hy hom onberispelik gedra. Hy het gehuil as hy moet huil, gereeld van sus Suffie gesels en hom op sy plek gehou. Dis darem nie sy geaardheid nie. Die vlees roep ook maar party dae luid by oom Selons en party dae maak hy (dis die vlees) sy hande bak om sy mond en dan roep hy behoorlik hard. Sulke tye het die weduwees en hier en daar 'n jongnooi ook, voor oom Selons se geestesoog verbygestap, maar altyd, altyd het tant Jossie Albertyn vertoewe. Dan wink sy, of sy knip vir hom oog.

Nou moet ons onthou oom Selons is nog maar net sewentig, en wat is dit vir 'n Barnard en 'n man van Gonnakolk? Ont-

hou, Meraai het bevestig dat hy nog nie eens in die son sit nie.

„Boetie, waar gaan jy?" vra Meraai die agtermiddag van die 366ste dag na die afsterwe van sus Suffie.

„Sommer so rondstaan, rondstaan, Meraai," sê oom Selons.

Meraai kyk na die angelier in die knoopsgat.

„Boetie wil nie 'n bietjie met my saamstap nie? Ek moet vir 'n heen-en-weertjies na Krissie Fourie gaan."

„Tog nie vandag nie, Meraai, tog nie vandag nie. Ek staan dorp se kant toe," vertel oom Selons.

Kom ons stap solank na Jossie Albertyn se huis. Oom Selons sal nou-nou daar wees.

In Gonnakolk se wêreld is die mense groot. Dink aan Mattewis Offer, Wiese, Alwert Offer en 'n paar van die Booysens en julle sal verstaan wat ons bedoel. Jossie Albertyn is amper ses voet in haar nylonkouse en weeg seker na aan die 200 pond. Dis ook nie alles vet nie. Vrede, nee! Sy moes in haar jong dae mooi gewees het, van die mooi wat 'n twee-jaar-oud Afrikanervers is. Ek meen sy is lank en stewig, regop soos 'n paal en het net die nodige vleis en vet om die liggaam uit te bou waar hy uit moet gaan. Dan is sy vroulik ook.

Haar deure en vensters staan deurentyd oop. Jy kan van voor tot agter sien in die platdakhuisie met sy rooi luike en klimop-plante. Dan wonder jy waar Jossie is en wat sy maak.

Oom Selons skiet 'n blaartjie van sy baadjiekraag en klop aan. Dadelik hoor hy die geslof van die pantoffels op die papierpapvloere. Hy merk hoe wit die bene en hoe vriendelik die gesig is.

„Ek het gewonder wanneer jy eendag kom kuier. Kom binne, Barnard," sê sy vriendelik.

'n Mens sal sê sy het by die Kaapse meisies skoolgegaan, so nie minstens touwys geword. Nie oom Selons of meneer Barnard nie, maar 'n intieme Barnard. Net so: Barnard.

Oom Selons voel hoe 'n lammigheid deur sy bolyf en bene skiet by die aanhoor van Barnard. Jossie hou sy regterhand vas en trek liggies aan sy arm in 'n vriendelike uitnodiging om binne te kom. Jossie glimlag.

„Dit moes ook maar 'n vreeslike tyd vir jou gewees het, Barnard. Ek het baie aan jou gedink," sê Jossie Albertyn, en stap voor oom Selons uit na die eetkamer wat ook as voorkamer diens doen.

Jossie Albertyn het nou die regte snare aangeroer. Dit verstom maar verheug oom Selons dat so 'n mooi vrou aan hom gedink het.

„Sit hier, Barnard. Dis 'n lekker ou stoel. Koffie?" vra sy en toe oom Selons verbaas knik, gaan sy voort: „Jy hou mos van sterk koffie en baie melk...."

„Hoe het jy geweet?" vra oom Selons uit die veld geslaan.

„Ag, jy het dit eendag vir my met ons kerkbasaar gesê en ek het dit nooit vergeet nie. Onthou jy nie?" wil sy weet.

Oom Selons glimlag en sak salig in die leuningstoel terug. Hy sal elke dag hier kom rus.

Meraai Offer is nie 'n mens wat 'n ding so laat rus nie. Sy het aan Krissie en oom Selons gedink, en om aan hulle te dink, is vir haar om oortuig te wees dat hulle vir mekaar bestem is. Sy wil die wêreld en Jossie Albertyn nie aanvaar soos Mattewis dit aanvaar nie.

Toe oom Selons dan met 'n salige glimlag in die leuningstoel wegsak, stap sy kop onderstebo met Maria en Klein Mattewis aan die hand in Gonnakolk se hoofstraat. Die kinders gesels, maar sy luister nie.

„Mattewis het 'n lelike ding vandag van my gesê," sê sy half luid. „Om te dink hy reken ek sal so 'n ding doen. Ek het altyd van Boetie en sus Suffie gehou en daar was die bidure. Of was dit nou vóór die bidure? Nee, tog nie. Sussie het die inflam-

masie gehad .... Dis reg. Toe was Mattewis nog nie op Gonnakolkstasie nie."

Meraai gaan staan en het lus om hier slap in haar spore om te draai om vir Mattewis te sê hoe Sussie die inflammasie gehad het vóór hy op die stasie was. Mister Jooste, die prinsipaal, kom in sy motor verbygery; ou Piet Lipman, die droster, staan van die winkelstoep op en kruie stadig aan na oom Mank Sarel Viljee se huis om 'n paar peuselwerkies te gaan doen, en nog staan Meraai. Sollie en Swart Lewinski, wie se winkels regoor mekaar is, kom op die stoep uit om die eienaardige verskynsel te betrag. Ander dae seil Meraai mos vinnig verby.

Maria en Klein Mattewis raak daar in die skaduwee van die seringboom met die bessies aan die speel terwyl Meraai ook na die koelte van die boom gevlug het. Dan merk sy Sollie en Swart Lewinski op en daar gaan die trek weer.

„Ek sal hom vanaand sê," besluit sy.

Sy bedoel sy sal Mattewis vanaand van die inflammasie vertel. Meraai is nog nie seker wat sy moet doen nie. Sy was so half en half van gedagte om na dominee Francke te stap en hom van haar bekommernis te vertel, en dan wil sy weer na Krissie stap. Sy het ook gereken om haar hart by Ma se graf te gaan uithuil en haar swaai by tant Alie Wessels daar duskant die kerkhof te gaan gooi. Maar dis vir haar of niemand haar verstaan nie. Dit was vir haar 'n skok om te hoor hoe onverskillig Mattewis oor die heiligste dinge kan gesels. Sy trek nog nie eens voor Mattewis aan nie en nou praat hy sommer of sy gemors is. Boetie was net so 'n teleurstelling vir haar. Vir 'n jaar was hy nou waarlik waar so 'n stigtelike mens, ernstig en godsdienstig, en nou stap hy met 'n angelier in die knoopsgat rond. Sy vervies haar sommer vir die hele gedoente en sal Jossie Albertyn nie eendag soen of vir haar sussie sê nie. Waar kan sy haar wend? Dominee sal nie verstaan nie. Wie sal haar ook verstaan? Trou

is nie soos vleis en brood koop nie. En Mattewis wat deurentyd so stemmig is, maak of dit die doodnatuurlikste ding is om na Jossie Albertyn te stap. Dit is nie. Dis sonde.

En so met haar gedagtes en al het sy tot voor Krissie Fourie se huisie gekom.

„Sit, jong," sê Krissie en kon nie help om by te voeg nie: „Jy lyk vir my so warm en moeg."

„Nie warm en moeg nie, nig Krissie, maar ek het my vandag vreeslik vererg. Maar ons sal nie daaroor praat nie. Gee my net 'n kans om af te koel," sê Meraai en hoop dit sal Krissie se hart laat oopgaan.

Krissie Fourie het Meraai nie baie goed geken nie. Ag, sy het geweet Meraai is 'n eenvoudige en opregte mens, maar meer nie. Meraai het een tabberd vir haar gemaak, sy ken Mattewis van sien, en dis ook al. Nou gee sy Meraai 'n kans om tot verhaal te kom en dink aan wat sy kan sê as Meraai uitgerus is. Daar is die ophande kerkbasaar en die skoolkonsert van die Vrydag-aand voor die Nagmaal. Dan weet sy ook dis gister net mooi 'n jaar dat oom Selons se vrou dood is. 'n Mens lees sulke dinge op die grafsteen.

Meraai kyk op en Krissie glimlag.

„Ek voel nou beter."

„'n Koppie koffie?" vra Krissie.

„Tog nie vir my nie."

„'n Glas lemoenstroop of 'n bietjie groenvyekonfyt?"

„Tog niks vir my nie."

Krissie Fourie glimlag. Sy weet as sy glimlag, trek die mond reg.

„Ja," sê Meraai sommer so van niks af nie.

„Die koue begin vroeg vanjaar. Dis ongekende weer," sê die weduwee.

„Dis darem nog nie die begin van die winter nie. Dis gans te vroeg. Dis sommer 'n uitsondering sê Mattewis."

Die twee begin gelyktydig te gesels en toe word verskoning gevra en die ander een versoek om te gesels. Uiteindelik is dit Meraai wat wegval.

„Ons het nou die dag oor 'n persoonlike ou sakie gesels. Jy herinner jou nog? Jy het nog gesê jy sal nou niks sê nie. Onthou jy nou?" vra Meraai.

„Ek wou nie. Dit sou my nie betaam het nie. Ek het darem ernstig daaraan gedink en kan jou nou my antwoord gee."

Meraai hou sommer haar hand op.

„Moenie nou iets sê nie, nig Krissie. 'n Vreeslike ding het gebeur en dis daarom dat ek so ontsteld is. Ons het dit nie een verwag nie — ten minste, ek het nie, maar dit wys net vir jou dat jy jou ewenaaste nooit sal ken nie. Daarom is ek vandag hier, nig Krissie. Ek kom om verskoning te vra, en o! ek weet nie hoe om te begin nie. Boetie sit nou daar by Jossie Albertyn," sluit Meraai af.

„O," sê die weduwee Fourie.

By die deur uit kan hulle sien hoe Swart Lewinski se jong een drag velle na die ander buitentoe dra. Die son skyn helder. Dis 'n dag soos ander dae maar nie vir hierdie twee nie. Daar het 'n aardskudding in hul klein wêreldjie gekom, want oom Selons wat nou hier moes sit, sit by Jossie Albertyn.

„'n Mens sal ook nooit verstaan nie. Die Psalmis sê: Hier ken ons ten dele, of is dit nie die Psalmis nie? Ons weet nie en ons verstaan nie. 'n Mens wonder of jy nog reguit moet wandel, want hulle wat op die krom paaie is, het so maklik en alles gaan so voor die wind. Wie is ek om te oordeel? Maar Jossie Albertyn lewe nie 'n voorbeeldige lewe nie. Ek is spyt, nig Krissie," sluit Meraai af.

„Moet jou nie verknies nie," sê die weduwee Fourie. „Jy hoef jou kop nie te laat sak nie. Almal ken tog jou wandel hier op Gonnakolk, Meraai."

„En nou praat jy juistemint van 'n ander ding. Mattewis was verlede jaar op die tweetal vir diaken, hy en Doors Viljee. Toe val die lot op Doors. Dink nou as hy diaken was en sy eie swaer vry na Jossie Albertyn! Dit sal mos 'n vreeslike skande wees. Ag, nig Krissie, en dis nie al nie. Hoe kan ek my kop ophou in die kerk? Almal ken vir Jossie Albertyn. O, wat lot ons hier ook tref, laat ons tog 'n loflied hef," sug Meraai.

Na 'n rukkie stilte sê Meraai: „Ek voel so aardig vir jou, nig Krissie. Het ek tog maar liewers nooit met jou oor Boetie gesels nie! Maar ek wou ook maar die beste vir hom gedoen het. Ag ja, sus Suffie, as jy vandag moes gesien het op watter weë Boetie staan, sou jy seker ook vergaan het. Daar ís mos erger dinge as die dood."

Die weduwee Fourie hou haar sakdoek voor haar oë. Sy kry swaar om liggaam en siel aldae bymekaar te hou en moes van haar spaarpennies trek om die rokkie by Swart Lewinski te koop. Nou oorstelp selfbejammering haar.

Meraai Offer staan op en klop Krissie op die skouer.

„Toe maar, nig Krissie, jy sal nog eendag jou beloning kry."

Die skouers ruk onder Meraai se hand.

„Jy sal nog eendag 'n ryk wewenaar kry. Ek weet. As ek 'n man kon kry, sal jy maklik een kry. Moenie twyfel of moedeloos word nie," troos Meraai.

„Ek is party dae so alleen, Meraai."

„Ek weet, ek weet."

„Hier is geen aanspraak vir 'n mens nie."

„Ek weet. Hoe alleen het ek nie altyd gesit nie. Die week begin by Maandag en dan kom Dinsdag en dan Woensdag. En so tel jy die dae af tot by Sondag en dan gaan dit effens beter, want daar is tog die diens. Maar dan begin jy weer by Maandag. 'n Lelike mens is baie eensamer as 'n ander een."

„My mond het so geword na 'n koue," vertel Krissie, maar sy het nog nie haar kop opgetel nie.

„So?"

„Ja. Dit was kort na my troue. Ek was toe 'n mooi meisie."

„Is dit nie?" sê Meraai net om iets te sê. Dan val iets haar by.

„Oorlede Ma het my vertel ek was so 'n mooi baba. Ek was vet en rond en oorlede Ma sê ek was haar mooiste baba. Maar oorlede Ma sê ek het die masels so kwaai op ses maande gekry en daarna was ek nooit weer 'n sterk baba nie en toe was ek mae--er en lelik. Om alles te kroon, het oorlede Ma nog die doekies tussen my bene gebondel en toe trek my bene bak."

„Vir ander sou dit saak gemaak het. Ek bedoel die skewe mond, maar nie vir Stefaans Fourie nie. Stefaans sê daar kan baie erger dinge met 'n mens verkeerd gaan," sê Krissie effens getroos.

„Is dit nie?" beaam Meraai.

„Vandag onthou die mense my nie meer soos ek was nie en Stefaans is nie meer hier nie. Ai, Stefaans!"

„Ek het nog 'n prentjie van my babadae," sê Meraai trots.

„Nee, wag," sê Meraai 'n rukkie later, „ek kan nie hier staan en gesels nie. Ek het 'n man en kinders. Ons moet nou maar van Boetie vergeet en vir jou 'n ryk wewenaar kry," korswel sy.

Krissie glimlag.

„Ook nie ouer as oom Selons nie. Ek wil darem nie siek mense oppas nie," jil Krissie saam.

„Waar is my baie kinders tog?" vra Meraai.

„Seker in die skuur by die steekbaard, Meraai. Tot siens," groet Krissie.

„Kom kuier maar," sê Meraai.

„Nie solank oom Selons nog by jou is nie," kom die antwoord.

En na die groet en wedergroet maak Meraai haar baie kinders bymekaar en sit die stuk in huis toe. Sy gesels so by haar eentjie,

want vir haar is dit vreeslik om so eensaam te sit soos die weduwee Fourie. Maar die hart is nou getroos en sy besluit om vanaand 'n bietjie boontjiesop oor te stuur na die weduwee Fourie.

Meraai Offer het nog 'n keer met oom Selons gesels omdat sy nie kan glo dat alles verlore is nie. Sy het eintlik 'n stryd wat sy stry. Dinge hinder haar en dan wil sy graag daaroor met mense gesels, mense soos dominee of Mattewis. Want as sy met hom oor 'n saak gesels, voel sy dadelik verlig of die ou stryd is uit haar gemoed. Hiermee kan sy na niemand gaan nie. So stap sy en verknies haar, die gedagtes gaan hotkant toe en haarkant toe, maar nêrens is daar rus nie. Sy het 'n slag met Mattewis gesels, maar Mattewis kan glad nie verstaan waarom sy haar verknies nie. Laat die twee trou as hulle so voel, is sy mening.

Toe sy in die dae wat gekom het 'n tweede en 'n derde keer met Mattewis oor die sakie gesels, het hy hom vererg.

„Meraai, jy kan ook altyd aan 'n ding kou en kou en kou tot 'n mens mal kan word. Los die mense nou," het hy ontevrede gesê.

O, dan kou en kou en kou sy? Sy het in die buitekamer gaan sit, sommer so op 'n bondeltjie en haar verbeel die wêreld is aan die vergaan. Sy het nie geweet Mattewis sal ooit so met haar praat nie. Maak sy Mattewis dan mal? Dan moet sy die ding los en stil haar weg vervolg.

„Stil verdragen, zwygend hand'len, al ziet jou de wêreld niet," sê Meraai, en die trane kom sommer so mildelik.

Sy het tog geen kwaad bedoel nie. Net die arme weduwee Fourie help en Boetie ook, want Boetie bly tog nog haar swaer. Nou kry sy net krappe en stampe en stote. Sy kou en kou en kou mos tot Mattewis mal kan word.

Toe sien sy in haar verbeelding hoe baie sy werk en hoe sy nooit haar voete uit haar huisie sit soos ander vroue nie. Werk

sy dan nie van die môre tot die aand en dis nie vir haar nie? Dis vir Mattewis en Elisabet en Maria en Klein Mattewis. Haar huisie word skoon gehou en dit sonder 'n bediende en Mattewis is heel en skoon en sy spaar waar sy kan. Mattewis weet nie, maar sy gooi gereeld gebrande witwortels by die koffie omdat koffie dese dae so duur is. In die vergange het sy Mattewis se ou hemde by die kraag en die moue omgedraai en dan lyk hulle soos nuwe hemde. Party dae voel sy so moeg en daar is 'n gefluit in haar kop, maar dan gaan sy net op 'n stoel sit en laat haar kop sak tot die gedruis weg is, en dan stap sy maar weer skool toe om te gaan werk. Maar sy het nie geweet dat sy kou en kou en kou nie. Toe weet Meraai dat dit nie net die weduwee Fourie is wat eensaam en alleen is, soos sy gereken het nie. Sy sal weer daardie hoofstuk in Prediker soek wat vertel hoe eensaam die mens is. Sy gaan na hul slaapkamer, vat die Bybel met die geruite oortreksel en stap terug na die buitekamer. Maar die hoofstuk oor die eensaamheid van die mens kan sy vandag nie kry nie en lees toe maar die gedeelte van Jona onder die besembos.

Versterk staan sy daar op en 'n rukkie later is sy besig in die kombuis.

Nie oom Selons nie. Hede, nee. Daar is vir hom nie nog tyd vir werk nie. Om die waarheid te sê, hy voel in sy nugter oomblikke dat die weduwee Jossie Albertyn darem nie sy klas van mens is nie, maar hy is deesdae so selde nugter dat die ding hom ontgaan. En dan bedoel ons nie dat hy drink nie! Al wat oom Selons af en toe drink, is 'n snapsie jenewer as die maag so kerduks is. Goeiste, nee, maar Jossie het hom bedwelm. Dis een ding om te weet 'n vrou is nie vir jou bedoel nie en 'n ander om daar weg te bly.

Die liefde het dan die stadium bereik waar hy Jossie op die blad slaan as hy in haar huis kom en die stadium waar hy met sy knipmes sy pyp in die asbakkie uitkrap. Sy het hom ook al

oorreed om op die rusbank te lê solank hy vir sy koffie wag.

Toe gebeur daar iets.

Meraai het haar al net erg vervies vir die angelier in die knoopsgat en die ge-uit en ge-in in haar huis toe iets haar byval, iets wat haar oorlede ma eendag van iemand anders gesê het. Hulle is die aand aan tafel en Boetie het so pas van sy baie koorsblare gesels — asof dit nou 'n ding is om oor te gesels! Sy kyk hom so. Mattewis moes vanmiddag sy hare knip en vanoggend het hy gedoriewaar drie hemde in die was gegooi. Nou smeer hy sy koorsblare in hul gesig. Dis te veel vir Meraai.

„Boetie?"

„Yes, Meraai?" vra hy.

„Jy moet tog vir Jossie vra wat sy, met permissie gesê, vir haar voete gebruik. Malie van tant Antjie wil so graag weet."

„Voete!?" sê oom Selons soos een wat nie mooi begryp nie.

„Het Boetie nie geweet nie?" vra sy kamstig ontsteld.

„Nee, wat van haar voete?" wil hy weet.

„Nou is ek jammer dat ek iets gesê het. Ek dag Boetie weet miskien. Hede, nou is ek baie aardig. Boetie moet tog maar vergeet wat ek gesê het," sluit Meraai af.

Mattewis het geen aandag aan die gesprek gegee nie. Dit val hom ook nie op dat oom Selons ineens stil geword het nie en dat Meraai nou die een is wat gesels.

Maar daardie aand stap oom Selons na die buitekamer, trek sy bobaadjie uit en gaan dwars op die katel lê.

Meraai het maar in die huis rond gewerk. Sy het opgewas, die paar dingetjies gestryk en toe die Boeke op die tafel gesit. Mattewis het oor sy staalraam-bril geloer en sy het haar kop geskud. Dit lyk nou alles baie vreemd, maar dit het 'n eenvoudige verklaring. Dit beteken net: Boetie is nie hier nie. Hulle kan maar lees.

Hulle lees dan ook. Klein Mattewis het op haar skoot geklouter

terwyl Elisabet en Maria elkeen 'n stoel langs hare gesleep het om weerskante van haar plek te neem. Mattewis se sterk, hortende stem het Psalm 90 gelees. Meraai het haar hande eerbiedig gevou en geluister, maar die vrede het van haar gewyk. Sy kon nie na Mattewis kyk nie. Sy weet nou sy kou en kou en kou aan 'n ding. Dit ís so. Mattewis is reg. Maar dan is sy 'n vreeslike mens, dink Meraai.

„Die mens is soos gras . . . .," lees Mattewis.

Sy sal gaan, sy sal voor Mattewis gaan en dan moet hy haar onthou as 'n mens wat so ewiglik kou. Vanaand het sy 'n leuen vertel en dit net om haar sin te kry. Jossie Albertyn se voete is soos haar voete. Ook nie. Sy het nog lelike voete, maar Jossie nie, en die gedagte het sommer soos blits deur haar kop geskiet en toe sy haar kom kry, was dit gesê. En sy het flussies weer 'n leuen vertel omdat sy aardig was om Boetie te roep. Die lig het nou-nou nog in die buitekamer gebrand en Boetie is nog hier.

En die kinders het haar nog lief, dink sy ineens. Hulle het hierdie aaklige mens nog lief. Maria het haar lyf styf vas teen hare gegooi terwyl Elisabet weer haar hand vashou. Dis elke aand so. Ander aande is dit vir haar dierbaar, maar vanaand is dit soos 'n oordeel oor haar lewe. Sy is nie opreg nie; sy is eiewys. Jaaa--re gelede het oorlede Ma ook eendag gesê sy is eiewys. Is sy?

„Ons sing die Aandgesang," sê Mattewis botweg.

Meraai sing, Meraai kniel, maar haar gedagtes is by Boetie wat daar in die buitekamer lê met sy hande onder sy kop. Sy het 'n medemens seergemaak; sy het 'n leuen vertel en Jossie 'n onreg aangedoen. Meer. Daar sit Krissie Fourie nou en sy wat Meraai is, het Krissie se eensaamheid net 'n slag oopgekrap. Kon sy nie die ark laat staan het nie, want net soos Uria wou sy dinge verander. Iemand regeer en waarom sal sy nou haar hand aan die ark sit net om later dood neer te val?

Toe die lese verby is en sy die kinders nag gesê het, stap sy na die buitekamer.

„Kan ek binnekom, Boetie?" vra sy.

Hy knik en brom iets.

„Nee, moenie opstaan nie, Boetie, ek sit sommer op die stofie. Boetie, dis nie waar van Jossie se voete nie. Ek kan nie vrede vind voor ek dit nie eers reggemaak het nie. Dit het sommer soos blits in my gedagte gekom en toe sê ek dit. Ek hou nie van Jossie Albertyn nie en ek dink nog sy is nie die regte persoon vir Boetie nie, maar haar voete makeer niks nie. Om my nou weer vrede te gee, wil ek hê Boetie moet jou aantrek en na haar gaan en as Boetie en sy eendag in die huwelik tree, sal ek haar sussie noem. Ek sal my dinge laat staan en haar in ons familie opneem. En dat ek met Krissie gepraat het, is nie Boetie se skuld nie . . . . "

Oom Selons val haar in die rede.

„Het jy met Krissie gepraat?" vra hy.

„Ja. Dis verkeerd van my en soos Uria, of was dit nie Uria nie? wou ek ook my hand aan die ark sit. Nou is Boetie ongelukkig en Jossie en Krissie."

Oom Selons sit penregop op die bed.

„En wat sê sy toe?" wil hy weet.

„Die hoe-te?"

„Wat sê Krissie toe?"

„Wat se wat sê Krissie?" wil Meraai wat nou nie mooi verstaan nie, weet, maar skielik voel sy bly omdat dit al vir haar is of Boetie . . . .

„Toe jy met Krissie oor my gepraat het?"

„O. Nee, sy sê sy sal nie nou haar antwoord gee nie en 'n mens moet drie weke wag soos dit 'n ordentlike vrou betaam. Dan wou sy weet hoe oud Boetie is, maar sy het my laat verstaan dat sy nie onwillig is nie. En nou, Boetie?" vra Meraai.

„Ek het dít nie geweet nie," sê die wewenaar.

„En Jossie dan?" vra sy.

Maar oom Selons Barnard is al by die deur uit.

Toe gaan Meraai binnetoe om die laaste paar stukkies stryk-goed te stryk, en raai! om vir Mattewis te gaan vra om haar te vergewe, te vergewe dat sy kou en kou en kou....

WEERLIG BO SOETWATER

DIS DIE VROEË oggendure van 'n dag in Januarie, van die jaar — ag, waarom sal ons sê van watter jaar? Soetwater is nie 'n dorpie wat hom aan 'n jaartelling steur nie. Sê ons dis die jaar 1950 sal julle tog met ons stry, want Soetwater, ons Soetwater, het die voorkoms vanoggend van iewers in '14 of, wie weet, strakkies 1909. Soetwater is soos tant Alie se melkbok; sonder haas, gelate soos 'n voorbok nou maar kan wees, waardig en kalm. Die dag wat daar iets op ons Soetwater gaan gebeur, sal nou 'n dag wees om te onthou, en dan twyfel ons nog of die inwoners dit sal glo. So wil ons dan maar sê dis heeltemal onnodig om te sê watter jaar dit is. Dis genoeg om te sê dis Januarie en dis vroeg in die môre.

Sommer baie vroeg ook. Oom Gawie Diepwater het nog nie eens sy Susara aangestoot vir 'n bietjie koffie nie; die drie koppies om die dorp is effens sigbaar in die duisternis; die drie koppies: Niertjiekop, Hondeblafkop en Boggelkop. Die naam Niertjiekop is tog duidelik en so het ons verder vrede met hom, maar die ander twee wil ons verduidelik. Waarom? A, Soetwater se wêreld is 'n gelyk wêreld, so plat soos Vanwyksvlei se wêreld, en 'n koppie by Soetwater is 'n skaars ding. Daarom is 'n koppie hier sommer 'n weeldeartikel. Nou ja. Hondeblafkop lyk kompleet soos 'n groot hond wat met sy kop op sy voorpote rus, maar waar die blaf vandaan kom, het oom Gawie Diepwater my nooit vertel nie. Dis nou Hondeblafkop. Die derde koppie lyk publiek

soos die oorlede wit merrie van George Ulman. Daar is plek vir 'n reusesaal op die holrug en 'n boggel voor en 'n boggel agter — Boggelkop.

Dis 'n voorreg om die dorpie Soetwater te sien ontwaak. Kom saam met my. Soetwater lê twee-en-sewentig myl — of is dit vyf-en-sewentig? — van nêrens en omtrent tweehonderd-en-vyftig myl van êrens. Dis darem in die Groot-Karoo en daar is dit lekker om somermôrens so teen vieruur se kant in 'n slapende dorpie te staan. Die strate is wyd, want hier het 'n mens genoeg wêreld om 'n straat te maak en elke huis het sy blomtuin voor en sy vrugteboord agter. Verskoon die seringbome. Oom Lood van Zyl het in die jaar vroeg sy geloof in die seringboom hier op die proef gestel en net so eina soos sy baard was, so eina het die bome gebly. In die nuwe dorp het die stadsvaders bloekombome in die strate aangeplant, langbeenboompies net so rietskraal soos George Ulman se kinders. Maar hier in die ou dorp kry ons seringbome, peperbome, weer seringbome en nog peperbome.

Onthou, daar was nog geen beplanningsraad toe hulle Soetwater aangelê het nie en so is die strate nie oral reguit en waterpas nie. Dis 'n skurwe wêreld en gevolglik is daar 'n koppie of twee in die dorpie en dan swaai die pad maar net om die koppies. Eenvoudig. Daar is die bodorp en die onderdorp. In die bodorp is die huise groter, staandakke asseblief! en die stoep het sy tralie en elke tralie sy hekkie. Die vername mense, ek bedoel mense soos oom Gawie Diepwater, oom Sarel Verwey, dominee, George Ulman en tant Bella Jurien, woon hier. Die onderdorp is weer vir die arm mense en daar is die huise rooi en plat, maar al die mense is darem ordentlik, behalwe miskien Foelie Nathan en haar klompie dogters, Sallie, Miempie, Rose en Mollie.

Bo al die huise uit troon die kerk van klip met sy baie hoë toring en sy wit ringmuur. Dit lê teen 'n skuinste amper uit die dorp, want agter die kerk is nie meer huise of strate nie. Dis

of die toring hier in die vroeë môre van een dag in Januarie baie hoër is as ander dae, en of dit waak oor almal tot daar ver in die onderdorp. Dan het dit ook nog 'n horlosie met twee gesigte wat die ure vir jou uittel. Daar slaan hy nou juis.

Die eerste liggie is dié van oom Gawie Diepwater se Susara. Sy glo vas sy het die huwelik verkeerd ingesit, want dis mos darem nie die vrou se plig om koffie te maak nie. Sy is baie jonger as oom Gawie, slaap met 'n doek om die kop om die hare se kartels te bewaar en, verskoon tog, hou van pienk pajamas.

Pas na haar liggie kom die een van oom Petrus Doekvoet. Oom Petrus is 'n rustende boer, wat eintlik 'n verkeerde benaming vir oom Petrus Kruger is, aangesien hy nooit rus nie en nou nog boer, al is dit net met twaalf hanslammers op sy groot erf en so 'n stuk of vyftig hennetjies.

Kyk nou terug, vriend. Kyk oor die straat en na die hoek onderkant ons, en die liggie wat jy daar sien, is George Ulman s'n. Nou, hierdie verhaal is eintlik oor George Ulman.

Ons kry George Ulman in hul slaapkamer, een van twee, want George het net 'n paar vertrekke aan sy kafee en daarvan is een vir die seunskinders, een vir hom en Hetta en die meisie-kinders; dan is daar 'n eetvertrekkie, baie klein en sonder 'n venster vir lig waar jy jou maermerrie elke nu en dan stamp; ag, en dan is daar die kombuis wat eintlik nie 'n kombuis is nie, want dit is maar net 'n toegemesselde afdak wat lek en trek en bitter koud in die winter is. Die klompie vertrekke is deel van een van die oudste geboue in Soetwater en behoort aan die weduwee Hoon. Sy bewoon die res van die bouvallige platdak-gebou en die mense weet te vertel dat dit baie vuil en onsindelik by haar is. Ons wil maar liewers niks sê nie.

Ons kry George Ulman dan in sy rooi flennienaghemp, 'n ouer broer van Hetta se naghemp, op sy kaal voete in die middel van die vloer. George het nog sy slaapmus op sy kop, die groot

George Ulman, want hy weeg so om en by die tweehonderd pond, het 'n nek soos 'n bees en krullerige hare wat oral onder die mus uitpeul.

Hy is kwaad vanoggend, iets wat Hetta selde sien, maar as dit die slag gebeur, hou sy haar ongeërg. Sy weet hoe om met George Ulman te werk, die stil Hetta. Sy is baie blas van aangesig en rietskraal; effens kort op die been ook en haar gitswart oë verraai 'n humeur, maar sy gebruik dit darem nie met George nie.

„Ag, George, laat tog maar staan," sê sy.

„Laat staan! En die kinders dan vir die hel grootmaak! O, nee. George weet hoe hy sy kinders moet opvoed. Opstaan, Soepie, opstaan. Kom, Uiltjie, Pa wil met julle praat," sê hy en vat die drie-en-'n-half-jarige dogtertjie aan haar hand. Buks, die jongste telg, slaap heerlik in Pa en Ma se bed en weet van die hele moles niks.

„Ai, George, Uiltjie kan nie eens staan nie so vaak soos sy nog is. Kon jy nie maar gewag het nie?" wil Hetta weet.

„En my nek soos ou Eli breek? Jy moes gisteraand al vir my vertel het." Dan skree hy by die deur van die ander slaapkamer: „Tewes! opstaan en kom dadelik hier. Bring vir Maansie saam. Gou maak, of moet ek vir julle kom haal?"

Sy woorde is skaars koud of die twee seuns kom die slaapkamer binne. Hulle is maar ligvoet vir hul pa.

„Ja, Pa?" vra Tewes, wat maar altyd die praatwerk doen.

„Staan daar teen die muur," gebied George dreigend.

Hulle val verwese, van die oudste tot die jongste, teen die muur in. Elkeen het 'n naghempie aan, kleinformaat van wat George en Hetta dra.

„Uiltjie was nie by nie," sê Hetta wat die storm wil afweer. Uiltjie sluk en rek haar oë.

„Dis niks. Sy is net so 'n klein kwaaddoener," antwoord George. Terwyl George in die hoek agter die yslike tamatiekrat aan

die grawe is om die aapstert te soek, sal ons eers vertel wat die kinders gesondig het.

Daar is 'n vete tussen George Ulman en ou tant Foelie Nathan, wat eintlik nie so oud is nie, tant Foelie van die onderdorp. Niemand weet vandag meer waaroor die ding begin het nie, maar nou het dit al beesagtige grootte aangeneem. Gisteraand was ou Foelie Nathan juistement hier by Hetta Ulman met 'n hele boel klagtes, synde die gedrag van Tewes, Maansie en Soepie, bygenaamd die kinders by George Ulman. Volgens tant Foelie, en almal weet hoe sy kan lie, het die drie kinders agt van haar posduiwe doodgeskiet en toe hulle berispe word, het hulle gesing: „Sallie gepêllie ghedikstuk dêllie." Nou ja, Sallie is ou tant Foelie se oogappel, al is sy ook ander dinge vir ander mense. Hetta het haar nie veel aan die klagte gesteur nie, maar kort daarna vertel Susara van oom Gawie ook van die skietery en die duiwe. So besluit sy dan om eers die nag tussen die oortreding en die afrekening te plaas. Oënskynlik het dit nie veel gehelp nie.

George stoot sy slaapmus reg.

As George praat, kan 'n mens hom gewoonlik maklik van die bodorp tot by die onderdorp hoor. Hy het 'n mode om te raasgesels en gewoonlik lag hy nog saam met die praat wat so 'n hele lawaai veroorsaak. Selfs as hy kwaad is, sal hy so tussenin lag ook, maar dan is hy regtig kwaad.

„Mefibóset," en wie hy is, het George self nie geweet nie, „Mefibóset het aan die koning se tafel gesit, en hoekom? Omdat sy pa so 'n goeie mens was. Maar Mefibóset het gereeld sy slae van Abjab gekry."

George Ulman het al sy lesse uit die Bybel gehaal, merendeels so verdraaid dat niemand dit herken het nie. Waar hy vassteek, het hy dan fiktiewe name en denkbeeldige omstandighede geskep. Abjab is een van hulle en om soms darem 'n verandering te hê, het hy van Abjater gepraat. Abjab en Abjater was twee baie goeie

mense. Sy gunsteling, of een van die baie gunstelinge, was darem Mefibóset, die seun van Abjab.

Uiltjie raak aan die huil en Maansie vat haar hand in syne. Maansie se trane sit ook maar vlak.

„En Eli?" raas George Ulman.

Hetta begin haar gesig nou in die enemmelskottel af te spoel.

„Eli het sy nek gebreek. Tewes, sê vir ons waarom," gebied George.

„Hy was sy vader ongehoorsaam," sê Tewes, lamgeskrik.

George kyk Tewes eers aan of hy sy ore nie kan glo nie. Toe George tien was, het hy al die apostels se name geken, benewens die rigters, konings, profete en die meer bekende Leviete, asmede die name van die boeke, die berge in die Ou Testament vermeld en die reise van Paulus.

„Hy het gehoeke?" vra George verontwaardig.

„Hy het sy vader gespot en toe kom die beer . . . . ," maar verder kom Tewes nie.

George Ulman gee 'n goedgemikte hou met die plat hand na Tewes se kop, en as ons sê 'n goedgemikte hou, dan bedoel ons een wat in die buurt van Tewes se kop sal verbytrek, want dis hoe George die vrees in sy kinders se siel injaag.

„Jy skiet nie alleen ou Foelie Nathan se duiwe nie, maar jy ken jou geskiedenis ook nie," raas George. „Eli het sy kinders nooit getug nie en hulle was goddelose kinders. Wat was hul name?" raas-vra George.

„Horeb en Sinaï," sê Tewes en sluk benoud. Hy weet dis weer verkeerd, maar hoe moet 'n man nou maak?

„Horeb en Sinaï! Dis berge se name daar in die beloofde land. Hulle name was Abomoleg en Gilgal en dis waar julle sal beland as ek julle nie tug nie. Eli het die twee nooit getug nie en daarom het hy eendag van sy stoel geval en sy nek gebreek. Dit was 'n hoë stoel soos hulle in daardie dae gebruik het," sê George

verskonend want hy voel 'n mens moet darem nie onmoontlike dinge aan die kinders verkondig nie.

„Hoeee," begin Tewes te huil.

Hulle ken hul pa. Hy sal praat en raas maar daar kom 'n dag dat hy die aapstert gebruik en dis vandag die dag. George se aapstert is 'n eienaardige tugmiddel. Hy glo daaraan dat jy die kinders nie moet seermaak nie maar liewer skrikmaak. Daarom staan hy nou met die komieklikste slaanding wat al gesien is. Dis 'n kort en ligte karwatsie maar om die karwats hang dit dik van die droë mielieblare. Die ding maak 'n vreeslike lawaai, soos te verstaan is, maar of hy kan seermaak, is te betwyfel. George weet hoe om te slaan. Hy loop haal daar bokant sy kop, maar kom die ding op die broek, is dit merendeels die tros droë mielieblare wat die skade moet doen. Die lawaai is darem daar en so word die vrees in hulle geraas.

Tewes se huilery is omdat George sy hand gevat en sy nag-hemp opgetel het.

„My hart bloei as ek julle slaan," sê hy terwyl hy kasty, „maar ek dink aan my nek. Liewers julle boude as my nek. Skiet nou weer daardie vrou, daardie Jissebul, se duiwe, laat ek sien."

„Hoeee, ek sal nooit weer nie, Pa. Pa kan my doodslaan as ek weer met 'n kêttabult skiet," soebat Tewes.

Laat ons nou sien waarom, of liewers oor wie, die hele moles in die vroeë ure van die heerlike môre in 'n sekere Januarie plaasgevind het. Laag af in die hoofstraat, ag, dis daar by die mosbolletjieplek en die vaal tronk verby, om die waarheid te sê in die onderste gedeelte van die onderdorp en naby die fontein, het ou Foelie Nathan en haar dogters gewoon. Almal op Soetwater is min of meer ordentlike mense. Ons weet ou Piet Ollies se ma se familie het 'n krakie gehad en Sarel Verwey moet liewer stilbly van ander mense, maar hulle is darem gerekende mense. Nie so ou Foelie Nathan en haar dogters nie! Ou Spons Nathan

was in sy dae se dae togryer tussen êrens en nêrens en die mense sê daar het ook maar onheilige dinge tydens die togte plaasgevind. Tog, wie is ons nou om met 'n vinger na hom en haar te wys?

Ou tant Foelie is 'n groot mens, 'n Amasone. Sy staan 5 vt. 10 dm. in haar vleeskleurige nylonkouse, en soos die beroemde boom by Knysna kos dit 'n hele paar arms om om haar lyf te gaan. Sy het 'n giftige tong, 'n plat hand wat al menige mens laat steier het en winkbroue soos haar oorlede oom Gety. Behalwe 'n paar seuns, ag ons weet nie hoeveel nie, en die ou kleintjies van wie niemand nog notisie neem nie, is daar vier dogters in die huis: Sallie, Miempie, Rose en Mollie. Ons sê in die huis, maar dis eintlik nie so nie, want hulle gebruik die vaal platdakhuisie net om nanag in te kom slaap. Sallie, die oudste, is mooi. Niemand kan dit betwis nie. Groot, soos haar ma, jeugdig soos die lente en sterk soos 'n jaaroud-os, die Sallie Nathan. Trouens, van al die kinders is dit net Mollie wat nie groot is nie. 'n Jongkêrel kan nie help om 'n onnoemlike vrees te voel as die vier geharnas, bewierook en beglans ou Foelie se eetkamer binnegestap kom nie. Dis of jy ineens jou nietigheid en sterflikheid voel. Maar die gevoel verdwyn gou, want hulle is liefies en afhanklik en jy wil hulle sommer beskerm teen al die aanslae van die lewe. Dis eers later dat jy besef dis jy wat beskerming nodig het teen ou Foelie se vier.

Hulle is altyd goed geklee, maar daar is iets wat jou tog hinder. Hulle is lief om te sê: „Ons het net so 'n klein hartjie." „Foei tog, is dit dan nie te dierbaar vir sy mamma nie?" „Dis wón--der--lik." Die monde is groot en vlesig en dan het hulle 'n mode om die kleursel baie breed aan te sit. Soen jy hulle op daardie rooi mond, sal hulle aan die huil raak en vra of jy dan so min respek vir hulle het, maar as jy moedig is, kan jy weer 'n soentjie kry.

Nou ja, dis nog geen rede waarom Tewes en die ander hul

duiwe sal skiet en dan sing: Sallie gepêllie ghedikstuk dêllie nie. Reg, vriend, maar onthou, George Ulman is 'n uitgesproke man en stuit nie vir die duiwel nie. Alhoewel hy al die dienste getrou in die kerk bywoon, behoort hy tog nie aan die N.G. Kerk-genootskap nie. Wat sy geloofgenootskap is, weet niemand nie, maar dis 'n kruising tussen die sakdraers, die swart kouse en die baarddraers. Jaap Kannemeyer, sê hy wat George is, behoort aan een of ander insekte, en al is die woorde nie al te duidelik nie, is die implikasie van 'n sekte tog daar. Nou ja, George Ulman het al verdoemenis teen die Nathans verkondig, geweier om sout-snoek aan hul te verkoop en op 'n dag sy deur toegedruk toe ou tant Foelie wou binnekom. Agter die toe deur het hy geskreeu: „Ek is toe vandag. Dis my vasdag. Kanaäniete moet buitendien ook nie hiernatoe kom nie, want ek bedien hulle nie." Toe raak hy aan die lag-raas of raas-lag. „My vis is mos gewoonlik bederf, sê julle. Gaan soek vir jou snoek by ou Neurinski of ou Nolski. Julle koop mos by die kinders van Abraham. Gaan soek by hulle jul vis en doen my nou geen moeite aan nie, want kyk! my deur is al gesluit."

George Ulman hou oënskynlik van struwelinge, maar ons wat hom beter ken, weet dat dit nie so is nie. Hy is diep ongelukkig as daar 'n twis is en tog is dit onmoontlik vir hom om sonder 'n twis te wees. Dan is dit hy en Jaap Kannemeyer, of, wie weet, oom Sarel Verwey en hy, en by tye hy en Sollie Nolski, die seun van ou Nolski. Die nasaat van Abraham noem hy Sollie.

Dit het intussen lig geword, die son het uitgekom, George het sy kafee oopgesluit en die groente, of party daarvan altans, op die stoep uitgedra om op die stellasie gepak te word.

George Ulman se kafee is 'n klein vertrek waar daar net plek vir 'n klein toonbank is waaragter rakke teen die muur aange-bring is, rakke gemaak van negosiekiste. Op hierdie rakke staan die kissies lekkers. Dis ronde swart ghoene, taai vislekkers, motor-

fietse, borssuikers, langlekkers en wie weet wat nog meer. Daar staan een enkele tafeltjie en bokant hom hang die soutsnoek aan toue. Daar is kratte ook, en kiste en sakke. Jy kan jou in hierdie vertrek nie draai nie. Die verkoopware word in tydskrifte toegedraai, die vis in *Burgers* en dis net die piesangs, as daar dan die dag piesangs is, wat in 'n kardoes kom. Kry George besoek, soos nu en dan van sy ou maat, oom Gawie Diepwater, dan moet hy maar op 'n sak aartappels sit. Ertappels noem George dit. Daar agter die tuisgemaakte toonbank het George sy plekkie waar hy staan met links van hom die motorfietse en regs die ronde ghoene. Gewoonlik staan Hetta, sy vrou, ook langs hom sonder om veel te sê, want sy is maar stil. Hy gee darem nie om of 'n mens stil is ofte nie, want solank as daar twee ore in die buurt is, sal hy gesels.

Op hierdie heerlike oggend is George Ulman die blomkool aan uitstal toe 'n skaduwee oor hom val en hy opkyk. En wie anders sal hier voor hom staan as sy swaertjie, Doors Syster! Laat ons nou sommer dadelik sê dat dié Doors Syster en George nie langs een vuur sit nie, en as dit die dag nou so kom dat hulle wel langs een vuur sit, dan gooi hulle warm kole in mekaar se velskoene.

„Wederom, George," sê Doorsie.

„Wat se wederom George is dit? Dis glad nie wederom nie. Dit was verlede jaar die laaste wederom. Jy is nie welkom in ons midde nie."

Nou raak George skielik bewoë en raas harder.

„Het George Stephanus Ulman nie genoeg vir sy siel om hom in moeite en kommer te laat voortleef nie? Moet jý ook nog kom? Ablob, Gezina, Bethsaida, waar is my vreugde dan heen? Waar, vra ek, waar, waar, waar?" en hy stamp met sy velskoen op die grond.

George hou die twee groot arms omhoog.

Doors Syster is 'n haan by nooiens, en soos alle hane het hy

nie veel om hom aan te beveel nie. Hy is nie manlik, of sterk of fluks nie en olie sy hare terwyl hy ook laventel op die sakdoek smyt. Die skoene moet nou net so en die sokkies ook so wees anders dra hy hulle nie.

„Ons het nie plek vir jou nie," sê George. „Buitendien is hier masels in die dorp, die soort masels wat 'n rooi kol gee en in die middel van die rooi kol is daar 'n wit puisie. Die masels se naam is ou Foelie Nathan en jy is 'n ou Belie wat by Sallie kuier . . . . Wat sal my siel nog meer vir hom buig? Wees stil, my siel," sluit George af.

Ou Levi Neurinski kom nou op sy stoep uit, sonder bobaadjie en met die duime in die onderbaadjie gehaak. Sy bors het al baie laag afgesak, die hemp is voor oop en die skoene los.

„Ag noeu! Miester Ulman moenie so kwaat wies nie. Ein mens is maar einmaal junk. Doorsie is nog junk, ons was almal junk. En . . . . hul . . . . hô."

George draai sy rug op ou Levi Neurinski en is hard besig om die krat leeg te maak. Hy sal nie verder praat nie al kom dominee en die hele ganse kerkraad ook. Doors kan in sy huis intrek, maar niemand kan hom verplig om te praat nie.

Tewes kom op die stoep uit en gewaar Doors, sy held. Voor hy nog iets kan sê, bulder George:

„Bly staan net waar jy staan, Tewes. Moet hom nie voor my aangesig groet nie! Wag tot ek my rug draai."

„Ja, Pa," sê Tewes verskrik.

„Hoeveel posduiwe het jy van ou Foelie geskiet?" vra George.

„Ek weet nie, Pa. So vyf," antwoord Tewes.

„Vat dan vir jou vyf swart ghoene," beveel George.

En so het George met sy lydelike verset begin. Laat Doors dan maar bly, sy kos eet en in sy beddens slaap, maar niemand kan hom verplig om te praat nie. Veral sal hy nie met Hetta

gesels nie, hy sal hom met Foelie Nathan nie versoen nie en Tewes kan haar duiwe maar skiet.

Gedurende die drie maaltye bedags het George die gewoonte om sy kafee se deur op knip te trek en dan kan die kopers maar al so lief wag tot George klaar geëet het voor hulle bedien word. Vanoggend doen hy dit dan weer en gaan aan die tafel sit en vou daardie twee sterk arms van hom sonder om 'n enkele woord te sê.

„Vra jy nie vanoggend die seën nie?" wil Hetta, wat nog niks vermoed nie, weet.

Stilte.

Buks gryp 'n sny brood uit die bord en kry 'n klap op sy hand van sy ma.

„Jou pa het nog nie die seën gevra nie," sê sy.

Nou gewaar Hetta iets. George is so stil — dreigend. Sy kyk na hom en toe na Doors. Doors knik.

„Die vlieg in die salf. Ek mag nie eens meer vir my eie sussie kom kuier nie," kom dit van Doors.

„Iemand moet die seën vra," sê Hetta. „Ag, doen jy dit maar Doors."

„Tewes, sê vir jou ma in hierdie huis vra ek die seën en as ek nie kans sien om die seën te vra nie, dan word die seën nie gevra nie. Soos heidens sal ons eet. Soos Nebukadnesar van ouds sal ons sonder die seën eet," sê George.

„Oukei," sê Doors en val weg.

Maar nie George Ulman nie. Toe hy nou reg-reg soos 'n martelaar voel, buig hy sy kop en kon nie help om vir hulle, wat nou soos beeste eet, vergiffenis te vra nie. George raak ineens innerlik bewoë en dink in sy gebed aan 'n vrou daar in die onderdorp en aan haar vier dogters. Hy sal nog vir hulle bid. Laat dit nooit eendag van hom gesê word dat hy nie vir sy naaste bid nie.

Maar praat sal hy nie. Niemand kan hom dwing om te praat nie.

Na die ontbyt gaan hy op sy gebruiklike plek agter die toonbank staan en kruis sy arms op sy bors. Hetta kom in en gaan met haar hekelwerk neffens hom staan.

„George," begin Hetta, „George, ek is jammer maar ek het Doors nie genooi nie. Reken darem so, Doors is my eie broer. As ons hom nie ontvang nie, waarheen sal hy tog gaan?"

George druk sy arms net stywer teen mekaar vas en hou sy oë op die yslike peperboom voor Levi Neurinski se winkel.

George het met sy lydelike verset in alle erns begin.

Dit was kostelik om die uitwerking op sy swaer, Doors Syster, te sien. Dié het voorgegee dat George 'n onmoontlike mens is, maar dat hy, Doors, maar sal maak of hy dit nie raaksien nie. Sy houding sê ondubbelsinnig: „Arme Hetta. Dit moet ook maar swaar wees om met so 'n man getroud te wees. Jy doen darem die regte ding. Staan by hom al is hy ook wie. 'n Syster mag nie anders nie." Doors sug sodat George dit kan hoor en sal dan met medelye na sy suster kyk. Sulke tye wil George net aan die praat gaan. Maar hy sal nie.

Hetta gesels nog met hom, maar sy antwoord, as die saak dringend is, gee hy gewoonlik aan Tewes of Maansie. Verder stap hy soos 'n stomme deur die huis. Dit was vir hom bitter as hy ou Foelie of een van haar dogters in die straat ontmoet en moet sien hoeveel blydskap daar in hul bakkies is. Doors se dinge; Doors sê natuurlik aan hulle hoe 'n onmoontlike mens hy is. Maar dan sal hy sommer daar in die straat sy oë vir 'n oomblik sluit om vir sy vyande te bid, want Doors en die Nathans is mos sy vyande.

Die eerste Sondag het Hetta so teen halfnege met die kinders begin. Doors het nog in die bed met 'n nommer van *Helder Kristal* en 'n sigaret tussen sy lippe gelê. Hetta het eers Buksie se gesig,

nek en ore gewas, vir hom 'n verstelde hempie van Uiltjie aangetrek en toe met die tweede jongste afgesit na die sinkbad half lou water. Uiltjie het luid protes aangeteken. Dis later halftien, maar George het nog nie sy verskyning gemaak nie. Sy stuur toe vir Maansie.

„Gaan vra vir Pa wanneer hy vanoggend kom aantrek. Dis al halftien," lui die boodskap.

Maansie kry George op een van die snoekkratte in die agterplaas. So 'n entjie van hom af staan ou Ruby en slaap.

„Sê aan jou moeder met soveel wrok en bitter gedagtes, ja, Mara, gaan ek nie kerk toe nie. Ek sal hier bly en stilte soek vir my siel."

Sy kinders ken hom al. So is Maansie se boodskap aan sy ma baie eenvoudig.

„Ma, Pa sê hy gaan nie kerk toe nie."

Verslaentheid. Sê ou Nolski drink nie meer 'n druppeltjie nie, of tant Ralie Salie skinder nie meer nie, maar dis ondenkbaar om aan 'n erediens te dink sonder George daar in sy bank. Tog het Hetta se ore haar nie bedrieg nie. In die derde bank van voor sal Hetta en Tewes, Maansie, Soepie, Uiltjie en Buksie vanoggend sit, maar George sal nie daar wees nie.

Daar op die snoekkrat dink George bitter gedagtes. Hy onthou hoe goed hy immer vir Hetta was en hoe hy nog voorverlede week vir haar twee rokkies by ou Levi Neurinski gekoop het. Twee was nie nodig nie, maar dis maar soos hy is. As daardie liefde vir sy mense deur sy siel stroom, koop hy sommer voor die voet.

„Twee?" het Neurinski bly gevra.

„Ja, twee," was sy antwoord. „Twee van die duurstes, Neurinski. My vrou is dit werd. Wie staan aan my sy soos Rachel van ouds? Wie is vir my 'n Sara én 'n Johanna? Dis daardie ou klein, swart vroutjie van my. Gee twee en moenie die prys sê

nie. George kan betaal. George is geseënd bo baie van sy tydgenote, en wie sal afdoen of aandoen aan sy vermoë?"

Dit het hy gesê.

En nou? George sug. Sy praat nie eens meer met hom nie en daardie broer van haar eet sy huis op. Wat sal hy doen? Dit sal hy doen: Hy sal sy goed weggee. Ou Jaap Kannemeyer kan kom haal en Driesie en sy vrou Lettie. Dít sal hy doen.

Bewoë staan George op en stap 'n koers in. Ag, hy traak nie eens waarheen nie. Maar sy voete vat hom in die koers van Niertjiekop, die naaste koppie aan die dorp en die een net bokant die ou fontein. Hy het 'n haastige manier van stap; die arms word hewig geswaai, die treë is lank en die voete word so dwars na buite toe gegooi. Naby die ou fontein gaan hy by tant Foelie Nathan se huis verby en maak of hy die vyf vrouens nie gewaar nie, want hulle is juis op pad na die kerk. Tant Foelie reken dis haar plig om haar dogters voor te gaan en dit doen sy al beskinder die mense haar ook.

Tant Foelie stap haastig nader.

„Môre, George. Ag, George, ek wil nie meer hê ons twee gesinne moet in onvrede leef nie. Dis vir my so aardig. Ons woon in dieselfde dorp en ons sit in dieselfde kerk maar ons leef in onvrede. As ek vir jou of jou familie iets gedoen het, dan vra ek nou vergiffenis. Meer as dit kan niemand tog doen nie, kan hy, George? Hier is my hand," sê tant Foelie.

Toe raak George se tong los. Dis nou dae dat hy laas gepraat het, regtig waar gepraat het.

„En daarvoor wil jy die hoof van Johannes hê! Maar George Ulman laat hom nie so maklik bedrieg nie. Jy ken vir George, en almal hier op Soetwater ken vir George. Uit die stof het ek opgestaan en in die stof sal ek weer gaan lê." Die gesels raak nou lekker vir hom en hy raas-lag dat jy sy kleintongetjie kan sien. „Kyk na die ou dorpie. Snags wandel die pestilensie op

straat en, wee my! ook uit my huis kom die gedruis van sy voete. Die vensters na die straat is oop en die vroue roep met hul tonge en wink met hul hande. Met my beminde gesels ek nie meer nie en met die dogters van Israel word ek nie meer geken nie."

Toe stap George, regop en met baie geswaai van die arms, aan. Hy voel baie beter, dankie. Met Hetta of sy swaer sal hy nie gesels nie, maar dit het hom goed gedoen om weer 'n slag George Ulman te wees. Sover hy stap, gesels hy dan ook, 'n geselsie wat gepaard gaan met armgeswaai. Hy lag en gesels sy eie gesels.

Bo-op Niertjiekop gaan hy op 'n rotslys sit en laat sy oë oor die vaal dorpie gaan. Daar is sy dak en die huis van die weduwee Hoon. Hy ken sy Soetwater, die huise, strate en die sering- en peperbome. Aan daardie boom het hulle Lewies Hoon vasgemaak toe hy van sy verstand was. Op 'n Sondag sny die ou dingetjies mos in 'n mens se siel in. Waar is Andries Loodwyk vandag, en sy ou vader? En tant Jaatjie en tant Naatjie Oberholser? Die bome sal nog daar wees lank nadat hy weg is en hierdie koppie en die fontein daar. Toe raak George bewoë.

„Stof is jy en tot stof sal jy wederkeer," sê hy hardop. „Jonathan . . . . ," en wat hy van Jonathan wou sê, sal ons nou nooit weet nie, want nou is sy oë op die kerk. Daar in die derde bank van voor sal Hetta en Tewes en Maansie en die ander sit en sy kussing sal langs Hetta op die bank lê. Net hy sal daar nie wees nie. Doors Syster is die oorsaak van al sy leed, maar bo almal Sallie Nathan, want dis waarom Doors hier is. Hulle is kerk toe; Doors kan gaan as hy wil, maar George Ulman moet op Niertjiekop sit. Toe voel hy die onreg van al hierdie dinge.

„Ek sal nie klae nie. Dít sal ek doen; ek sal psalmsing," sê hy hardop.

Met 'n bars in sy stem en baie droefheid in sy hart, omdat die

ou wêreld nie so goed is as wat 'n mens sal wens nie, sit hy 'n Psalm in, maar dit wil ook nie vlot nie.

Eensaam, of so verbeel hy hom, stap hy die koppie af en vat die stofpad terug na die bodorp. Hy hoop mense sal sy eensaamheid sien. Tant Mieta sal hom jammer kry, maar sy kan vandag ook nie meer sien nie. Hetta voel nou natuurlik salig omdat sy in die kerk was. Hulle ken hom nie, hulle weet nie hoe 'n goeie mens hy is nie, dink George.

Op Soetwater bly 'n ding nie lang verborge nie. Op 'n keer het Jaap Kannemeyer tant Mieta se hoenders met die windbuks begin skiet. Dit was nie 'n dag nie of die hele Soetwater het dit geweet. Hier weet ons alles van mekaar af. Ons respekteer mekaar se foute en is verdraagsaam teenoor elkeen, maar goeiste! ons beskinder hom in liefde. Almal ken Jaap Kannemeyer se swakheid en daar is medelye met oom Sarel Verwey se kruis asmede verdraagsaamheid met tant Janie Tulle se nukke en krulle. Kyk, Soetwater is vreedsaam en die jare gaan oor sy inwoners en sy peperbome, en wie is ons om hulle rus te verstoor, of sus of so te sê? Daar ken hulle vir George Ulman van buite en binne, hulle is nogal lief vir Hetta, maar George is hulle s'n soos die munisipaliteit of die kerkhof. Op snelskrif gestel: hulle weet lankal van George se lydelike verset.

Toe laat ds. Ben Lotriet hom roep.

George het die straat geskep en koers gevat na die pastorie. Oom Petrus Doekvoet is in die hoenderkamp, en toe dié hom vra waarheen hy dan nou so haastig gaan, het hy in die verbygaan gesê: „George Ulman is nog net so in die duister soos oom Petrus. Daar sal vir hom 'n lig opgaan in die pastorie en dan sal hy nie meer in die duister wandel nie."

George gebruik graag figuurlike beelde. Hy raas-lag weer en vervolg:

„Hier op Soetwater wandel al die plae van Egipte mos hand

aan hand op die strate. Jy sien dit van jou dak en van die tinne van die tempel, en van jou poorte aanskou jy dit in die middag."

Die stoffies trek so voor hom uit soos sy velskoenpunte dit opjaag. Hy is bly die dominee het hom laat roep.

Hy klop hard aan, hou 'n grootrandhoed in sy linkerhand en staan met altwee hande in sy sye.

„Middag, broer," sê ds. Lotriet en moet opkyk want hy is kort op die been.

„Middag, dominee. Hier is George nou."

Hy begin al weer te lag en te raas.

„Ek was juistement vir tant Bella patats aan uitweeg toe die boodskap daar aankom. Gehasie was hierdie keer een van ou Jaap Kannemeyer se kinders. Hy sê sy naam is nie Gehasie nie, maar Albertus en vandag se kinders ken ook nie meer hul geskiedenis nie. Ja, dominee?"

„Sit, broer, ek wil met jou praat, en laat dit tog stil wees in jou siel, want ek wil ernstig met jou praat," sê Ben Lotriet.

„Dit sal nie swaar gaan nie, dominee, want ek is al ag dae stil in my siel en stil in my huis. Daar is dit net Doors Syster wat praat," val George hom in die rede en lag dat 'n mens sy kleintongetjie kan sien.

„So hoor ek, broer," sê die dominee.

„Wie skinder so van my, dominee? Maar wie is ek? Laat hulle tonge dan maar klap. George Ulman sal nie iets sê as die mense van hom skinder nie."

Dan vra hy skielik ontsteld: „Wat sê hulle, dominee? Wat sê hulle van George Ulman? Maar ek wil nie weet nie. Ek sal my tong gebied om stil te wees en ek sal my ore toedruk. So."

George Ulman sluit sy mond dig toe vir dominee om te sien en vou sy arms.

Ben Lotriet begin praat. Sy stem is sag en pleitend en dis of

daar tamheid agter die woorde is. George maak almal rondom hom ongelukkig, want almal hou van hom, en Hetta en die kinders het hom lief. Doors Syster is tog sy swaer, en Foelie, laat sy nou wees wie sy wil, is ook 'n mens. Laat daar nie gesê word dat ons op Soetwater in onenigheid leef nie. George het so baie om dankbaar voor te wees. Sy kinders is sterk en gesond en hy het 'n liewe vrou wat hom ter syde staan. Nog nie een is deur die dood weggeneem nie. Hoeveel het George nie om dankbaar voor te wees nie? vra dominee.

George Ulman het net so 'n klein hartjie. Toe dominee so met hom praat, sien hy mos weer vir Hetta, ag, en Tewes en Maansie, en die wipstert Soepie staan by sy knieë. Uiltjie met haar vuil mond soen hom op sy mond en Buks, die aspatat, val oor sy eie voete. Die trane kom in sy oë.

Ben Lotriet sien dit en weet hy het gewen.

„Sal jy nie maar weer George vir ons almal wees nie, maar veral vir jou huis?" vra Ben.

„Ek sal. Niemand sal sê ek is ondankbaar nie. Dominee sê ek moet weer George wees. Ek sal weer wees. Ek sal George wees en nog baie George-e. Wat sal ek doen? Dít sal ek doen. Ek sal my mond wyd oopmaak. George het mos sy lippe vir ag dae gesluit. Wat sal George nou doen? George sal nou vir ag dae sy mond wyd oopmaak dat almal kan sien."

Ben Lotriet verstaan hom egter nie. Ben reken George praat weer in beelde en George bedoel hierdie keer die woorde letterlik.

„Ek is bly om dit te hoor, broer," sê Ben.

„Sommer vanaand sal George sy mond wyd oopmaak."

En so is George Ulman daar weg sonder dat dominee besef wat nou op hulle wag. George het skielik, soos hy reken, 'n inval gekry.

Daardie aand sluit hy sy kafee vroeg. Daar is baie voorbereidings om te doen. 'n Ou lantern word uit die pakkamer onder

die rommel uitgehaal en sy konsertina word van die klerekas gehaal. Tewes en Maansie word stal toe geneem en daar gee George hulle sy opdragte.

Skaars het die skemerte toegesak of 'n swetterjoel kinders staan voor die kafee. Daar is vier van Jaap Kannemeyer, drie kleinkinders van oom Petrus Kruger, alias Doekvoet, en drie van tant Foelie Nathan. Die weduwee Hoon het haar kwota ook gelewer in die vorm van klein Driesie en Japie. Dan is daar nog 'n paar Broekhuizens en 'n stuk of wat Maanse.

„Kom!" beveel George.

Daar gaan die optog. Vooraan stap George met die lantern en die konsertina, maar hy speel nog nie. Sy bene is lank en hy kan lang treë gee. Die kinders draf dan om by te hou. Op die hoek reg voor Neurinski se winkel en regoor die Goeie Hooplosieshuis, met sy weinig of geen kosgangers, gaan George staan en gee die lantern aan Tewes. Agter hul rug is Nolski se skuur en skuins agter hulle weer Nolski se winkel. George stel sy mense rondom hom op. Vas teen hom staan die jongstes, een van die weduwee Hoon met belle onder sy neus en sy klein Uiltjie. Dis vir hulle groot pret. Twee van oom Petrus se kleinkinders stap vir die aardigheid op hul hande rond, en die drie van Foelie Nathan blaas die bekfluitjies.

„Stilte!" bulder George.

Die kinders kyk hom met groot vraende oë aan.

George Ulman wag al lankal op so 'n dag, op so 'n aand. Hier is al die oë op hom.

„Ons sing," sê hy, „ons sing sommer al die liedere wat ons ken. Ons sing soos ons nog nooit gesing het nie. Hierdie dorpie was te lank stil en ons het ons tonge in ons binneste toegesluit. Nou moet ons oopsluit, ons moet ons blydskap uitjubel . . . . ," en so gaan hy voort.

Terwyl hy gesels, vind die vier van Jaap Kannemeyer dit tog

te prettig. Gys brom soos 'n volstruis en stap tot groot vermaak van die ander sulke wye draaie in die straat.

„Juslaaik!" sê klein Martiens Kannemeyer, klap op sy hande en stamp met sy voete op die grond. So 'n uitnodiging soos vanaand het hulle nog nooit gehad nie. Wat oom George van hulle hier vra, is om die dorp om horings te neem, en hulle gaan hom op horings neem.

„Hou die lantern hoog, Tewes," gebied George en vervolg dan: „Elkeen van ons kry 'n beurt om 'n lied op te gee. Wie wil begin?"

Dit moes hy nie gevra het nie. 'n Koor van stemme klink in die aand op. Reeds het die eerste mense nuuskierig begin nader staan. Sophy van Jan het op die losieshuisstoep uitgekom en roep nou vir Jan ook. Ou Gaaip Nolski het sonder baadjie op sy winkelstoep verskyn en druk nou sy hande voor by die broekspant in.

„Dan sing ons maar . . . . ," sê George en „waa-a" gee die konsertina sy eerste akkoord.

Ons het gesê op Soetwater gebeur nooit iets nie. Dis nie heeltemal waar nie. Daar was die dag in '16 toe een van oom Sarel Verwey se broers bedot geraak het en met 'n Lee Metford die dorp op horings geneem en uiteindelik op Niertjiekop stelling gaan inneem het. Dit was 'n hele opskudding en die oudste inwoners onthou dit vandag nog. Dan was daar die dag, liewer die nag, in '28 toe ou Jaap Kannemeyer se pa se koei, vier kalwers gegooi het. Die dorp het daardie nag nie gaan slaap nie. Of dink aan die keer toe Jaap Kannemeyer George se perd, Belie, geskiet het. Die hele dorp was daardie dag in rep en roer.

Nou ja, dis dinge wat Soetwater se mense kan verstaan. Dis lelike dinge, maar dis dinge wat kan gebeur. Selfs toe Petrus Meyer in '42 sy skoonma met 'n handsambok afgeransel het, kon hulle dit darem uiteindelik verstaan. Maar dat iemand, al is dit dan nou ook George Ulman, op die hoek van Hoof- en

Kortstraat sal gaan staan en konsertina speel en liedere sing, is nou eenmaal ongehoord. Oom Sarel Verwey was juis aan tafel — 'n bietjie laat vanaand, maar die afval was taai — toe hy iets ongewoons hoor en vir Alie vra om te luister.

„Hoor jy ook 'n singery?" vra hy en sit die pootjie neer.

„Sommer die Kleurlinge," sê Alie.

„Dis nie Krismis nie," antwoord oom Sarel.

En dis die waarheid. Krismis is nou-nou verby, want as julle nog onthou, het ons die verhaal begin deur te sê dis 'n nag in Januarie. Dus, oom Sarel Verwey is reg soos gewoonlik.

Vanuit die lokasie kom dit en dam op die hoek van Hoof- en Kortstraat op. Die onderdorp se mense kom draf-draf aangehol. Die bodorp se mense moet hul waardigheid in aanmerking neem en daarom kom hulle op hul tyd aangesuiker; die vrou het by manlief ingehaak en die kinders word by die ou mense gehou. Maar hulle kom ook.

George Ulman is in sy noppies. Toe hy vandag vir ds. Ben Lotriet gesê het: „Dit sal ek doen. Ek sal my mond wyd oopmaak," het hy so 'n sukses nie kon voorsien nie.

„Almal is welkom," raas-gesels hy. „Almal is welkom van die grootste tot by die kleinste. Julle hoef ook nie te betaal nie. Was daar al 'n dag dat George Ulman onwettiglik en onwederregtelik geld van julle gevat het? As hy dit gedoen het, gee hy dit tienvoudig terug. Siejy die konsertina los, Soepie," sê hy kwaai en mik 'n hou na haar kop. „Waaa . . . aa," sê die ou konsertina as Soepie hom op die grond los. „Staan nader, vrinne. Hier links van my is nog baie plek. Ag, ou Arrie, sal jy en Vink en Olyn tog net so 'n japtrap besyds staan dat die witmense ook plek kan kry? Ek sien oom Sarel Verwey is ook hier. Welkom in ons midde; ook Bennie du Toit en sy familie. Tant Bella, vir jou en Dot is hier nog staanplek agter Jaap Kannemeyer. Dis miskien nie so gerieflik soos in die kerk nie, maar môreaand kan die

kinders plekke aanwys. George het regtig waar nie so baie mense verwag nie. Sersant, kan jy en jou vrou darem alles sien? A, wederom, dominee. Dominee het vandag gekla dat ek nie meer my mond oopmaak nie. Toe het ek gesê: ‚Wat sal ek doen? Dit sal ek doen.' Neurinski, jy is ook welkom. Ons behoort nie aan hierdie of daardie kerk nie. Ons byeenkoms vanaand is vir almal. Ja, vir almal. Toe sê ek: ‚Dit sal ek doen. George sal sy mond wyd oopmaak en hy sal 'n getuie wees van hier tot by die meer van Galilea. Hy het droefheid in sy huis gebring en sy beminde nie meer geken nie; met die kinders van sy volk het hy nie meer gedans en by die snarespel was sy lied nie meer nie; die dogters van sy volk het vir hom geword soos vreemdelinge en by Kédron het hy nie meer water geput nie. Maar hier op die hoek, oorkant die bordinghuis en Neurinski se winkel, sal hy aand vir aand staan en hy sal aan almal verkondig die lied wat sy hart nou bly maak.' Ja, tant Foelie Nathan, ek wou jou nie meer groet nie en het meer van die begroetinge op straat gehou, maar nou is my hart weer reg teenoor jou en uit jou kruik sal ek weer olie neem. Kom ons sing."

Hulle het tot die einde gebly. Laat ons dit ter ere van ons Soetwater se mense sê. Nie een van hulle het voor die einde uitgestap soos ons vandag so dikwels op ander dorpe sien nie. So stryk van halftien het George begin oppak, en as ons sê oppak, dan bedoel ons hy het sy lantern en konsertina geneem en huiswaarts gekeer. Sy hart het voldaan gevoel en hy het geen wrok meer in sy hart teenoor tant Foelie Nathan of Doors Syster nie.

Ook die inwoners van Soetwater het voldaan huis toe gegaan, want kyk! hier het andermaal iets op Soetwater gebeur, en hulle kan nou gesels en gis en voorspel.

Een liggaam het darem nie stil bly sit nie. Dit was die munisipaliteit. Ons weet nie of ander munisipaliteite iets vir hul dorp doen nie, maar Soetwater s'n het nie. Hier was darem 'n uit-

stekende geleentheid om 'n buitengewone vergadering byeen te roep en 'n besluit te neem.

Laat ons dit nou maar beken. George Ulman het dit gisteraand geniet en die stadsraadslede weer vandag. Die polisie is in kennis gestel van Wet nommer 6, artikel 143, klousule 3. George Ulman verstoor die rus van die inwoners van Soetwater. Die besluit van die stadsraad en 'n afskrif van die betrokke regulasie is deur sersant Fourie aan George so teen 5 nm., om sekuur te wees 5.11 nm., oorhandig.

Toe het Soetwater gewag. Wat sal George Ulman nou doen? Almal het van die vergadering, die bestaande regulasie en sersant Fourie se besoek gehoor. Maar Soetwater ken sy George Ulman. Hulle reken George sal hom aan geen regulasie steur nie en hierin was hulle reg.

Hier was so 'n gevoel van naderende drama in die lug. Jy kon dit sien aan die mense op straat en aan die klerke in die winkels, en selfs die peper- en seringbome het van spanning getuig. Die volkies teen Nolski se skuur het nie so luilekker bly staan nie, maar opgewonde gesels en haastig aan die reisende stompie gesuig. As jy stil gaan staan en jou asem ophou, kon jy George opgewonde in sy kafee hoor gesels en lag. Hier is drama! Hier is spanning! Dis of die son talm op sy koers na Hondeblafkop en of die aand maar nie wil kom nie. Die stadsraad wag en sersant Fourie wag; die peper- en seringbome wag en die vier adamsvye-bome, in die straat en oorkant Nolski se winkel wag. Maar bo alles, die kinders van Soetwater het gewag. Wat Soetwater mag besluit, raak hulle nie aangesien hulle almal George-manne is.

Die onvoorsiene gebeur toe. Nee, vir George was dit nie onvoor-siens nie, want die stadsraad het sonder sy Petrus Kruger, Petrus Doekvoet gehandel. Hulle het ses maande gelede teen oom Petrus opgetree omdat sy hoenderhokke nie volgens vers en kapittel is nie. Blaai terug in die verhaal en u sal sien dat oom Petrus

Doekvoet 'n erf en 'n kaal erf het en op die kaal erf, net agter Nolski se winkel, is sy hoenderkampe. Oom Doekvoet was in sy dae, dit was nog voor die voorlaaste droogte, ook lid van die munisipaliteit.

Na 'n getalm en 'n gewag het die Karooson tog uiteindelik aan Hondeblafkop geraak, oranje-rooi gegloei, weggeraak en die skemerte het gekom. En met die skemerte het Soetwater se melkbokke die hoofstraat binnegekom en aangestryk dat die stoffies so staan. Gertjie van Graan, of Van Garing soos hy in die wandel genoem is, se donkies het agter Nolski se hotel aan die slaap geraak; hier is 'n kers aangesteek en daar is 'n lamp brand gemaak; George het sy groente ingedra en Neurinski het sy kruisbande terug oor sy skouers gestroop en sy baadjie aangetrek. Ag, laat ons dit maar reguit beken: dis aand op Soetwater.

So stryk van agtuur, dit kon ook 'n rapsie later gewees het, want die kerkklok en ou Sampie Geyer se huishorlosie wen sewe minute op 'n dag, het George en Hetta, Tewes, Maansie, Soepie, Uiltjie en Buks uit hul huisie gekom. Dit was die teken vir Soetwater se bruin konstabel om in aller haas af te sit na sersant Fourie se huis. George en sy familie word begroet deur 'n skaar van kinders. Om hul blydskap te betoon, slaan 'n paar bolmakiesie en die bok-bok-tou stort inmekaar.

George hou die lantern omhoog en maan hulle luid en lag-lag aan om hom te volg.

Gaan hulle na die hoek oorkant Neurinski se winkel? Nooit! Daar staan sersant Fourie en konstabel Jooste vir hulle en wag, maar George groet en hy en sy metgeselle gaan op hul weg voort. Daardie weg is tot by oom Petrus Doekvoet se kaal erf waar die hoenderkampe is. Die lantern word bo-op een van die hoenderhokke gesit en George trek die eerste paar note uit die konsertina.

Gisteraand het die mense uit die bo- en die onderdorp en van die lokasie gestroom, maar vanaand het die oues van dae en

die kreupeles ook gekom. Ou Arrie Warrie, die oudste Kleurling op die dorp, is soheentoe gedra deur Arrie van Klein Arrie van ou Warrie en Koek Breekyster se seun, Pensie. Die blinde Sarie Jannewarie is ook in aantog, gelei deur die dogter van Poens Oliekoek. En George se vreugde het toegeneem. Hy het altyd gedroom dat hy so 'n groot gehoor eendag sou toespreek, en hier is dit nou. En George hou van vertoon en 'n gehoor.

Hy stel sy familie teen die rug van die hoenderhok op. Daar staan Hetta, klein en blas en beteuterd, en sy kinders van die grootste tot die kleinste. Hy en Hetta is weer versoen.

„Vrinne, kyk na my familie. Ek het hulle 'n onreg aangedoen, maar vanaand voel George Ulman se hart bly, want ons is weer verenig."

Die henne in die hok en in die hokke verderaan spring ontsteld van die steiers en die rooibont haan kraai. Al die hane van die dorp kraai. Dis tog te mooi vir die kinders van Jaap Kannemeyer wat na die ander hokke hardloop en die laaste paar henne ook nog opjaag.

„Kyk na Hetta. Sy is vanaand ook hier. Sy is aan George se sy, sy is maar altyd aan George se sy. Insekte George noem Jaap Kannemeyer my. Laat dit so wees. Ek is 'n insekte en Hetta is 'n insekte en hier staan die klein insektetjies. Maansie, jou broekie is los, kêrel. Hulle ken my. Vir twaalf jaar en nege maande het ek nou al 'n keffie in Soetwater en ek het in vrede met die mense gelewe. Het George iemand 'n onreg aangedoen, dan het hy, soos Saggéüs van ouds, vierdubbeld terug betaal. Maar ek dwaal ook soms en so het ek nou weer gedwaal. Ons dwaal almal en vele. Maar wat het George gedoen? Daar staan tant Foelie Nathan. Vra haar selwers. Maar George sal sê wat hy gedoen het. George het na tant Foelie gegaan en vergiffenis gaan vra."

Daar is 'n oorverdowende gekekkel agter George en verderaan. Die dorp se honde het ook nou aan die blaf gegaan.

„Wat sê baas George? Wat sê baas George?" vra die dowe Piet Tieties aanhoudend, maar niemand slaan ag op hom nie.

Maar George het sy gehoor en George het sy toespraak om te hou.

„Maar wat doen stadhouer Sarel Verwey toe?" raas-vra George. „Hy is hier, en ook die Romeinse Raad. Daar staan Festus," en George wys na sersant Fourie. „Festus moes mos vir George Ulman voor die Romeinse Raad gesleep het. Waarom het jy nie, Festus?"

Nou kom George mooi op stryk. Hy hoor die steune van oom Sarel Verwey en die gebrom van die stadsraadslede. So elke tien tellings slaan Klein Sors Kannemeyer twee kastroldeksels teen mekaar. Almal het iets gebring; is dit nie 'n bekfluitjie nie, dan tog 'n trompie of die steel van 'n pampoenblaar. Bo hierdie simfonie klim George Ulman se stem uit.

„George is agtien jaar en sewe maande al op Soetwater en nog nooit het die stadhouer se wapendraers met pampiere na hom gekom nie. Hier is dit. Kyk wie julle stadhouer is en wie die Romeinse Raad. ‚Nademaal wet no. 6 van 1916, artikel 143, klousule 3.' Festus, jy hoef jou aangesig nie te bedek en laat jou aangesig hom nie van Jerusalem keer nie. Jy is net 'n wapendraer van ons stadhouer. Maar ek sal nie verdelging sing en ook sal ek nie arglistigheid bedink nie. Ook sal my hart nie afkerig word van die inwoners binne my tente nie. Korja, waar is jou Abjab en jou Abjater? Dis omdat daar nie meer 'n Mefibóset onder my mense is nie!"

Toe George dit so hard uitroep en met sy vuis in sy hand slaan, moker Sors Kannemeyer die twee kastroldeksels net so hard as hy maar kan teen mekaar. George is salig onbewus van die begeleiding.

„Onder my mense is nie," eggo die dowe ou Piet Tieties wat nou tot voor George Ulman gevorder het.

Ou aia Fytjie Doester vee die trane uit haar oë. Selfs meneer kan nie so mooi preek nie.

„Kom, Abjak, kom, Abjater, gaan nou na Gilgal en daar sal julle vrede sien. Daar het vandag weer so 'n bietjie vars piesangs aangekom en, mevrou Lotriet, ek het toe 'n kissie mebos gekry soos jy gevra het," raas-lag George en vertel hulle waarom hy nooit wrok teen iemand sal koester nie en hoe sy hart een groot saal vol liefde is. As die stadhouer nog so voel en Festus reg is, sal hy wat George Ulman is, nou saam met hom gaan om in boeie geplaas te word. Hulle moet hom net toelaat om sy familie te groet (by hierdie punt van sy rede tel hy Uiltjie op en soen haar) vir Hetta en Tewes en Maansie en die ou kleintjies.

George het later sy vrou en kinders, sy lantern en sy musiek-instrumente geneem en huis toe gegaan. Hulle het uitgetrek en die kers doodgeknyp. George het nog steeds geraas en gelag, maar was daar vrede in sy siel! Hy het 'n oorwinning oor sy vyande behaal, het hy gereken, en sy hart moet nou lekker voel. Tog is daar geen vrede in sy siel nie. Hy het hom na Hetta gedraai en toe weer muur se kant toe. Hy het geprewel en 'n skietgebed opgesê, hy het gesug en sy aangesig weer na Hetta gedraai, maar die slaap het van hom gewyk. Toe dink George Ulman dat as hy sy slaapmus afhaal, sal hy kan slaap, want die klos hinder hom. Die nagjurk is te warm vannag. Waar hy ander aande nie die weduwee Hoon se hond hoor blaf nie, is dit vanaand of Wagter bo-op sy bors staan en blaf. Die maan skyn ook en boonop kan George nie slaap nie.

Binne-in hom is 'n stem wat sê: „George, jy het nou gepreek en, George, jy het jou probeer regverdig in die oë van die mense, maar, George, het jy reg gedoen? As jy reg gedoen het, waar is jou vrede dan?"

„Aag," sê George hardop, „en hoe het hulle met my gemaak? Het Jaap Kannemeyer nie teen my gesondig en het Sarel Verwey my nie leed aangedoen nie?"

„Ja," sê die stem hier in die donker kamer, „hulle het, maar hulle sal eendag hul pak moet dra. Maar jy, George Ulman, het jy reg gehandel?"

„Dit sal ek vervas nie doen nie!" sê George en sit regop in sy bed.

Die stem het naamlik nou gesê dat hy na oom Sarel Verwey moet gaan en hom om verskoning moet vra, dat oom Sarel dan sy verskoning aan die munisipaliteit moet oordra.

„Festus sal vir my lag en Herodus sal oor my kraai," sê George Ulman en probeer weer die ander sy.

Die stem kom weer.

„Jy het nou al vir twee aande in die straat vir ander gepreek en jou in hul oë regverdig. Jy ís reg, George Ulman, maar moes jy nie die minste gewees het nie?"

„Ek is maar altyd die minste," sê George hardop. „Almal trap op my en almal ry op my. Net hierdie een keer het ek hulle afgegooi."

„Daardie kere toe hulle jou getrap en gery het, het jy vrede in jou siel geken, maar het jy nou vrede in jou siel?" vra die stem.

„Olraait!" sê George, „bly stil. Ek trek al my broek aan."

„Waar gaan jy, George?" vra Hetta wat nou wakker word.

„Na Festus en Herodus om vrede te maak. ‚Vrede, vrede, sê die mense, maar daar is geen vrede nie'."

George stap haastig en gooi sy voete dwars na buite toe en gesels ook kliphard. Die arms word geswaai en omdat dit sand-strate is, lê die lyf skuins vorentoe. Almal slaap al. Op Soetwater rus almal al teen halftien se kant. Oom Gawie Diepwater knyp sy kers so stryk van neënuur in die winter dood en so halftien somersaande; die ander inwoners ingelyks. Toe George dan hier om halfelf deur die strate stap, was daar nie 'n lewende sterfling te sien nie.

Hy klop aan oom Sarel Verwey se kamervenster. Ja, hier ken ons almal mekaar se kamervensters.

„Oom Sarel! Oom Sarel!" roep hy.

„Ja? Wie is dit?"

„Dis George, oom, George Ulman."

„Ja, wat is dit, George?"

„Oom Sarel, ek het in die straat gepreek en ek het huis toe gegaan en ek het weer gepreek. Ek het vir jou Herodus en die munisipaliteit die Romeinse Raad genoem, maar George het nie so vrede in sy hart gekry nie. En nou sê 'n stem vir my: ‚Wees jy maar die minste, George. Julle moet die een die ander uitnemender ag as julle self.' Nou kom George en hy sê: ‚Oom Sarel, jy is nie Herodus nie en die munisipaliteit is nie die Romeinse Raad nie. Sersant Fourie is ook nie Festus nie,' en ek gaan om dit vir hom te sê."

George raas-lag al weer en as George raas-lag, is die vrede terug in sy siel.

„Ek sal soos Bartholoméüs in die nag na dominee gaan. George sal regmaak alles wat hy verbrou het. Oom Sarel, ek het vars piesangs vandag gekry, mooies, oom. Sê maar vir die tante ook. Nag, oom."

„Nag, George."

George lag.

„Daar kyk tant Janie Tulle nou deur haar venster. Nou weet sy nie wat aangaan nie. Dis sommer Saggéüs wat in die nag na Herodus kom om aan die keiser te bring wat aan die keiser behoort. Nag, oom Sarel," en luider, „nag, tant Janie."

George Ulman skep die straat na die ander verongelykte inwoners; George het weer vrede in sy siel gekry.

BRUIDJIE DIT EN BRUIDJIE DOT

Dot costa draai haar op haar maag om lekker te kan lees. Sy is 'n groot leser. Daardie maandblaaie, soos *Kruiekos, Vinkel en Koljander, Goue Drade* en *Hoop en Blydskap* het hulle intrek nou ook op Soetwater gemaak. Op 'n dag het iemand uit Johannesburg (dit kon Kimberley ook gewees het) gekom en George Ulman se naam op sy lys geplaas, wat dit ook al mag beteken. George kry hulle nou gereeld saam met nog 'n duisternis ander, en daar lê hulle op die toonbank naas die vertoonkassie vir die kaas. Dot Costa lees hulle almal asmede ook die Engelse blaaie *Spring Madness, Girls Beware, Eventide* en *Come Hither*. Dan koop sy ook nog die boeke van Una T. Little, C. K. Epps, Bright H. Soames, Charles E. Burns en Sally B. Silks. Dis maar eers onlangs dat sy Woods C. Woods, Crystal Clair en Sam Bones ontdek het. In haar oë is hulle wonderlike skrywers. Trouens, almal wat oor die liefde skryf, is vir haar wonderlike skrywers, en dan tog asseblief ook Engelse skrywers, as julle nie omgee nie. Sy hou nie van die Afrikaanse skrywers nie. Hulle verstaan die liefde nie, nie soos die Engelse Skrywers nie. Vat nou *Treasure Trove* van Crystal Clair. Lily was maar altyd 'n flerrie, maar toe ontmoet sy mos die wonderlike man, James Wright. Nou, James het 'n skoon lewe gelei en daarby was hy wonderlik gebou en 'n suksesvolle prokureur in Kansas City. Lily het maar by 'n modiste gewerk en sy het maar min kanse in die lewe gehad

as 'n mens John Urban, kleremaker, Paul Warren, klerk en Edgar Stone, commercial artist, nou kanse kan noem. Sy moet darem sê Edgar het 'n gawe indruk op haar gemaak en dan is hy 'n artist, en sy, wat Dot is, het nog nooit 'n artist geken nie. Dit moet wonderlik wees om 'n artist te ken, want hulle kan so stormagtig in hul liefde wees. Edgar het maar altyd na verf geruik en verf aan sy hande gehad, maar o! hy kon Lily sommer gryp en optel en soen tot haar asem weg is. Afrikaners kan dit nie doen nie. Dot wonder waarom nie. Ag, sy sal maar arbei aan haar Arthur Drew. Gelukkig het hy tog 'n Engelse naam. Sy sal van hom 'n artist maak.

Dot se ma, tant Bella Jurien, een van die dae tant Bella Herrington, het Dot se van na Costa laat verander. Dit kos haar nou 'n ietsie, maar Dot Costa en Arthur Drew klink tog so geleerd en Engels. Ag, dis haar geheimpie wat Dot se van vroeër was. Tant Bella wou die dingetjies alles regkry voor haar troue want dis beter vir haar en Gielie as Dot eers uit die huis uit is. Tant Bella het keelgeluidjies gemaak toe sy al die ou plannetjies agtermekaarsit. En so het Dot dan Dot Costa geword.

Tant Bella Jurien en Dot Costa is altwee klein van persoon en klein van patroon met koeëlronde gesig, 'n plat-plat neus met 'n ronde knop voor op die punt. Maar daar hou die gelykenis op. Dot dra 'n ietsie wat haar ma nie het nie en Dot se wenkbroue is 'n dun strepie hare, té dun as 't ware. Die mond is eienaardig. Hulle noem dit glo 'n pruilmondjie en nou het sy hom nog breed gaan smeer. Toe sy in *Kruiekos* geadverteer het, het sy haarself beskryf as 'n blouoog-nooientjie van 19 wat van swem, perdry en dans hou, met 'n ligte bos krulhare, 'n nie onaansienlike lyfie en twee viets bene. Nou, alles is waar behalwe die ouderdom, en dan het sy nog nooit perd gery nie, maar 'n perd het darem tog haar aangenome pa doodgeskop, en dis al iets. Nie die doodskoppery nie, maar die perd. Ag ja, en dan is haar

hare deesdae meer „auburn" as lig, maar dis waar van die lyfie en die bene. Mans loer mos maar, en sy hoef hulle nie weg te steek nie — nie die bene nie.

Tant Bella Jurien, een van die dae Herrington, sou al getrou het, maar elke keer word die trouery uitgestel ter wille van Arthur en Dot. Tant Bella reken Dot moet eers trou en dan kan sy .... raai, 'n mens is tog verspot! Wat kan dit nou wees as Dot ook in die huis is? En tog, so is dit.

Dot se troue. Dit was bepaal vir 8 Januarie, en op die 3de, die wind het die dag nog so gewaa---aai, kom hier 'n telegram aan dat Arthur in die bed is. O, Dot se oë was rooi gehuil, want 'n vrou bly nou maar 'n vrou en wil graag die ou mooi dingetjies dra. Nou ja, en toe het hulle dit tot 15 Februarie uitgestel. En toe? Nee, toe moes Arthur mos haastig en gou Joubirk toe gaan. Sommer so onverwags. En toe het tant Bella gesê: „Troue, as jy ooit kom, laat dit soos 'n dief in die nag wees." Tant Bella Jurien is vreeslik lief om dinge se name as eiename te gebruik. Daarom sê sy: „Troue, as jy ...." Nou ja, nou hou sy en Dot altwee 26 Februarie in gedagte, asmede 12 Maart met 21 Maart as derde keuse.

Dot het vir Arthur gesê: „Darling," sy noem hom altyd so, „Darling-Arthur, jy hoef jou tog nie te bekommer nie. Ek is nou soos ek is, maar ek is vreeslik troe. Hier op Soetwater is nie iemand wat ek my aan sal steur nie. So, oukei, darling-Arthur, ek sal net vir jou wag."

En dis wat sy ook doen. Soggens loop sy met min aan en die blou kamerjapon bo-oor die minnetjies, gaan krul haar op in 'n bondeltjie bo-op die bed, of 'n leuningstoel, en dan lees sy van Lily en James. Sy behoort aan Arthur. As dit nou 'n rukkie duur, die trouery, moet Arthur net weer 'n slag kom, want 'n vrou is nou maar 'n vrou en sy verlang soms. Hy laat haar nogal aan James Mason dink, alhoewel hy eintlik Humphrey Bogart se

geaardheid het. Sulke tye en geleenthede sug sy. Charles Boyer is self gaaf, en as sy op Robertson by haar aunt Katie kuier, mis sy nie een van sy prente nie. Dis Charles Boyer s'n.

Nee, sy is troe, baie troe aan 'n kêrel. Ag, en dit is nie omdat ander nie vir haar bestaan nie, maar dis nou haar geloof om jou hart net aan ene te gee, en dan kyk jy maar weg as daar ander is. Sy kan eendag voor Arthur kom staan en vir hom met 'n rein gewete sê: „Arthur, al is daar ook ou klein ietsies wat ek nou anders wil hê — daar is mos maar altyd sulke ietsies as 'n meisie mooi is — het ek niks op my gewete vanaf die dag dat jy hier in ons eetkamer kom instap het nie. En as ek reken hoeveel versoekings daar vir 'n mooi meisie is, dan voel ek baie gelukkig. Nie oor die versoekings nie, Arthur. Jy verstaan mos."

Lily was ook so. Lily was 'n klein flerrie tot sy vir James Wright ontmoet het, en raai! toe is alles net so oor. 'n Mens kan die dinge nie verstaan nie. Sy weet net ander mans bestaan nie meer vir haar nie. Sy is bly dat sy so is.

Sy het die laaste keer vir Arthur gesê: „Buck, is ek nou jou weduwee? Is ek, darling? Vir jou sal ek sommer vier-en-twintig maande rou. Vat my saam met jou, Buck-darling. Dis vreeslik om 'n grasweduwee te wees en ek sal my nie met kêrels vermaak soos ander meisies maak nie. Ek sal net hier vir jou wag en as jy terugkom, sal jou weduweetjie nog hier wees. Is ek 'n mooi weduweetjie, Buck-darling?"

Arthur, haar Charles Boyer en James Mason en Humphrey Bogart, het haar gegryp, van die vloer opgetel en met haar in die rondte gewals. Toe het hy haar op 'n stoel neergesit, sy Hawaiiese ghitaar gegryp sommer so vir lawwigheid en toe: po-ong-aang; paang-uung-um; po-ong-aang-uung-am! Sy het haar oë gesluit en na sy sagte gebrom geluister. Sy wens dit kon vir altyd geduur het, maar hierin is sy haar ma se kind wat die mooi dinge van die lewe ontvang én die kwaaie ook. Kom die uur

wat Arthur moet gaan. Sy huil dan, maar as hy weg is, vat sy een van Crystal Clair se boeke en gooi die blou kamerjapon oor die ietsie wat sy aanhet en dan lees sy maar.

Smiddags so teen halfvier se kant sal sy die kamerjapon uittrek en vir haar was en aantrek. Sy sal skoeisels aan haar voete trek (want wat kan 'n mens die lissies en gespes en gate anders as skoeisels noem) 'n dun rokkie oorgooi (ag, die skouers en arms lyk so ligpers deur die rokkie!) en daar gaan sy en tant Bella.

„Wie is dit, Ma?" sal sy kwansuis vra as 'n man groet, want sy kyk nie altyd nie. 'n Grasweduwee moet weet hoe om haar te gedra. Sy is mos nou, kan 'n mens maar sê, 'n bruidjie. Sy is mooi, weet sy, want 'n man hou mos van 'n oulike gesiggie en twee viets bene. Nou ja, sy het al hierdie dinge en miskien nog hier en daar 'n ietsie by, maar dit kan maar bly as verrassinkies vir haar Arthur. Dis lekker, dis 'n gevoel wat sy nog nooit gehad het nie, om aan 'n kêrel getrou te wees. Nie omdat dit haar geaardheid is nie! Hede, nee. Sy kan vir Arthur sê dis nie haar geaardheid nie, maar sy wil sommer 'n slag aan iemand getrou wees. En dan moet sy sê daar was al 'n versoeking hier en 'n versoeking daar, maar haar antwoord is net elke keer: „Nie eens 'n soentjie nie. Ek is 'n grasweduwee, weet jy? Ek is Arthur se bruidjie."

Daarom voel sy deesdae soos al daardie karakters saam — daardie Engelse meisies van wie sy in Little, Epps, Soames, Burns en Silks se boeke lees. Sy trek die mondjie op 'n soet, salige plooi, bring so 'n blik in haar groot, ronde oë soos 'n mens wat baie verlang, sug baie en sal ure roerloos opgekrul op die sofa sit en net aan hom dink. Soos 'n slaapwandelaar stap sy deur tant Bella se huis met die ou minnetjies wat sy gewoonlik met soveel grasie dra, aan, of so meen sy, en dan sal sy dinge sê wat tant Bella glad nie verstaan nie. Arthur se vergroting staan langs die een

van George Costa op die klavier en as sy nou so deur die huis stap soos ons haar gewoonlik aantref, draai tant Bella Arthur se portret op sy gesig. Sy voel Dot behoort nie so voor Arthur te stap nie, al is dit dan ook net sy portret.

„Coming, Arthur," sal Dot miskien ingedagte sê, en dan kyk tant Bella rond, maar daar is niemand agter haar nie. Of: „Oh, Arthur, you naughty, naughty thing," en dan sal tant Bella so-heentoe spring soos sy skrik, want tant Bella, nes Dot, spaar merendeels die ou rokkies uit, as julle verstaan wat ons bedoel. „Darling, I'm só thrilled!" sal dit van die rusbank se koers kom en tant Bella sal ingedagte na die voordeur kyk. Sy dink elke keer Arthur is regtig waar hier.

Die dae wat Arthur Drew nie daar op Soetwater is nie, oefen Dot gewoonlik haar stappie, die houding van die arms en lyfie, ag, en ook haar spraak. Tant Bella raak nou daaraan gewoond. Op pad badkamer toe moet sy soms bo-oor Dot klim wat daar in die gang lê en rol soos een van oorlede George Costa se perde, en dan trek sy maar die kamerjapon oor Dot se bene. Wil tant Bella badkamer toe, hoor sy uit daardie geweste: „First the toes and then the ceiling," en dan weet sy die dogter van haar is besig met die verslankingsoefeninge.

Dis alles net vir Arthur Drew. Die knypie Engelse sout wat in die koffie kom, is om die kleur van die oë sagter en milder te maak. Sy het dit uit een van Bright H. Soames se romans gekry. Sy dink dis uit die groen ene met die los kawwer. As sy soggens 'n koppie warm water drink, is dit om te verslank en sy doen dit met Arthur Drew in die gedagte. Arthur is maar merendeels altyd in haar gedagte. En so sal sy nooit stysel by haar eiwitte eet nie. O ja, hier op die afgeleë Soetwater het Dot Costa ook al van eiwitte en stysels gehoor.

Ons vertel hierdie dinge so in besonderhede net om te wys hoe lief Dot haar Arthur Drew het.

Vandag is tant Bella Jurien se huis in rep en roer en as ons dit sê, dan moet julle weet, ís hy in rep en roer. Tant Bella is skoon deur die wind. Met die koffiekan in haar hand soek sy die hele kombuis vol. „Kan," sê sy, „kan, waar is jy tog? Dot! Dottie! Do-ro-thy---y! weet jy nie vir Ma waar die koffiekan is nie? Ag, arme Dottie sal ook nou nie weet nie. Hede, kyk waar staan die horlosie en ek is nog nie aangetrek nie!"

Tant Bella gil 'n slag en sit toe die stuk in na die badkamer. Daar kry sy vir Dot, of soveel as wat 'n mens van haar kan sien, want die gesig is vol gesigsroom sodat net die twee groot oë uitsteek. Tant Bella sit die koffiekan in die waskom.

„Mens, ek kry nie vandag klaar nie. Ag, Dot, ek wou vir ons koffie maak maar ek kry nie die koffiekan nie. Koffiekan, en wat maak jy hier in die waskom? Dot, het jy die ding hier neergesit?"

„Ag Ma, wat sal ék nou met die kan hier maak?"

„Het jy nie vir my 'n dinges nie? Hoee, die huis moet aan kant kom, ek moet nog was en aantrek, die kos moet opgesit word, Arthur se kamer moet reg kom en hier staan Bella Jurien. Bella, vandag sal jy jou sit en opstaan moet ken. Nou wat het ek nou weer met die koffiekan hier kom maak? Hede, ek wou vir ons 'n bietjie koffie maak," sê tant Bella, gryp die koffiekan en sit daarmee af na die kombuis.

Dot Costa stap so waardig as sy maar kan na haar kamer, die eerste een op regs in die gang af. Dit gaan ook nie baie waardig nie, want die handdoek is om die kop gedraai en laat haar lyk soos 'n Oosterse potentaat (as daar so iets is); die gesig is nog bedek met 'n dik laag gesigsroom. Sy wil rustig wees. Sy sien nou 'n mens kan nie soos haar ma te kere gaan nie. Sy was ook altyd so, maar vir Arthur se onthalwe gaan sy nie meer so wees nie. Buitendien het Lily Cowley van Crystal Clair altyd kalm gebly al was James Wright ook so 'n opgewonde tipe.

Sy wens 'n skrywer kon haar, Dot Costa, geken het. Hulle, of hy liewers, sou 'n pragtige verhaal van haar en Arthur Drew kon geskryf het. Ag, maar sy sal ook nooit iemand soos Crystal Clair, Bright H. Soames of Una T. Little ken nie. Sy is net 'n eenvoudige ou mensie; miskien nie te lelik nie (sy trek die kamerjapon op en kyk na haar been) maar hier sit sy op die ou plek, Soetwater, waar niemand iets weet nie. Hulle kan net kerk toe gaan, basaar hou en K.J.V. En die K.J.V. het hulle mond vol van haar.

Sy bevlie die wenkbroue. Die goed lyk na opslaankoring in braaklande daar in Malmesbury se wêreld. Haar weesbraamboë is uitstaande knoppe, rooi van al die gepluk, maar wie is ons om daarvan te praat?

„Mother, darling," roep sy — tog geen Afrikaans vir haar as sy dit kan verhelp nie, want die Afrikaners is tog sulke eenvoudige mense.

Tant Bella Jurien is juis die koffie aan maak toe sy die eina stemmetjie van Dot hoor. Sy los alles net so en sit die stuk in na die slaapkamer.

„Ja, Dottie?" vra sy nuuskierig.

Dot gaan oorkant haar sit en beskou haar ma aandagtig. Tant Bella word sommer aardig en wonder wat die kind straks nou gaan vra. Sy raak sommer senuweeagtig aan die gesels.

„Dot, ons moet maar baie goed vir Arthur Drew wees. Ek weet nie waarom ek so jammer vir die man is nie .... Seker maar omdat hy so eensaam is .... Ek is altyd jammer vir eensame mans. George, vergewe my, vergewe my, dierbare George, maar ek sou nie weer gaan trou het as Gielie Herrington nie so eensaam was nie. O, George," sê tant Bella om daar en dan aan die huil te gaan.

„Ag, Ma, niemand is hier om Ma te sien nie! Luister liewer hier. Ek weet dit al lankal .... Ek wou dit net nie sê nie omdat

mense gewoonlik nie verstaan nie. Verstaan, Ma? Ma sal ook nie verstaan nie. Wie sal nou 'n artist verstaan?"

Tant Bella verstaan niks nie, maar sy knik met die kop.

„Soetwater sal weer sy mond vol hê. Hulle het altyd hul mond vol oor my, maar Arthur Drew .... Hoe kan ek dit vir Mams sê .... ?" en Dot pruil met die mond en trek die oë op skrefies.

„Sê maar," por tant Bella aan. „Sê maar gerus, Dottie. Ek wens my ma het nog geleef .... Ek sou haar ook 'n paar goedjies wou vertel het, maar nou is sy in die hemel. Foei tog! Ag ja, 'n mens wil iemand hê om aan te vertel. So vertel maar gerus, en as ek dit nie moet hoor nie, kan ek maar my ore ook toedruk," sê tant Bella sonder om te besef wat sy nou eintlik gesê het.

Tant Bella glimlag en wag.

„Mams, Arthur is nie 'n spekulant nie, nie net 'n spekulant nie. Hy ís ook 'n spekulant, maar o!" Dot val op haar knieë voor haar ma en berg die gesig in haar skoot. Sy is kamtig tog te baie skaam. Tant Bella tik eers met haar hand op die kop en dan begin sy om die rug te krap.

„Dottie, vertel maar vir haar ma. Haar ma sal verstaan. Wat is daar wat ek nie al deurgemaak het nie. Wat?" vra tant Bella en hou haar hand dramaties omhoog.

Sy dink aan haar jong en onstuimige dae en wil Dot toe nie veroordeel nie. Dis eers as 'n mens so sestig of sewentig raak, het sy haar laat vertel, dat die bloed ophou met raas en jou hart nie elke jiffie opspring van vreugde nie. Tant Bella kan verstaan, meen sy, want sy is nou 48 as sy die maer jare aftrek en is nog maar die Bella Botha van weleer.

Nuuskierig por sy Dot aan.

„Toe sê maar, Dottie."

„Arthur is 'n artist, Mams!" galm Dot dit uit en raak daarna en dan troosteloos aan die huil.

„Nou wat is dit dan? Jou pa, George Costa, was ook 'n artist,

laat ek jou dit vertel. Sit hom voor 'n klavier en dan kyk jy wat hy kan doen. Ag, stil maar, Dottie. En dan sing! Daardie dag op oom Gawie Diepwater se tweede troue, of was dit die eerste? Nee, dit was tog die tweede troue, want met die eerste troue was ek 'n klein ou kindjie.... ehe.... Jou pa het gesing, so gesing dat die mense se oë nat van die trane was. En dan perde! Weet jy, jou pa sal voor 'n perd kom staan en dan sê hy sommer: ‚Bossiekop,' of miskien ‚Sonny Boy-bloed in sý are? O, George, hoe verlang ek tog na jou! Waarom moes jy so vroeg gaan?"

Tant Bella gooi haar kop op Dot se skouer en dit pas laasgenoemde nou glad nie. Tant Bella oorskadu haar mos heeltemal en dis nie reg nie.

„Ag, Ma, vergeet tog vir George Costa en luister na my. Wat sal Soetwater se mense sê? Ons het altyd gesê hy is 'n spekulant omdat ons weet hoe Soetwater se mense oor 'n artist voel. Hy spekuleer sommer so tussenin maar eintlik bou hy...." Dot aarsel so effens. Ja, wat sal hy nou bou? Dit moet iets wees wat tant Bella en Soetwater sal imponeer. Toe weet sy. „Hy bou sulke mooi viole. Maar nou is hy so temperamenteel....! Hy het van sy mooiste en duurste viole al stukkend geslaan."

„Nou waarom doen hy dit?" vra tant Bella ontsteld.

Vir haar lyk dit so sinneloos om viole stukkend te slaan. George Costa het nooit sy mooiste perde doodgeskop nie. Ag, ja. Sonny Boy het hóm doodgeskop.

Tant Bella glo dit nou al vas. George Costa, haar geliefste man, was 'n beroemde perdeteler, in haar oë, en Sonny Boy, 'n hings, het hom doodgeskop.

„Omdat 'n artist so is, Ma. James Wright was so. Hy het nie viole gemaak nie, maar hy het dramas geskryf en as die goed nie wil regkom nie, ek meen die dramas, dan skeur hy die papiere op. So is 'n artist. Agterna het hulle weer spyt maar dan help dit nie meer nie. En Arthur is net so. Die kleinste dingetjie sal

hom kwaad maak en dan gryp hy sommer die duurste viool . . . . ”

Tant Bella skree tussenin: „Vat liewers ’n goedkoop ene, Arthur! Ag, kyk nou vir my,” sê sy.

„Dink Mams ek sal maar liewer nou vir almal vertel en nie wag tot na die troue nie?”

„Ag ja, Dot, ’n mens kan dit maar liewer vertel. Sommer vir dominee ook. Hy sal verstaan,” sê tant Bella.

„Hier is so min op Soetwater wat sal verstaan,” is Dot se versugting.

Tant Bella ruk Dot se arm nader en kyk op haar horlosie. Sy spring haastig op en sê:

„Hoee . . . e, kyk waar staan die horlosie en ek het nog niks reg nie. Arthur is nou-nou hier en dan staan my huis nog net so.”

Tant Bella sit die stuk in na die kombuis.

Dis so ’n ag uur later. Plek, Soetwater; tyd, vieruur namiddag. Dot Costa sit in die sitkamer met *Morning Madness* van Crystal Clair op haar skoot. Eenkant op die rusbank lê ’n kardoes lekkers, vars lekkers wat George Ulman hierdie week ontvang het. ’n Mens sal Dot Costa vanmiddag nie ken nie. Die vel is sag, so sag soos oom Gielie Herrington se tabaksakkie van molvel, die ou ronde gesiggie lyk vandag soos die gesig van die engel op die muurteks. Al wat ontbreek om die vergelyking volmaak te hê, is die gebruiklike gerf blomme van die engel. Ons mans sal nie kan sê wat sy aanhet nie, maar hier by die skouers en die hals staan die deurskynende stoffasie so weg van Dorothy Costa. Nie alleen weg nie, maar daar moet jaarts en jaarts van materiaal wees. Ag, die lyfie is so viets en die bene is nou onder haar opgekrul. Hier vanaf die skouerknop is die arms kaal en Dot hét twee mooi arms. As hulle roer, kan jy so subtiel die spiere gewaar, maar ook net gewaar, en vir die orige is die vlees goed en sag en bekoorlik. Sê wat julle wil, Dot weet hoe om haar te klee.

As 'n mens vinnig kyk, is sy mooi. Dis eers as jy oplet dat jy die effens plat neus gewaar en die knop voor op die punt, en die oë wat darem te groot is. Die oë is koeël-koeëlrond en laat 'n mens so effens aan oom Gielie Herrington se kerrie-koeitjie dink. A, maar die mondjie is klein en pruil en vlesig, wat menige Soetwater-kêrel al duiselig gemaak het. Sy was ook nog nooit suinig met haar soentjies nie, salige gedagtenis, maar nou is sy 'n grasweduwee en ons sal haar nie plae nie.

Dot maak haar mond wyd oop en los een van George Ulman se beste versuikerde vrugtelekkers om klaps tussen die tande te val. Met die pinkie, ai, die pinkie! vee sy links en regs aan die mondhoeke. Sy hou op met kou. Die held van Crystal Clair se *Morning Madness* het nou net voor die venster van haar kamer (derde verdieping) verskyn.

„Darling don't!" gil die meisie saggies omdat hy die venster wil opskuif.

„That, my darling, is an invitation," sê die held en sit sy regterbeen (nee, dit was die linkereen) oor die vensterbank.

Dot begin weer kou.

Oorkant haar op 'n stoel sit tant Bella Jurien, een van die dae tant Bella Herrington. Hulle het dieselfde patroon gebruik vir tant Bella en haar dogter, Dot. Dot is nou net 'n rapsie kleiner, weeg minder en is korter op die been. Daar op straat, en van agter, sal jy darem nie die verskil sien nie. Die kêrels het ook al die fout begaan om tant Bella vir Dot aan te sien. Hulle sorg dat hul hare dieselfde seisoene deurmaak. Daar was die donkerbruin seisoen, kleursel wat Dot in die hande gekry het toe sy by haar aunt Katie op Robertson gekuier het; die vosrooi seisoen toe hulle 'n yslike bolla gedra het. Wat ons hierdie seisoen sal noem, weet ons nie, maar hulle hare het die kleur van doodryp koring, of miskien nog 'n rapsie ligter. Dis pas geknip, kort geknip.

Tant Bella is in swart geklee. 'n Mens kan sê sy rou, of 'n

mens kan sê sy is net donker aangetrek, en in elk geval is mens dan reg. Vandat sy vir Gielie Herrington leer ken het, voel sy nog altyd dat sy nie lank genoeg vir George Costa gerou het nie. Dis sy portret wat daar op die klavier staan; Lappies van Zyl s'n hang mos in die gang en van Calvin Jurien het sy nooit een gehad nie. Twee jaar se rou sou vir 'n onstuimige ridder soos George al kort gewees het, maar Calvin was so haastig. Sy dra ook liewer swart as Arthur Drew kom. 'n Mens moenie gedagtes in sy kop sit nie. So iets het al vantevore met mense gebeur.

Tant Bella probeer om baie kalm en waardig te wees. Kyk, solank sy slegs tuig en toom en kamerjapon aanhet en dis voormiddag, gaan sy soos 'n warrelwind te kere, maar as sy eers aangetrek is, is dit gans 'n ander ding. Kyk, dan sit jy met jou twee skoene langs mekaar, so, en jy vou die hande op die skoot en jy dink aan aangename dinge. George Costa met sy draaisnorbaard kyk haar uitdagend aan.

„Ag ja, Sonny Boy!" sê tant Bella hardop.

So uit die verte kom die doef-doewe-doewe-doef van 'n motorfiets. Soos twee opreggeteelde plaashonde spring tant Bella en Dot op; tant Bella om na die deur te spring en Arthur Drew 'n welkom toe te lag en Dot om net eers weer seker te gaan maak in die slaapkamer.

'n Bul van 'n motorfiets kom voor hul hekkie tot stilstand. Dominee se ou kindertjies hang soos vinke aan hul omheining, die pastorie-omheining, en daaroor is tant Bella baie bly. Sy voel graag belangrik.

Kom ons groet eers vir Arthur Drew voor tant Bella hom in die hande kry. Arthur het motorbrille op, leerhandskoene aan en 'n oorbroek-gedoente; die kêrel is amper ses voet in daardie yslike paar skoene van hom, het twee groot, ronde oë, kroeshare en 'n gesig wat oortrek is van knoppies onder die vel.

„Bella, darling!" gil hy en slaan sy sterk arms om aanstaande Skoonma se lyf.

„O, Arthur, my skat!" sê tant Bella en vir die oomblik, maar ook net vir die oomblik, is sy spyt dat daar 'n Dot is.

„Dis gaaf om weer hier te wees," sê ons ridder van die ysterperd en vervolg: „Waar is my hanslammetjie? O, daar staan sy in die deur. Dot!"

Daar in die tuinpaadjie maak hy sy arms wyd oop nes Charles Boyer sou gedoen het en soos een van Crystal Clair se karakters storm Dot Costa hom.

„Oh, darling! How I have waited and prayed, but you wouldn't come."

Dit het Dot geleer uit *Morning Madness,* bladsy 54, van ons Crystal Clair. Sy het amper heimlik gehoop dat Arthur baie laat moet kom, want dan was die woorde meer gepas.

Tant Bella staan hier agter die twee met 'n salige uitdrukking op haar gesig, amper soos een wat wil sê: „Ek is die moeder van Dot. Ek het haar al haar bekoring geleer."

Die ervare skrywers van weleer het gewoonlik 'n sluier oor sulke tonele getrek, maar ons durf nie, want straks sal Arthur onbruikbaar word. So, ons laat staan die sluier. Dorothy Costa is nou so daar by bladsy 97 van *Morning Madness.*

„Have you been lonesome too?" vra sy.

„Kom ons praat Afrikaans, jong," sê Arthur Drew, wat net so min Engelssprekend is as Dot.

„Oh darling, darling, darling," sê Dot en elke „darling" is inniger as die vorige een, „forgive my tears, but they are only the gems of love, and I love you so, my darling."

„Kom ons gaan koffie drink," sê tant Bella.

„How vulgar, Mother," sê Dot en sy laat haar ooglede leep hang terwyl sy met altwee hande aan Arthur se arm hang.

„Glad nie vulgar nie. My keel is baie droog," sê Arthur.

Die drie gaan in tant Bella se huis, daar in die Hoofweg, Soetwater, en op die hoek oorkant die pastorie. Arthur plak hom op 'n leuningstoel neer en hou sy hand uit na Dot. Dot verstaan die uitnodiging van Arthur baie goed, maar dis nie soos Phil en Dora in *Morning Madness* altyd maak nie, en daarom maak sy of sy sy uitnodiging nie sien nie, en gaan voor hom op tant Bella se 25s. matjie sit. Sy gooi haar kop teen sy knieë en toe word die ooglede weer so slap. Arthur buig vooroor en sy buig agteroor terwyl George Costa uit sy silwerraam hulle aangluur.

„Wonderful love!" sê Dot, „Oh, precious moments! Would that I treasure thee forever."

„Nog een voor Bella kom," sê die praktiese Arthur Drew, want hy hoor reeds voetstappe in die gang.

Tant Bella glimlag, maak mondgeluidjies en is allerweë bly dat Arthur Drew hier is. Is hy nie moeg nie en wil hy nie eers gaan was nie? wil Bella weet.

Die gesprek word intiemer. Deur die venster kan gesien word hoe die aandskaduwees nader kom.

„Arthur, ek het vir Mams alles vertel — van jou baie werk, van jou temperament en dat jy 'n .... ehe .... 'n artist is ...."

„En ek is tog so bly. ‚Artist,' sê ek altyd, ‚artist, jy is nou 'n onhebbelike ding, maar, artist, jy is ook 'n dierbare ding'," val tant Bella Dot in die rede. „George was ook 'n artist en, hoeee! baie dae het ek gedink dis onmoontlik om met hom klaar te kom, maar dan kan hy ander tye weer so dierbaar wees .... Aaa---thur!"

Arthur en Dot het intussen dierbaar geword en nou roep tant Bella hulle net terug na hierdie ou tranedal.

„Aaa-thur, ek sê 'n artist is 'n dierbare ding ....," begin tant Bella toe Arthur haar in die rede val.

„Ek weet, ek weet, liefling," want hy noem tant Bella sommer

liefling, „ek weet. Ek is self een; speel by ons in al die konserte, dig ook so 'n bietjie, maak die wonderlikste ....”

Hiermee is Dot nie tevrede nie. Sy boor haar vinger in die lapelgaatjie en sê dromerig en soet:

„Darling, jy vergeet mos nou. Jy maak dan sulke wonderlike viole; sommer soggens een en smiddags een en saans een ....”

Tant Bella is by met:

„Ja, en dan slaan jy hulle weer stukkend net omdat jy 'n artist is, maar ek wil hê jy moenie meer stukkend slaan nie.”

Arthur het van die een na die ander gekyk en toe begryp. Sy ma is ook so. Goed; oukei, doodreg. Dan is hy 'n artist en dit pas nou net mooi in by wat hy wil sê. Hy druk Dorothy saggies uit die pad en gaan daar in die middel van die sitkamer staan, langs die ronde tafeltjie met die vaas grashalms.

„George, old sarge, hulle sê ons twee is artists.” Dit in die rigting van George Costa. „Ons verstaan hulle, nè, George? We are great lovers, George, old sarge. Ons verstaan die vroumense en as hulle sê ons is artists, dan is ons artists.”

„Is hy dan nie te dierbaar nie?” sê-vra tant Bella toe Arthur dramaties die Hawaiïese ghitaar gryp om sy woorde te begelei. Hy doen dit met opset om tant Bella en Dot voor te berei vir wat nog moet kom.

Arthur pieng-uung-um; paang-uung-um nou en sing:

„Oh, find me a lover like John. Fly to the Rockies; or write to Manhattan; But wherever you are or wherever you go; please find me a lover like John.”

Buitekant sit ds. Ben Lotriet se steekbaard 'n vreeslike keel op en oom Doekvoet se kollie hardloop heen en weer langs die draad. Hier binnekant het tant Bella haar arms op haar bors geslaan, die sakdoekie teen haar oë gedruk en iets, die joos weet wat, geprewel. Dorothy, weer, het haar oë gesluit en is nou in die geluksalige land van die newels waar almal prinse

is en die paartjies altyd maanlig het. O, sy dink so baie aan Crystal Clair se *Treasure Trove.*

„Oh, find me a lover like John; There's only to hope; there's only to pray-ah; But whenever you pray or whenever you hope; please ask for a lover like John," sing Arthur lustig.

„Aaa---thur!" begin Dot toe hy klaar gesing het.

„Ja?" vra Arthur en staan van sy knieë af op.

„Nee, bly net so op jou knieë, Arthur. Toe, asseblief. Just to please me. Aaa---thur, trou ons nou die 12de?"

Dis kompleet of jy Arthur Drew met 'n emmer water in die gesig geskiet het. Hy was die vraag te wagte maar nog nie heeltemal voorbereid nie.

„Want eers sou ons mos 8 Januarie getrou het, maar toe word jy siek. Toe sou dit weer 15 Februarie wees en op die 15de sit jy mooitjies in Joubirk. Ek het regtig gedag daar sal niks in die weg vir die 26ste Februarie kom nie, maar toe word jou ma weer siek. En so het die een dag na die ander verbygegaan maar ons troue het nooit gekom nie. Nou het ek al gedink: sál ons ooit trou? Hoekom is daar elke keer iets in die weg?"

Arthur staan stadig van sy knieë af op.

Tant Bella val weg.

„As dit is omdat jy nie so seker voel nie, moet jy jou tog nie ontstel nie. Almal voel maar so die eerste keer . . . . ehe . . . . Dit is mos die eerste keer, dan nie, Aaa-thur? So wil ek nou maar net sê: moenie so ontsteld wees nie. Dink maar so: almal van ons moes dit deurgaan en dis nie halfpad so sleg as wat 'n mens dink nie. George het hom so ontstel dat sy maag glad onderstebo geraak het. Is dit nie so nie, George?" vra tant Bella.

„Ons kan darem nie dat 12 Maart ook verbygaan nie, Arthur," sê Dot en vou haar in 'n klein bondeltjie. „Wat sal die mense later sê? Jy moet aan my ook dink."

„As jy miskien aan die bietjie Port vir die gaste gedink het,

hoef jy jou tog nie verder te bekommer nie. Gielie sal daarvoor sorg. Hy het net gister gesê: ‚Port? Wat is 'n paar bottels Port nou? Ek sal dit gee.' So as die Port vir die bruilof in die pad gestaan het, kan jy maar sê: ‚Port, gee pad'," beklink tant Bella die sakie.

„Dis nie dit nie," sê Arthur.

„Nou wat is dit dan?" wil die twee tegelyk weet.

„Dis so. Ek het 'n groot transaksie vir die 10de, eintlik twee; die 10de en die 13de Maart. Dis die moeilikheid," sê Arthur Drew en vervolg meer verlig. „My ou suikertjies moet nou nie vir een oomblik dink ek is traag om te trou nie. Wie sal traag wees om met so 'n skat te trou? George, old sarge, ek vra jou, wie? En dan kan ek maar weer vra, wie? Nie Arthur Edward Drew nie. O, nee! Bella, gee ons 'n soen!" sê die ridder van die ysterperd en storm oom Gielie Herrington se tweede keuse.

Hy is nog met die soentjie besig toe Dot taamlik kil sê:

„Aaa-thur, die 13de van aankomde maand is 'n Sondag."

Arthur se rug ruk eintlik.

„Ha?"

„Die 13de is 'n Sondag," herhaal Dot.

„Het ek dan die 13de gesê? Dis die 14de. Nou wat sou my maak sê die 13de? O, ja. Dis Ma se verjaardag. Ek het nog gedink: Hoe sal ek nou die 13de by Ma kan wees en die 14de weer by die vandisie in Kroonstad? Dis al," sê hy baie verlig.

„Is dit, Arthur?" vra Dot, en trane, groot en helder kom in die oë. „Ek dink jy wil nie meer met my trou nie."

„Nooit! Hoe kan jy so 'n ding sê, my skattebol! Enige dag, enige uur, maar net nie die 12de nie," verklaar hy.

„Nou wanneer dan, Arthur?" vra tant Bella hier kort agter hom.

„Laat ek nou sien. Die 12de, die 12de . . . . Sit veertien dae by, dan het ons 26. 26 Maart. Hoe's dit? Ons trou 26 Maart. Ek trek 'n streepbroek aan en 'n swaelstert en ek stap die paadjie

af aan Bella se arm. Sê vir my of ek dit reg doen, sarge, old boy?" spreek Arthur die man in die silwerraam aan, gryp tant Bella se arm en maak 'n paar passies. „Ons moet natuurlik 'n keer of twee oefen. Jaaa-aa! Weet julle twee outjies wat?"

„Nee, wat?" vra hulle.

„Ons vra die orrelis en dan gaan ons Maandagoggend in die kerk oefen. Dis 'n plan! Waarom het ek nie eerder daaraan gedink nie? Waar was my verstand en al daardie klas van dinge?"

Solank hy gesels, het Dot haar neus gesnuit en die trane gedroog en sit nou bevallig en verleidelik op tant Bella se enigste rusbank. Sy gooi die dun, deurskynende rokkie drie, vier keer reg, maar elke keer is daar meer vir Arthur Edward Drew om te sien. Hy hou sy oog dan ook in die seile terwyl hy praat.

„Sarge, old man, en toe gaan jy dood? Met 'n Bella sal ek nie aan so iets dink nie...."

Met sy oë daar op die beloofde land kom Arthur nader gestorm, val op sy knieë voor die rusbank en sê:

„Het my liefling dan gedink ek wil nie met haar trou nie? O, my ou woefie, watter onreg het jy my aangedoen," sê Arthur Drew.

Dorothy vat sy oorbel tussen haar vingers nes Dora in *Morning Madness* die oggend na hul geskilletjie Phil se oorbel gevat het, en in Dot se oë kom weer die bekende koei-klawerland-lig.

„Stay with me, dear love, that I might know thee better. Would that I could immortalise this precious moment," sê sy droom-siek.

„Vergewe my, liefling; vergewe my," kom dit van tant Bella se duurste matjie se kant af.

„Love, thou art a song, a hymn; the food of the mistral, the whisper of the wind." (Bladsy 129, paragraaf drie van *Morning Madness*). Dot se oë is toe as sy dit sê.

Tant Bella het die hele gedoente met 'n glimlag op haar gesig

staan en beskou, maar toe Dot by „the whisper of the wind" kom, moes sy mos nou loop staan en dink aan die sindeling wat haar deur die water gedra het. Die water was nou wel baie vlak, maar dit was darem regte water, en 'n regte sindeling. Sy hou dan haar regterhand (of was dit straks die linkerhand) omhoog en sê:

„O, George, ek verlang weer so baie na jou," en met hierdie woorde storm sy uit die voorkamer.

Arthur en sy Dot is dan weer versoen en nes in *Morning Madness* was daar net vreugde en liefde, maar veral liefde.

Kom die Maandagoggend so elfuur se kant. Kom ons staan kerk se kant toe. Wat hulle op Soetwater Hoofstraat noem, is 'n lang, vaal gedermte met kruiebosse op die plekke waar die mense nie ry of loop nie en aan die bopunt daarvan (waar is die bopunt van 'n straat?) maar so effens links, staan die kerk. Dit staan op groot grond, is omring deur 'n wit ringmuur en op die grond bloei nou rose; rooies en wittes en geles. 'n Hoë stoep met baie treetjies; grysblou klipmure wat op en op gaan tot daar bo waar ver is; en ver bokant die grys mure draai die haan heen en weer. Horlosie ook; twee gesigte moet jy weet; 'n horlosie wat kan slaan en elke kwartier 'n wysie uitboem oor die Karoodorpie se vaal strate. Sommer hier raps by die kerk staan tant Bella se huis met die pastorie oorkant hom.

Nou ja, Katie Tulle, 'n niggie van ou Janie Tulle, is deesdae orreliste. As Susara Deetlef baie op die vals note gekuier het, soos tant Janie Tulle beweer het, weet ons nie wat ons van Katie Tulle moet sê nie. Sy slaan merendeels daar tent op en 'n man is bly en verlig as sy 'n slag die regte klawer druk. Maar sy wikkel en wieg en skommel so oulik voor die orrel dat die mense vas aan haar talent glo. Sy het ook 'n mode om net wat klankklep is, oop te trek en dan wieg en skommel sy met haar oë nu en dan op die spieël gerig, want sy wil darem sien wat die mense dink. Dan storm daar 'n orkaan van oorver-

dowende klanke op jou af en tant Janie Tulle glimlag salig.

Dis hierdie einste Katie Tulle wat tant Bella vanoggend gevra het om die troumars vir hulle te speel. Daar is nou vas besluit dat Arthur (ehe, Aaa-thur is so onhebbelik!) en Dorothy the 12de van aankomde maand sal trou. Ehe.... nou wil hulle net oefen om te weet waar om in te kom.... ehe.... waar om te gaan staan...."O, Aaa-thur, jy is so onbruikbaar!" Dit van tant Bella.

Arthur Drew is vanoggend op sy stukke. Tant Bella het haar al so byna slap gelag. Hy stap deur tant Bella se huis asof dit aan hom behoort en gaan sommer by tant Bella in die kamer sit voor sy nog heeltemal klaar aangetrek is. Tant Bella het die rok styf onder haar ken vasgedruk en gesoee-oebat. Hy moet tog asseblief uitgaan. Nie Arthur Drew nie! So steel hy 'n mens se hart. Hy belowe tant Bella om sy oë te sluit, hulle dan net op 'n skrefie oop te hou en nie van daardie stoel af op te staan nie. Tant Bella het saggies op haar tone tot agter die bed gejirts, op haar hurke gesak en toe die ligblou rokkie gou oorgegooi.

„Jy kan nou maar kyk, Aaaa-thur," het tant Bella gesê.

„Dis wat ek nog al die tyd gedoen het," antwoord hy.

„Jy is 'n vrééslike mens," sê tant Bella, maar dit kan tog nie so wees nie, want haar hart het opgespring van vreugde in haar binneste solank hy geloer het.

Daarvandaan is hy na Dorothy Costa se kamer, maar nie voordat hy 'n monoloog met Lappies van Zyl gevoer het nie. Soos ons weet, hang tant Bella se eerste man se portret in die gang en waar sy dié portret vorige kere op die solder gedra het, het sy dit hierdie keer vergeet. So het Arthur van Lappies te hore gekom. Van Calvin Jurien weet hy reeds.

„Môre, Lappies," sê Arthur Drew. „Jy was 'n bevoorregte man, Lappies, 'n bevoorregte man. Ek het jou vroutjie nou net weer gesien en sy is 'n wonderlike dingetjie...."

„O, Aaa-thur!" kom dit van die slaapkamer.

„Het ek gesê 'n wonderlike dingetjie? Dis my fout. Van die beste, ou kêrel, van die beste. Tog jammer dat Sonny Boy jou doodgeskop het."

„Dis nie vir hom nie, Arthur. Dis vir George. 'n Spinnekop het vir hom doodgebyt. Ek bedoel vir Lappies. Dit was so 'n blouetjie met 'n rooi vlek onder sy maag," skree tant Bella uit die kamer.

„Van nou af sal ek wyd loop vir 'n spinnekop," sê Arthur en kry sy stryk na Dot se kamer.

Dorothy Costa het hom hoor kom, maar maak nou of sy slaap. Ag, sy lyk tog te liefies onder die laken en die deken. Hoe lê die bene nie en kyk hoeveel inniger is hulle onder 'n deken as ander tye. Sy slaap seker rustig, amper soos Jan F. E. Celliers se *Vlakte*.

Arthur bly in die deur staan. Hy fluit sy opregte waardering. Dan gaan hy op die bed sit en praat eers nie. Hy weet sy is wakker maar speel die spel saam met haar.

Die ooglede flikker-fladder; 'n arm word bokant die kop gegooi (ai, Arthur!) 'n ou gapie, maar nie so ene wat die mond se swakhede sal verraai nie, en toe doen Arthur sy plig. Hy soen Dorothy Costa. Kamtig verskrik wip sy orent.

„Arthur, ek droom mooitjies 'n kêrel soen my," sê sy en stamp-stamp so aan haar hare.

„Dis 'n ware droom," verseker Arthur haar.

„Regtig waar, Arthur?"

„Op my erewoord," antwoord hy.

Dot sluit haar oë om na die gedreun van sy stem te luister.

Ons kan Arthur Drew nou maar hier by sy Dot los. Dis heeltemal veilig. Tant Bella is nog hier in die huis.

Nou ja, so stryk van elfuur, of halftwaalf, kry ons tant Bella, Dot en haar Arthur Drew in Soetwater se kerk. Katie Tulle is

ook daar. Nou, Katie is geskape soos die maer koeie van Egipte en boonop nog rank op die been ook. Op 'n lang nek sit die benerige kop, driehoekig in vorm met groot, hol kaste waar die oë moet pas. Die mond is groot; so is ook die hande en die voete. Sy praat met 'n skril stem. Ewentwel, sy is voor die orrel en het reeds net wat 'n klankklep is oopgetrek, reg vir die troumars. Nou leun sy oor die orrelgaleryleuning en skree:

„Haai, hierso, sê daar vir George se kinders om stil te sit. Dis nie basaar nie."

Laat ons eers verduidelik. Die kleintjies van George Ulman, dié wat nog nie in die skool is nie, het naamlik koers gekry kerk toe. Hulle was van gedagte dis 'n werklike trouery. Nou is hulle mekaar aan afstamp van die banke en wat vir Katie so vreeslik is, is dat dit die ouderlingsbank is.

„Kaa--tie," sê tant Bella, „ek sal hierdie outjie van George by die voordeur hou en nes hy die teken gee, dan begin jy speel. As ons hier by oom Gawie Diepwater se bank kom, kan jy ons stadig tegemoetkom, Arthur. Nou nie vinnig stap nie. So," en tant Bella beduie eers hoe daar gestap moet word.

„Julle moet daardie dag onthou om tog met hierdie paadjie te kom," sê Katie van bo. „Hulle kom almal so om en ek is al gewoond daaraan."

„Aaa-thur, gaan jy nou na die konsistorie en vat een van George se outjies saam met jou. Sy kan vir jou sê as ons by oom Gawie se bank is. Jy weet mos watter oom Gawie se bank is, Uiltjie? Nou ja, kom Buksie. Kom saam met tante," beveel tant Bella.

„Jy kan maar sê ek is klaar gekerk. En as ons nou hier klaar is, waar gaan Dot en ek dan?" vra Arthur en gee Dot 'n knypie net om haar van sy teenwoordigheid te verseker.

„O, Aaa-thur!" sug tant Bella.

„Haai, hierso, ons moet begin," sê die maer Katie Tulle want

sy het die knypie gesien en die vlees is by haar nog nie dood nie, al is hy dan nou maar min.

Klein Jan Jossop, 'n grootmaak-klong van ou Janie Tulle, kry sy koers na die blaasbalk.

„Wag, wag, julle moenie so haastig wees nie. Ek weet nog nie wat om te maak nie. Dis die eerste maal dat ek trou. Na die troue sal julle my kan los, maar nou moet julle my help. Wat maak ek nou as ek by julle kom?" vra Arthur.

Katie maak keelgeluidjies daar op die orrelgalery, keel- en neusgeluide. O, sy hou tog te baie van die Arthur Drew. Dot kan hom maar weggooi en sy sal hom net daar optel.

„Jy buig vir my .... ehe .... en dan buig jy voor Dottie .... ehe .... en dan stap jy aan haar regterkant .... ehe .... Aaa-thur, moenie," sê tant Bella, want Arthur het hierdie kant toe gebuig en toe daardie kant toe gebuig en tant Bella vir afskeid 'n knypie gegee.

Katie, wie se vlees aan die roep raak, skree weer:

„Haai, hierso, kom ons begin, mense."

En so het hulle dan op die Maandagoggend 'n skyntrouery gehad. Katie Tulle het iets gespeel, maar dis moeilik om te sê wat dit was. Daar was stampgeluide, fluitgeluide, kwêdreunings, haelstorms, soos dié wat oor Stolsvlakte kan trek, dreunings wat van die dak se kant gekom het en stormwaters. Arthur het sy stappie gestap, gebuig, weer gebuig en tant Bella gesoen en toe Katie dit in haar spieëltjie sien, het sy van pure uitgelatenheid nog 'n paar note by haar repertoire gevoeg. Drie van George Ulman se lote het die hele gedoente vanuit die ouderlingsbank aanskou; Arthur het die ring ingesteek en toe het Katie iets vir hulle toegesing; aag, sommer omdat sy lus was. Nou ja, Katie Tulle kan nie sing nie, maar wat maak dit nou saak? Dis Maandagoggend en oor 'n maand trou Arthur en Dot en almal is nou in so 'n stemming. Arthur het sy bruid gesoen, Soepie

van George Ulman het „juslaaik" gesê en tant Bella het aanhoudend met die hand handevol rys gestrooi; sommer kamtig, want waar wil die rys nou vandaan kom? Arthur het sy bruidjie se arm deur syne getrek en vooruit gestap met die strooiende tant Bella agter hulle en kort op haar hakke die drie van George Ulman. Katie het weer eens gespeel, die joos weet wat. Sy sê dis Tyls van Hoffman, maar tant Bella weet nie meer of sy reg gehoor het nie. Sy het in haar dae 'n ou Hoffman geken, maar hy was 'n smous in Kimberley se distrik.

Ai, en daardie namiddag het Arthur Drew sy Dot gesoen asmede vir skoonma (aag, loop, Aaa-thur) en toe gaan dit doef-doewe-doef-doef deur die rustige Soetwater. Dot het nog lank na die gedoef van die ysterperd geluister, toe binnegegaan om iets van Bright H. Soames of Sally B. Silks te lese te kry.

Die tyding het 'n week later op Soetwater aangekom. Dit moes nou juis die einste Katie Tulle wees wat dit die eerste gehoor het. Sy het haar haastig gewas („Mens, dit moet vreeslik wees vir arme Dot!"), 'n ou rokkie oorgegooi en maer en benerig die straat geskep.

Tant Bella, sal sy dit ooit vergeet! was juis met 'n lysie besig, name en dinges vir die bruilof. Haar hare was oortrek met krulpenne en bandjies en omdat sy nou sonder room en rooisel is, het sy maar bra bleek gelyk. Maar ons hoef nie onrustig te wees nie. Gee haar net haar wapenrusting en sy is weer die Bella van weleer.

Dot is nog in haar slaapkamer. Sy het vanoggend laat gelê omdat 'n bruidjie haar nie moet verniel nie en die son is tog so skadelik vir die vel. Hoe sy vannag geslaap het, weet ons nie, want die derduisternis krulpenne sit bankvas. So rus sy dan maar, want dis wat elke aanstaande bruidjie behoort te doen. Sy noem haarself nou bruidjie Dot en soms bruidjie Dit; bruidjie Dit en bruidjie Dot.

Dot voel tevrede. Sy soek al vir minstens ses maande na *Silly You* van Woods C. Woods en het dit tog nou uiteindelik van haar niggie uit Robertson gekry. Op die kawwer van *Brighter Stars* het sy van *Silly You* en al sy voortreflikhede gelees.

„Oeee . . . . ," sug Dot, en sy kan wel sug.

Barney Williams is 'n direkteur van twaalf maatskappye en nog maar 28 jaar oud. Hoe hy dit reggekry het om so jonk soveel maatskappye te beheer, het Woods C. Woods vergeet om te vertel. Sy sekretaresse (lyk nogal na Dot Costa, as Dot se wimpers nou net langer was) is ene Sybil Sales, 'n beeld van 'n mensie, talentvol, aantreklik, gesog en baie-baie ryk, maar Barney Williams weet dit net nie. Die skurk het Barney reeds in sy kloue en een van die dae sal sy maatskappye soos blare van 'n boom waai. Dit weet Barney nog nie, maar Sybil weet dit en sy koop solank aandele. Barney het nog altyd met haar liefde gespeel en agter 'n uil van 'n meisie gedrawwe, die suster van die skurk.

Arme Dot (ons sê arme Dot, want sy weet nog nie wat vir háár wag nie) eet nou net haar vierde appel vanoggend. Dit kom uit oom Gielie Herrington se tuin en word op dieselfde kawwer van *Brighter Stars* aanbeveel vir glansryke oë.

Sybil Sales het die gewoonte om in die direkteur se kantoor te gaan om blomme daar te plaas, altyd as hy nie daar is nie en dan gesels sy sommer so 'n bietjie. Hierdie keer het Barney Williams egter vergeet om sy stemopnemer af te sluit en Sybil wis ook nie daarvan nie. Dit klink baie deurmekaar, maar op bladsy 197 sal alles weer regkom, want dan skakel Barney sy stemopnemer aan, net voor hy die skoot gaan aftrek, en hoor haar (dis Sybil) sê:

„Love, don't you know? Has it never struck you how near and dear I am to you? O, my love, would that I were one of these flowers just to be near you. Barney, I love you, love you, love you."

„O, Aaa-thur!" sê Dot en gooi haar kop dwars net om 'n slag lekker te dink.

Op hierdie einste oomblik word daar hard aan die voordeur geklop en die rooi kamerjapon met tant Bella binne-in stap ewe ingedagte deur toe.

„Katie," sê tant Bella, „Katie, kom jy ons help, of wat? Verskoon tog die kamerjas. Kom binne, kind."

„Dankie, tante," klink die skril stem van die benerige meisie. „Het tante al gehoor? Nee, jy kon nog nie gehoor het nie, want Giel van oorlede tant Sophy se suster Bettie het noumaartjies eers gekom en hy sê hy was self op die troue. Waar is Dot?"

Katie gaan oorkant George Costa, of liewer sy portret, sit.

„Sy slaap nog. Ek wil tog nie hê sy moet haar nou staan en ooreis nie.... ehe.... nie voor die troue nie.... uh," sê tant Bella trots en, ag! so 'n bietjie verleë ook.

„Daar sal nie 'n troue wees nie, tant Bella. Dis juistement wat ek kom sê. Giel van oorlede tant Sophy se suster Bettie...."

Laat ons nou eerlik wees. As jy vir tant Bella gesê het Lappies van Zyl sit daar in die kombuis met 'n koppie koffie en 'n stuk boerbeskuit of George Costa sit hier voor die deur op Sonny Boy se rug sou sy jou baie eerder geglo het. Ek meen, daar het tog al mense van Oorkant teruggekom. Vat nou die werk van die heks van Endor. Maar om vir haar te kom vertel dat Arthur Drew getroud is, sal sy nou net nie glo nie. As sy self op die bruilof was, in haar mooiste kantrokkie gesit het met 'n ge-aaiste flentertjie bruidskoek tussen haar vingers, sal sy dit tog nie glo nie. Sy ken mos vir Arthur en weet hoe lief hy vir Dorothy is.

„Dis 'n ander Arthur Drew," sê tant Bella beslis. „Van elke naam en van is daar gewoonlik 'n hele paar. Daar was 'n George Costa op Prella of Stella of een van daardie plekke, en raai! hy het tog so baie goed op my George se naam gekoop en dan kom

die rekeninge na my toe. Party dae het hy so astrant geword dat hy sommer op my naam gekoop het. Dis iemand anders," sê tant Bella baie beslis. „Toe was dit ook iemand anders."

„Nee, tant Bella, ek het ook eers so gedink, maar Giel ken hom goed. Hy beskryf hom op 'n druppel haar net soos hy is; daardie kroeserige hare en die puisies onder die vel en die Hawaiïese ghitaar en die motorfiets. Ag, en Giel sê hy het gôgels ook; ek weet nie wat dit is nie maar tante sal weet. Nou ja, hy is ewe skielik eergister met 'n ou meisietjie wat op Douglas in 'n keffie gewerk het, getroud," vertel Katie smaaklik.

Daar kom 'n gevoel van salige vreugde oor Katie Tulle. Nog een wat nou nie sal trou nie. Dis so vreeslik vir haar as die mense so om haar trou en om haar trou en sy, wat baie meer as hulle kan gee, kry nooit aftrek nie. Dis nie reg nie. Dot het 'n ou mooi gesiggie en dis al. Sy kan koeke versier en leerwerk doen en taaip en orrel speel. Wat kan Dot miskien doen?

Tant Bella het so effens nagedink en toe weet sy.

„Dit sê nog niks, Katie. Ek sal dit nie glo nie. Hulle sê van elke mens loop daar twee mense rond. Ek kan dit nie so mooi duidelik maak nie, maar George het my baie dae vertel. Van elke mens is daar twee. Ek was eendag vreeslik ontsteld oor iets wat op Hopefield gebeur het. Ek sal liewers nie vertel wat nie, en al die tyd was dit mooitjies George se ander George wat dit aangevang het. So wil ek maar sê dis dié kêreltjie wat op Douglas getrou het," besluit tant Bella, en as sy so 'n bietjie deurmekaar gesels het, kan ons darem die bedoeling agter die woorde verstaan.

Nou weer oor na Dot.

Toe ons laas by haar was, het sy op 'n stellasie van krulpenne gelê en „O, Aaa-thur!" gefluister. Sy het aan die dink gegaan en behalwe die salige oomblikke saam met Aaa-thur waaraan sy kon dink, het dit haar ook bygeval hoe onwillig hy elke keer

was om die gelukkige dag 'n naam te gee. As 'n mens met Arthur se arms om jou lyf sit, dink jy nie aan sulke dinge nie, maar as die doef-doef-doef eers dof in jou ore raak, begin dit jou opval. Ek bedoel daardie onwilligheid om die dag 'n naam te gee. Maar Dot is ook in die land van Woods C. Woods, die land van rosegeur en maanskyn waar Sybil vreee--eeslik na Barney verlang terwyl sy 'n roos se blomblaartjies afruk. So.

Dit was dan vir haar al of sy 'n bekende stem in die voorkamer hoor, maar haar nie veel daaraan gesteur nie. Ek meen, stel jou die toneel voor. 'n Bekende stem in die sitkamer en Barney Williams voor sy stemopnemer en sy hand gaan na die knoppie. Sal hy aanskakel of sal hy nie?

„Girts!" byt Dot weer 'n stuk van oom Gielie Herrington se Bonne Ponne af. Bonne Ponne is 'n rooiwang-appel, as julle miskien nie weet nie.

Dis toe dat sy Arthur se naam hoor. Sy hou op met kou en luister wie dit durf waag om sy naam op haar lippe te neem.

Nou weer oor na tant Bella en Katie.

Katie het tant Bella nou, teen haar beterwete miskien maar darem tog, oortuig.

„Hede, die arme kind!" sê tant Bella en sit haar hand op haar hart. „Die kind sal dit nooit oorleef nie. George, wat moet ek maak, wat moet ek maak? O, dis 'n donker uur vir hierdie huis, donker. Het ons hom tog maar nooit geken nie," sluit sy af.

Toe val iets haar skielik by.

„Dot! Dot se kamerdeur is oop! Die arme kind het seker alles gehoor," fluister tant Bella. „Dot!" gil tant Bella, want Dorothy het nou net haar verskyning in die sitkamerdeur gemaak.

Dot hou haar regterhand voor haar soos een wat in die donkerte loop en niks kan sien nie. Sy gaan net duskant die mat staan en sê dramaties omdat sy nog altyd Dot is en Dot sal bly:

„Oh, my love, didn't you know? Has it never struck you how near and dear I am to you? Aaa-thur, oh Aaa-thur, have I lost you forever!"

Toe val Dot flou op tant Bella se duurste mat.

NANCY HERRINGTON

„Entoe, koei, wat kyk jy my so?" vra tant Bella Herrington.

Ja, ons oom Gielie Herrington is toe getroud met tant Bella Jurien, nooi Botha. Dit was so hittete of dit het nie geskied nie omdat Dot nou net nie tot troue kon kom nie. Na Arthur Drew haar gelos het, het tant Bella gesê: „As ek moet wag tot Dot eers getroud is, kan ek maar sê: ‚Goodbye, troue'." Om nou nie so te sê nie, het sy sommer dadelik getrou.

Ons onthou seker nog almal vir oom Gielie Herrington daar van Worcester se wêreld wat hom in die jaar, aag, dit maak ook nie saak watter jaar nie, hom dan in een of ander jaar op Soetwater kom vestig het; hoe hy op 'n dag tant Bella en haar dogter, Dot, gesien het en toe dadelik aan sy eerste vrou gedink het. Grieta, sy eerste vrou was ook klein van patroon en persoon met 'n koeëlronde gesig en twee groot, ronde oë, nes tant Bella en haar dogter, Dot.

Uiterlik pas oom Gielie goed in op Soetwater, want in hierdie wêreld van peperbome, stofstrate en wolkelose hemel is die mense groot. Dis amper asof die natuur sy moue opgerol, sy kuif teruggestoot en toe gaan sit het om groot mense te maak. Ons het vir George Ulman, eienaar van die enigste kafee op Soetwater, Jaap Kannemeyer met sy baie kinders, oom Petrus Kruger, die Hoon-seun en nog baie ander. Ja, en dan oom Gielie Herrington.

Oom Gielie is swaar van tong, swaar van lyf en swaar van stap. Jy kan maar sê swaar van spraak ook, want as hy iets wil sê, moet daar nie 'n stoornis wees nie en dan sal hy keel skraap en

keel skraap, êgg'n en agg'n tot jy later lus voel om hom te help. Word hy verleë, sal die oë aan die knip gaan. Sit hy ingedagte en met sy eie gedagtes sal hy met sy lippe liggies klap soos een wat proe. Maar dan is hy darem baie ingedagte. Hy was 'n mooi man op sy dae, of so sê Ansie, sy dogter, maar nou is daar nie meer baie hare oor nie en oor die pan lê daar net 'n paar lang, wit toutjies. Lig van vel en blosend van kleur, blou van oog, die oom Gielie Herrington.

Ansie was beslis. Sy kan bekostig om beslis te wees, want nes oom Gielie is sy ook groot. Sy het net gesê: „Trou Pa, gaan ek op my eie woon. Seker weer terug Worcester toe. Ek staan nie in 'n ander vrou se pad nie." En so het sy toe gegaan.

Nou ken ons die *dramatis personae* behalwe die kerrie-koeitjie van oom Gielie, Nancy Herrington. Dis Dot se dinge en tant Bella het haar gewaarsku om dit nie te doen nie, ons bedoel om die kerrie-koeitjie Nancy Herrington te noem. 'n Mens kon haar miskien Nancy Dot genoem het, want as jy vinnig kyk, lyk die koeitjie nogal iets na Dot. Dis dieselfde knopneus en wye mond en twee groot, ronde oë.

Nou ja, toe tant Bella dan sê: „En toe, koei, wat kyk jy vir my so?" het sy met Nancy Herrington gesels.

Tant Bella het amper per ongeluk die skottel vuil water in Nancy se gesig gegooi. Miskien was Nancy verontwaardig, miskien nie. Hoe dit ook al sy, Nancy hét na tant Bella gekyk en wat sy gesien het, was 'n kop wat soos 'n gerweland gelyk het, want oral het die krulle in hul penne soos gerwe gestaan. Dis tienuur in die oggend en dan het tant Bella nog nie die krulpenne uitgehaal nie en het sy nog die ou rooi kamerjapon bo-oor haar egg'n .... nagkoebaai aan.

„Nou ja, ekskuus dan, Nancy," sê tant Bella.

„Met wie praat Ma?" vra Dot uit die spens waar sy met 'n sny brood, botter en konfyt staan.

„Sommer met ou kerrie-koeitjie." Dan praat sy weer met Nancy. „En waarom het jy nie met jou baas saam dorp toe gestap nie? Koei is so wetsgeleerd dat sy nog gaan lees en skryf ook." Dit nog altyd van tant Bella.

Nancy gooi haar kop een, twee keer op en af.

Tant Bella wil dit net nie erken nie, maar diep in die hart skuil die gedagte dat oom Gielie Nancy liewer het as vir haar. Hy het die mode om sommer so stil uit die huis te verdwyn en dan kry sy hom maar merendeels in die stal of in die tuin by die kerrie-koeitjie. Wat 'n mens by 'n koei kan soek, gaan haar stomme verstand te bowe. Tog, dis so.

Ons los nou eers vir tant Bella en Nancy en staan 'n bietjie na Dot se kant toe. Die laaste kronieke van Dot was dat Arthur haar vir iets beter gelos het. Sy het op tant Bella se duurste mat flou geval en toe sy na 'n bietjie Olie Kolonie bykom, het sy dramaties gesê: „What have I done, Arthur? Why do you leave me?" Maar Dot het al uit baie dinge opgestaan, en na haar ma haar opgehelp het, het sy gesê: „Geen mansmens vir my weer nie. Hulle is almal fiekel." Ons ken darem vir Dot en ons ken die vlees en so glo ons nie aan haar woorde nie. Ewenwel, sy het nou 'n nuwe fase binnegetree, ene waarin mans kwansuis vir haar nie bestaan het nie. Soos sy vir Dawie Kannemeyer gesê het: „Ek sal nog eers moet sien. Miskien kan mans weer na ons huis kom, miskien nie. Miskien gaan hierdie ou girl nou na die peetjie, miskien nie. You never know with a woman, do you?" Dawie het haar 'n druk en 'n soentjie gegee en verstaan.

Waar Dot eers van 'n stukkie brood (tog geen vleis vir haar nie, dankie) en 'n bietjie groente en baie Engelse romans geleef het, het sy nou die brood en die groente begin afsweer. 'n Mens word so ontsaglik, reken sy. Hier by oom Gielie kry sy nou baie kans om die Engelse liefdesverhale te lees, want wat daar in die huis te doen is, doen haar ma, en sy het nie nou 'n kêrel

om aan te skryf nie. Oom Gielie het haar laat begaan. 'n Mens wonder wat oom Gielie Herrington werklik gedink het. Sy kinders is almal voorbeeldig en veral vlytig.

Dot slaap soggens tot so 'n rapsie voor tien, staan dan sommer in die spens vir die ietsie en koffie en begin dan met die gesig. Eers word room gesmeer (onthou om die vingerpunte veral te gebruik) en dan word die keelspek geklop en geklop. Die wenkbroue word gepluk, as daar iets is om te pluk. Nou is dit al halftwaalf en sy is nog in die blou kamerjapon. Nou rol sy op die vloer so van halftwaalf tot kwart-voor-twaalf ten aanskouing van twee van die vorige mans van tant Bella. Die portrette dan. Tant Bella is aardig om George en Lappies op die solder te smyt en so staan die twee se portrette op Dot se spieëltafel. Staan sy daar op, gaan sy bad of was en dan is dit net mooi tyd vir die eerste sitting met Ruby S. Bundle. Nou, Ruby S. Bundle is 'n Engelse skryfster wat in Amerika baie sukses met haar ware verhale verwerf het. Op 'n vaal etiket waarborg sy dat dit 'n outentieke verhaal is met slegs die name verander.

„Dot! Dorothy . . . . a!" roep tant Bella so omstreeks twaalfuur die oggend van ons verhaal. „Ag, Dorothy, gaan kyk tog waar Pa is. Hy het nog nie eens tee gedrink nie."

Pa is oom Gielie Herrington. Nie dat Dot hom Pa sal noem nie, maar tant Bella wil maar net 'n goeie voorbeeld stel. Sy noem hom Pa en die kind kan tog maar ook Pa sê. Tant Bella gaan haar gang. Of Dot gaan kyk, weet sy nie, maar sy het die opdrag gegee en daar eindig haar plig.

Dis stil in die huis. Tant Bella trek nou 'n mooi rokkie vir die oggend aan, wat ook nie meer oggend is nie. Die krulpenne word uitgehaal, die gesig kry sy room en sy poeier (ai, die hitte tog!) en tant Bella se gesig lyk weer heeltemal skaflik.

Dot kom die kamer ingestorm en hou haar sye vas soos sy kwansuis lag. Sy probeer praat, maar dan proes sy weer van die

lag. Tant Bella lag eers saam om haar darem uiteindelik te vererg vir die laggery. Toe Dot nou uiteindelik iets kan sê, kom die hoogste nood so stuk vir stuk voor die dag.

„Ma sê mos ek moet gaan kyk waar hy is . . . . ," en weer lag sy.

„Ja, dis Pa wat jy bedoel."

„Ek kry hom nie in die sitkamer nie en ek kry hom nie in die tuin nie. Toe hoor ek sy stem . . . . ," en hernieude gelag.

„Pa is in die stal?" sê-vra tant Bella.

„Ja, en hy gesels met Nancy. Het jy al ooit van so iets gehoor? ‚Middag, Vaalmuis, oubaas se koeitjie. Dag nou. Hanou, Vaalmuis. Ook sonder maters, nè, Vaalmuis? Wat kan oubaas nou daaraan doen?' Kompleet nes of hy met 'n mens gesels."

„Kan jy nie Pa sê nie, Dot?" berispe tant Bella haar dogter.

„Ag, Mams weet mos ek sal nie Pa sê nie. As ek iets moet sê, sal dit mnr. Herrington wees. Hoekom gesels hy dan met 'n koei?"

Tant Bella ruk haar skouers op en skud die kop. Sy sal nie kan sê waarom 'n mens met 'n koei wil gesels as jy 'n oulike vroutjie in die huis het nie.

„Dit het so snaaks geklink. Kompleet of daar twee mense in die stal is," sê Dot en gaan op die bed sit.

„Hy is nie soos ander mense nie, die pa van ons. Ek dink Ansie was ook maar eienaardig. Snaakse gewoontes en gelowe wat die Herringtons het. Nou ja, ek is nou getroud en nou moet ek maar die beste daarvan maak. Hy is darem goed vir my. E . . . . egg'n . . . . ," sluit tant Bella met veelseggende geluide af.

Buite is oom Gielie besig in die moestuintjie en dan weer by sy vrugtebome. Dis maar 'n gewoonte van hom om so ingedagte te gesels. Freek, sy tuinjong, is aartappels aan uithaal.

„Freekie, my oudste, haal tog skoon uit, haal tog skoon uit," maan hy vriendelik.

Oom Gielie bekyk die perskeboom en is nie heeltemal tevrede met wat hy sien nie. Daar word na die pakkamer gestap om die

saag en snoeiskêr te kry. 'n Tak, te na aan die vyeboom, word afgesaag en waar die takke té weelderig sprei, word hulle terug geknip.

'n Kop word by die agterdeur uitgesteek en tant Bella roep: „Pa, Pa! kom eet nou, my ding."

„Freek, oudste, sny 'n draggie lusern en gooi dit tog vir ou Vaalmuis in die stal."

Oom Gielie proe-proe 'n slag met die lippe soos een wat die regte smaak wil kry, knip sy oë 'n paar keer toe en stap toe tydsaam na die huis.

Aan die tafel word die servet tydsaam oopgeskud en in die rondte gedraai of oom Gielie nou net 'n bepaalde punt soek. Dit gekry, word dit met 'n speld amper onder sy keel vasgesteek. Tant Bella en Dot wag. Ons sal nie sê geduldig nie, maar hulle wag darem.

Oom Gielie doen alles tydsaam, maar wat gedoen is, is goed gedoen. Tant Bella en Dot woerts weer hier en warts daar, maar dit moet alles in versnelde rat gaan anders kry hulle die stuipe. Toe oom Gielie dan met die servetring peuter en die mes ewe ingedagte opsyskuif, sê tant Bella: „Ag, Pa, my ding, kan ons nie die seën vra nie?"

Oom Gielie maak die oë 'n slag wyd oop, druk hulle pottoe, proe-proe met sy lippe en buig dan sy hoof.

Lank na tant Bella en Dot met hul ete klaar is, sit oom Gielie nog met 'n halwe bord kos wat tydsaam geëet word. Dot het al gesug, rondgeskuif op die stoel en na nog 'n vyf minute spring sy op. „Ma, ek stap maar," sê sy.

Oom Gielie tel net sy swaar bolyf so 'n slag orent.

„Pa, dit lyk vir my julle twee verstaan mekaar nie baie goed nie. Dottie is 'n liewe mens maar dan moet jy haar verstaan. Ag, die kind was vir my al tot soveel troos as ek 'n man moet afgee . . . ."

Tant Bella gooi die kop vorentoe en druk die sakdoekie styf teen die oë. Weer is dit net asof oom Gielie sy swaar bolyf orent wil bring.

Tant Bella fluister.

„Ag, George, my dierbare man, wat het my tog makeer om met 'n vreemde man te trou? O, hoe bitter."

Oom Gielie hoor die gefluister sonder dat hy die inhoud verneem. Hulle is in sy oë raar, maar hy het met Bella getrou en oor hom sal sy nie hoef te klae nie. Dit neem vir hom lank om 'n saak te peil en sy gedagtes het nou eers tant Bella se woorde ingehaal.

„Wat het ek dan gemaak, Bella?" vra hy.

Amper dink sy hy het haar gefluister gehoor. Maar dan weet sy.

„Sy is 'n besonderse kind en so talentvol. Jy moet tog hoor hoe praat sy Engels. En die boeke wat sy lees! Alles Engels. Ek het op my dae ook Engels gelees, maar in hierdie boeke is so baie hoë woorde....En Dottie is so ongelukkig. Sy het nou waarlik waar al so baie kêrels gehad, en as ek sê: ‚Trou, hierdie slag is jy daar,' is dit ook nie so nie. En 'n man sal so 'n goeie dag by haar hê. Sy is mos mooi, of dink Pa nie so nie? en dan kan sy Engels praat en ruikers maak en by troue sing. Ek sê almelewe: ‚Sing, jy is vir my die wonderlikste ding op aarde, maar, sing, jy is 'n swaar ding ook.' My tweede man, George Costa, het tog te pragtig gesing," sluit sy af.

Tant Bella sit haar hand op haar hart en draai die kop skeef om die indruk van droefheid te skep. Stadigaan begin die gedagte by haar posvat dat sy tog geen indruk op oom Gielie kan maak nie. Hy slaan haar geduldig gade om dan sy gang te gaan en sy kos te eet.

„Dot is nou my kind en my kind kan op my staat maak. Wat moet ek doen?" vra hy.

„Dis nie dit of dat nie. Dis net vir my of Pa en sy nie van

mekaar hou nie. Pa moet maar geduldig met haar wees. 'n Vrou is geskape om te trou en Dottie sal seker nie trou nie. Die wat sy kan kry, sal sy nie vat nie. Hier op Soetwater is nie geselskap vir haar nie. Sy moes nou 'n prokureur of 'n advokaat of so 'n ding gehad het. Skaapinspekters is ook nie onaardig nie. Maar hierdie skaapinspekter is nou al getroud. Kan ek tog maar opstaan as jy nog gaan eet, Pa?"

Oom Gielie knyp sy oë 'n slag styf toe.

„Ja, Bella," sê hy.

Daar sit hy nou alleen aan sy tafel. Tant Bella is gou spens toe om 'n ditjie en 'n datjie stilletjies te eet, want voor oom Gielie poseer sy as 'n klein etertjie. Dot is ook iewers; moontlik op die vensterbank in die voorkamer besig met *Six Lovers in Clover* van Ruby S. Bundle.

Tog is ons verkeerd. Dot is op hierdie oomblik nie op die vensterbank nie maar doer in die tuin onder die groot peerboom. Laat ons eers vertel. Op Soetwater is sommige erwe amper baster plasies en die een van oom Gielie, wat hy destyds van Geyer gekoop het, het amper 'n morg grond aan hom. In die verste hoek staan 'n eensame peerboom en hier sit Dot nou met *Six Lovers in Clover*. Een van die meisies in die klawerland is so fyn en broos, en Dot lees die gedeeltes oor haar met groter aandag as die gedeeltes oor die ander meisies. Die hare word agter die ore getrek nes die meisie maak en as sy, dis Sally Cowley, droomverlore voor haar staar, staar Dot insgelyks voor haar.

Hoe lank Nancy Herrington so dreigend voor haar gestaan het, weet ons nie, maar toe Dot weer 'n keer so ingedagte voor haar staar, is dit al vir haar of dinge nie pluis is nie. Uiteindelik dring dit deur tot haar bewussyn: Nancy Herrington staan voor haar en Nancy Herrington het 'n dreigende houding.

Eers 'n slag oor na Nancy Herrington. Sy is 'n liewe dier, mak, onbedorwe en met 'n liefde vir alle mense. Dis net 'n hond

wat sy nie kan verdra nie. Maar Nancy Herrington was gewoond dat die hele erf en alles wat daarop is aan haar behoort, die peerboom inkluis. Eintlik is die peerboom haar duthawe en sy was op pad koelte toe toe sy op hierdie eienaardige verskynsel afkom, naamlik Dot aan die lees. Oom Gielie lees ook. Elke *Kerkbode*. Ja, maar oom Gielie doen dit in die voorkamer. So laat Nancy Herrington haar kop sak en stap nader.

„Sjuut!" sê Dot, fyn en broos.

Dis of Nancy so 'n slag in haar spore vassteek, maar toe sien sy die kleinmies wil met haar speel. Nancy laat die kop verder sak en kom vinnig nader.

So 'n gil was op Soetwater nog nie gehoor nie. Oom Gawie Diepwater het in sy huis ingehardloop om te kyk of sy Kokkenennetjie nog leef en George Ulman het gedag dis Nolski wat weer vark slag.

Wanneer Dot dit gedoen het, kon sy nooit daarna sê nie, tog het sy die hoëhakskoene uitgeskop en die stuk ingesit huis toe. Nancy Herrington het net een ding in haar kop en dis dat Dot met haar wil speel. Sy sit weer die stuk in agter Dot aan.

Tant Bella Jurien, ekskuus Herrington, was juis groenvyekonfyt aan eet toe Dot die gil los. Die natuur is goed geskape. 'n Ooi ken die blêr van haar lammetjie en tant Bella ken die gil van haar dogter. Sy los alles net so en storm buitentoe juis toe Dot links om die lusernland swaai met Nancy Herrington in 'n maklike tweede plek.

„Koei!" skree tant Bella en toe harder, „Koei!"

As Nancy geweet het tant Bella praat met haar en is ontevrede oor die spelery sou sy dit dadelik gestaak het. Koei is egter vir haar 'n vreemde benaming aangesien Freek en oom Gielie haar Vaalmuis noem. Dis juis Freek wat nou uit die aartappelland spring en 'n streepsak swaai om Vaalmuis se aandag af te dwing.

Dot storm by die kombuisdeur in en raak histeries aan die huil.

„Toe maar, Dottie, stoute koei is nie meer hier nie; toe maar, Dottie. Ag, hemel, het die kind nie iets oorgekom nie? Kyk hoe draai haar oë. Pa! Pa!!"

Tant Bella klap Dot se hande sonder dat sy juis daarvan bewus is.

„Ag, George, help ons tog. O, my dierbare kind. Pa!"

Oom Gielie het 'n bietjie gelê. Soos ons weet doen hy alles deeglik maar tydsaam. So swaai hy sy bene van die bed af, voel-voel na sy stewels, slof hulle tydsaam aan en soek toe nog eers die bobaadjie.

Laat ons dit vir Dot toegee. Sy het op hierdie oomblik mooi gelyk; vleeskleurwit soos 'n aronskelk en die lippe rooi soos bloed, want dis die kleur van die lipstiffie. Sy is blommetjies aan pluk in die land van newel waar daar nie Nancy Herringtons is nie.

„Ag, wat het ek my dierbare kind aangedoen om haar na hierdie huis te bring? Dottie, word wakker, stoute koei is nie meer hier nie. Hoe mooi is sy nie. Ag, moet my kind dan sterwe? Dottie, moet my nie alleen laat staan in die vreemde huis nie. Dit sal so eensaam wees. Dottie!"

Oom Gielie kom binne. Dis te veel vir die beproefde vrou. Sy storm op hom af en gooi haar arms om sy nek.

„Gielie, jy's so sterk. Help ons. Ek dink Dottie sal nie leef nie. Koei het haar drie keer gesteek met die horing," sê tant Bella deur die gesnik.

Oom Gielie sluit sy oë 'n slag dig toe. Hy skraap sy keel.

„Bring vir ons suikerwater, Bella," beveel hy.

„Suikerwater?" sê tant Bella soos een in 'n droom. „Suikerwater. Dis reg, suikerwater."

Weer skraap oom Gielie sy keel.

„Ja, roer suiker in 'n bietjie water," sê oom Gielie.

„Waar is hy?" vra Dot en maak haar oë oop.

Dorothy bedoel nou natuurlik Nancy Herrington. Sy raak histeries aan die huil.

Oom Gielie gaan self die suikerwater haal.

„Koei moet doodgeskiet word. Ek bly nie hier as jy koei nie doodskiet nie," sê tant Bella toe oom Gielie binnekom met die suikerwater. „Waar het koei jou gegaffel, Dottie? Ag, huil maar teen Ma se bors. Jy het nooit 'n vader geken nie. Pa, gaan jy koei doodskiet?"

„Egg'n . . . . drink die suikerwater, Dot. Drink alles uit."

Oom Gielie stap stilletjies uit die slaapkamer.

Kom ons bring 'n besoek aan die oorsaak van die hele gemors — Nancy Herrington. Na Freek haar 'n hou met die streepsak teen die boud geslaan het, het sy in die stal gestorm en dadelik aan die vreet gegaan. Kerrie-koeitjies is bekend vir hulle gesonde eetlus, maar Nancy is haar ras oor. Sy vreet merendeels altyd. Die stert word gewaai, die agterbene word gestamp solank soos die voorste end eet. Die oë is groot en blink. As daar ooit 'n veronregte kerrie-koeitjie was, dan is dit Nancy Herrington. Die sielkundiges vertel ons frustrasie word omgesit in eetlus. Nancy wou speel, Nancy is nie begryp nie en nou eet Nancy.

Oom Gielie Herrington kom die stal binne. Nancy swaai haar lyf hierdie kant toe om haar misnoeë te kenne te gee. Sy sug net en gryp 'n groot bek groen lusern.

„Vaalmuis, oubaas se koei, wat het jy tog aangevang? Nie so onbruikbaar wees nie, Vaalmuis."

Oom Gielie proe-proe met die lippe en druk die oë styf toe.

Nancy steek amper die hele gesig in die gekerfde lusern. Dan, met die groot bek vol lusern, kyk sy om na oom Gielie.

„Hier is vreemde mense op die werf, Vaalmuis. Ons moet ons gedra, of hoe sê ek nou, Vaalmuis?"

Oom Gielie krap die nek en toe gryp Nancy sommer die krip vol na die lusern. Oom Gielie bly so ingedagte langs haar staan.

Dit word vyf minute, dit word 'n kwartier en nog staan hy so met sy hand op Nancy se skof. Dan sug hy en stap buitentoe.

„Freek!" roep hy, „Freek, my ou jongie!"

„Ja, oubaas."

„Kom hier, ouste," en as Freek hom aanmeld, vervolg oom Gielie: „Freek, die kleinnooi het haar byna onkapabel geskrik vir Vaalmuis. Jy moet die hek na die land toe hou."

„Ja, oubaas. Oubaas, Vaalmuis wou net speel," sê ou Freek.

„Ek weet, Freek, ek weet. Die kleinnooi is nie bees gewoond nie. Hou tog maar die hekkie toe."

Oom Gielie is groot, maar op die oomblik help dit hom nie want hy voel hom klein en vir die oomblik verdwaas. Dit sal later anders wees, dink hy. 'n Mens raak alles later gewoond.

Hy dwaal vrugtebome toe; hy dwaal huis toe. Ou dr. Siekel is by Dot, en oom Gielie bly in die kamerdeur staan.

Ou dr. Siekel kry selde iets te doen op Soetwater. Die mense hier is taai en hulle is gesond. Sy laaste werkie was toe die kleinste Kannemeyer so een aanval na die ander van die kroep gekry het.

Die bejaarde dr. Siekel kom orent, skud sy kop en trek aan die onderlip.

„Hede, dokter, moenie sê die kind is siek nie," sê tant Bella ontsteld.

„Die inspuiting sal haar laat slaap. Die skok, mevrou weet. Vrouens is anders as ons. Senuwees. Rus. Dis wat sy nodig het. Twee pille vanaand, twee môreoggend. Sal liewers weer kom. Middag, oom Gielie. 'n Skok vir die vrouens. Twee pille vir mevrou vanaand. Kyk maar goed na hulle."

Ou dr. Siekel probeer om so geheimsinnig as moontlik te wees. Hierdie mense, wat nooit 'n siekte ken nie, is darem gelukkig bygelowig en hierdie bygelowigheid moet hy voed.

„Jy dink sy sal nie verder hulp nodig hê nie?" wil oom Gielie

weet. Hy is nie seker wat hy van die moles moet dink nie. Bella en Dot is darem nou sy verantwoordelikheid.

„Ag, Pa, julle moet tog vir haar doen wat julle kan. Ek het net die een ou dogtertjie," sê tant Bella.

Sy gooi haar kop teen die bors van oom Gielie Herrington. Hy hou 'n rukkie uit en sit toe sy arm om haar skouer.

„Veral rus," gaan ou dr. Siekel voort. Daar is niks wat vir hom wag nie. Op Soetwater is niemand tog haastig nie. „Moet maar sien. Mag nou 'n vrees vir die koeitjie hê. Weet nie. Koddig soms. Kan wees. Moet dan maar verkoop. Sê my as jy wil verkoop."

Oom Gielie neem lank om te antwoord. Hy skraap sy keel en sy blik rus lank op ou dr. Siekel.

„Daar is nie so 'n sprake nie," sê hy.

„Sê maar net. Ons sal nou sien. Mag haar vrees oorwen, mag ook nie."

„Ai, Pa, doen die ou gunsie vir my. Dottie is 'n senuweeagtige kind en sy het 'n groot skok gehad. Ai, sal Pa dan nie maar die ou koeitjie verkoop nie? Ek vra dit."

„Mevrou weet hoe sy netnou was, oom Gielie nie. Sal wenslik wees. Kan nog nie sê nie," sê dr. Siekel en maak aanstaltes om te gaan.

Hulle wag op oom Gielie. Hy knyp 'n slag sy oë toe, skraap sy keel en vroetel met die vingers in die onderbaadjiesak, regterhand onder.

„'n Mens besluit nie so haastig oor 'n saak nie," sê hy.

„Kan môre besluit. Twee dae vir haar in die bed. Kom môre weer. Goeiemiddag."

En so is ou dr. Siekel daar weg en die hooffigure in die drama bly op die erf agter, beskryf in die munisipale kantore as Erf no. 43, Bester-landgoed.

Dit het aand geword, nag, en toe breek 'n helder sonskyndag oor Soetwater. Almal weet al van Dot se ernstige siekte. Hetta

Ulman het al 'n klein emmertjie dikmelk oorgestuur, van die pastorie het 'n koue poeding gekom, oom Gawie Diepwater was self daar om te verneem en het vyf vroeë perskes vir die sieke uit sy baadjiesak gehaal terwyl ou tant Janie Tulle 'n trekseltjie wonderwortels vir die kind oorgestuur het. Almal was begaan en almal het raad gehad. Jaap Kannemeyer het laat weet dat hy die kerrie-koeitjie sal oorneem, maar sover ons weet, het hy tog nie stiefdogters nie. Selfs die weduwee Hoon het laat vra hoe dit met Dot gaan en of hulle genoeg mense het om snags te waak.

Hoe meer belangstellendes opgedaag het, hoe eensamer het dit vir oom Gielie geword. Hy het na Ansie begin verlang. Nie dat hy iets gesê het nie. Vrede, nee. Hy is nie 'n man wat sy kruis met ander deel nie. Eensaam soos vroeër het hy weer buite op die erf begin ronddwaal.

„Mother!" roep Dot en dan weer harder: „Mother!"

„Coming, darling-Dot," sê tant Bella uit die kombuis, knoop die rooi kamerjapon stywer om die lyf, gryp die nagjurkpunte wat so sleep, bymekaar en hier kom dit.

„Is my ou dingetjie-pingetjie wakker? Môre, liefling. Ag, George, sy is wakker," sê tant Bella en wie sy in die lug gesien het, weet ons nie. Hier is hoegenaamd geen George in die huis nie.

„Pass me my novel," gebied Dot.

As sy gisteraand baie siek was, het hulle darem nog kans gesien om die krulpenne in die hare te draai. Dot se kop lyk soos 'n hamerkopnes.

„Waar Dottie?" vra tant Bella en woerts die hele kamer vol sonder om die roman te vind.

„On the floor, Mother."

Dis altyd so. As Dot 'n Engelse roman lees, slaan sy gewoonlik oor na Engels, is om die waarheid te sê vir 'n tyd een van die karakters uit die roman. Sy lees nou *Six Lovers in Clover* van Ruby S. Bundle en is in haar verbeelding Sally Cowley, die

droomverlore heldin. Sally Cowley het ook 'n liefdesteleurstelling gehad nes sy en Sally het toe 'n mannehater geword tot sy die bedeesde Engelse volksraadslid, Peter Laurence, ontmoet het. Ewenwel sy gesels nou Engels.

Dot maak die sagteband boek oop om dadelik verdiep te raak.

„O, Dottie, jy het ons so die skrik op die lyf gejaag. Ag, my dierbare kind, is jy tog weer gesond?" vra tant Bella besorg.

„Roses; roses in bloom, roses everywhere. Sally loves them because she is still pure in heart. And like the dew on the velvet petals so are the teardrops in her wondrous eyes. Sally loves Peter, and Peter? Peter loves Sally," lees ons Dot.

„Koei sal moet gaan. Jou pa het haar vanoggend uitgejaag en sy het my so gekyk en ek het haar gekyk en gesê: ‚Koei, jy sal maar moet trewil.' Jy weet sy kyk my ook so snaaks aan. Ek sê: ‚Hede, koei, los my'," gesels tant Bella.

„ ‚Be strong, Peter," she said. „All women love strong men. So be strong. Come and lie in my arms and like Cleopatra of old I will fire thee with beauteous visions and wonderful dreams'."

„Hoee . . . ee!" sug Dot, om droomverlore teen die oorkantse muur te tuur. Dis tog te pragtig, dink sy.

„Voel jy weer sleg, Dottie?" wil tant Bella weet. „Ek sê, Dottie, praat met my. Voel jy weer sleg?"

„I will fire thee with beauteous visions and wonderful dreams!" sug Dot. „Wish I had an Englishman. They know how to make love," is haar versugting.

„O, ek dag jy voel weer sleg. Dottie, ek wil hê jy moet self met Pa praat. Hy sal doen wat jy sê. 'n Man kan nie vir so 'n mooi meisie nee sê nie. En jy is mooi, Dottie. Ag, George, my dierbare man, sy het baie mooi geword. O, vandag verlang ek weer so baie na jou!" sug sy oor haar vorige man.

Tant Bella wou 'n sakdoek voor die oë druk net om uit te vind dat sy nie een by haar het nie. Sy hou dan sommer die

nagjurk se punt voor die oë. Sy wou simpatie van Dot kry, maar Dot is by Sally Cowley in die klawerland en salig onbewus van tant Bella.

Toe tant Bella geen antwoord van haar dogter kry nie, het sy op haar tone uit die slaapkamer gestap om haar te gaan aantrek. Dis nou stil in oom Gielie Herrington se huis. Dottie sit mos by Sally en Peter en tant Bella is voor die spieël.

Laat ons nou sien waar die ander *dramatis personae* is. Oom Gielie het gemeen dis veilig om Vaalmuis 'n slag los te maak aangesien Dot tog in die bed is. Ek meen, jy en ek sou ook so geredeneer het. So het oom Gielie haar dan losgemaak, 'n plak op die boud gegee en haar aan haar eie vermake oorgelaat terwyl hy intussen lusern begin kerwe het.

Vaalmuis, of kom ons noem haar maar Nancy Herrington, was gewoond om rond te swerwe net waar die gees haar voer. In Ansie se dae het Nancy meer as een dag 'n tamatie by die kombuisdeur kom haal. Die huis was vir haar nie verbode terrein nie. Nancy Herrington het dan vanoggend 'n wyle onder die adamsvyeboom vertoewe, Freek 'n slag gevolg tot by die aartappelbedding net om daar verjaag te word. Met haar siel onder haar voorblad het sy 'n swaai by die hoenderhok gemaak en met haar breë bek, groot, ronde oë en die kort bakhorings die hoenders bekyk, maar wat sy gesien het, het haar nie aangestaan nie. Nancy is geselskap gewoond. Sy mis Ansie om die waarheid te sê. So stap sy kombuisdeur toe om Ansie en die tamatie te gaan opsoek.

Toe tant Bella haar kom kry, staan Nancy Herrington amper halflyf in die kombuis. Nou ja, sê dan maar die kop was oor die onderdeur.

Tant Bella laat nie met haar speel nie.

„Koei," sê sy en gryp 'n worspan, „koei, ek is nie Dot nie. Jou harspan slaat ek in," en sy probeer die daad by die woord voeg.

Nancy kon dit glad nie verstaan nie. 'n Mens kom met 'n

palmtak en met groot liefde in jou hart na die kombuisdeur en dan word jy so behandel. Sy het teruggetree en tant Bella verwytend aangekyk.

„Sjuut, koeis!" het tant Bella gesjuut en gewaai en Nancy, soos sy meen, verdryf.

Toe val dit Nancy by dat Ansie soms deur die kamervenster met haar gesels en haar kop gekrap het. Met die edelste van bedoelinge stap sy dan na Dot se kamervenster.

Dot is op hierdie oomblik by Sally Cowley en Peter Laurence waar die twee op die groot grasperk voor Peter se moeder se yslike woning lê. Dit klink 'n bietjie deurmekaar, maar die betekenis is eenvoudig. Sally lê op die grasperk by Peter en luister na die sonnette van Shakespeare wat hy vir haar voordra. Haar oë is gesluit en sy luister na die haas volmaakte stem van Peter Laurence wat uit 'n volmaakte liggaam kom en vir 'n volmaakte nooi voordra.

„Mine eye and heart are at a mortal war,
How to divine the conquest of thy sight;
Mine eye my heart thy picture's sight would bar,
My heart mine eye the freedom of that right."

Dot sit die boek, *Six Lovers in Clover,* van Ruby S. Bundle op haar bed neer, sug, en raak aan die droom. Sally het ook swaar gehad, Sally het ook 'n liefdesteleurstelling gehad, maar kyk wat het vir haar gewag! Eendag, eendag sal haar Peter Laurence ook kom en hulle sal saam op 'n grasperk lê.... hier sal dit onder die peerboom moet wees by gebrek aan 'n grasperk. Hy sal 'n Engelsman wees.... Engelse is so wonn - - - derlik en so hoflik en hulle lees vir 'n mens uit Shakespeare voor ... en ...

Moee - - - ee bulk Nancy Herrington wat darem nou al lank genoeg gewag het.

Vir die tweede keer in vier-en-twintig uur gil Dot Costa soos

Dot alleen kan gil as 'n koei twee tree van haar af bulk. Toe raak die wêreld swart voor Dot Costa van tant Bella Jurien, ekskuus Herrington, se oë.

„Freek," sê oom Gielie Herrington die agtermiddag van dieselfde dag, „Freek, my ou jongie, jy moet 'n werkie vir my doen."

„Ja, oubaas?" vra Freek en steek die graaf in die grond vas.

„Jy moet Vaalmuis se halter aansit en dan vat jy haar na dr. Siekel," gebied oom Gielie op sy rustige manier.

„En dit om te hoeke, oubaas?"

Oom Gielie knyp sy oë 'n slag styf toe.

„Baas Siekel het haar gekoop. Kleinmies Dot het haar vanoggend weer morsdood geskrik vir ons koeitjie, Freek, my ou jongie."

„Oubaas, ons kon haar in die kamp gehou het . . . ."

„Freek, maak soos ek sê!" gebied oom Gielie en vervolg dan soos een wat spyt het oor sy haastige woorde: „Ons is nie meer alleen op die erf nie, Freek. 'n Mens kan nie altyd maak soos jy wil nie. Vat haar sommer nou, Freek, my ou jongie."

Nancy Herrington staan en vreet in die stal. Salig onbewus van die onheil wat op haar wag, hap sy groot mondevol gekerfde lusern, gooi haar lyf om toe Freek in die stal kom om al gulsiger te vreet. Sy kyk net 'n slag om na Freek — die klein kerrie-koeitjie van oom Gielie Herrington. Die oë is groot en die bek wyd en as 'n mens haastig kyk, maar dan moet dit haastig wees, lyk sy nogal iets na Dot en tant Bella. Die stert waai, sy stamp met die voorpote en toe Freek haar wil uitlei, gryp sy nog vir laas 'n paar bekkevol lusern.

Oom Gielie bly onder die adamsvyeboom staan en kyk tot Nancy Herrington en Freek by ou Nolski om die hoek verdwyn. Toe sug hy en gaan om die staldeur toe te maak . . . .

Dit is die eenvoudige verhaal van Nancy Herrington.

LEES OOK

DIE WA-AS

Hierdie bundel bevat vier pragtige novelles wat regstreeks aansluit by Mikro se beste werk. Daar is oortuigende werklikheidsbeelding, daar is tragiek, en daar is van die suiwerste, innigste humor wat ons in lange jare in Afrikaans gekry het.

(Posvry 8s. 9d.)

DIE HOUTSWAAN

Nog 'n bundel novelles, waarvan die titelverhaal 'n vervolg is op die kostelike „Nag, Mattewis". Dit is nog 'n stuk prosa om voor dankbaar te wees. Mikro se oom Gawie Diepwater, tant Naatjie en tant Jaatjie, oom Gielie Herrington en tant Bella is nie snaakse mense nie, maar lewende, werklike mense wat ons intiem leer ken en leer liefkry.

(Posvry 11s. 9d.)

By alle boekhandelaars verkrygbaar

NASIONALE BOEKHANDEL
BEPERK

DIE PORSELEINKAT ★ MIKRO